Wes-Kaapse
Regering




Departement van Kultuursake en Sport

# Strategiese Plan 2025/26 – 2029/30

# Departement van Kultuursake en Sport

## Strategiese Plan 2025/26 – 2029/30

**Wes-Kaap**

**Maart 2025**

In die geval van vertaalfoute tydens die vertaling van die dokument word die Engelse weergawe van hierdie verslag, as brontaal, as die amptelike teks beskou.

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| VERKLARING DEUR UITVOERENDE GESAG | | 3 |
| VERKLARING DEUR REKENPLIGTIGE BEAMPTE | | 5 |
| AMPTELIKE AFTEKENING | | 9 |
| AKRONIEME | | 10 |
| DEEL A: ONS MANDAAT | | 12 |
| 1. | Bywerkings tot die tersaaklike wetgewende en beleidsmandate | 12 |
| 1.1 | Grondwetlike mandate | 12 |
| 1.2 | Wetgewende en beleidsmandate | 15 |
| 1.3 | Beleidsmandate | 21 |
| 2. | Bywerkings tot institusionele beleid en strategieë | 53 |
| 2.1. | Institusionele benaderings | 53 |
| 2.2. | Diensleweringverbeteringsplan | 60 |
| 2.3. | Beplande beleidsinisiatiewe | 60 |
| 3. | Bywerkings tot tersaaklike hofuitsprake | 61 |
| DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS | | 63 |
| 1. | Visie | 63 |
| 2. | Missie | 63 |
| 3. | Waardes | 63 |
| 4. | Bygewerkte situasie-ontleding | 63 |
| 4.1. | Ontleding van die eksterne omgewing | 63 |
| 4.2. | Ontleding van die interne omgewing | 72 |
| DEEL C: METING VAN ONS PRESTASIE | | 86 |
| 5. | Institusionele prestasie-inligting | 86 |
| 5.1. | Meting van die impak | 86 |
| 5.2. | Meting van uitkomste | 86 |
| 5.3. | Uiteensetting van beplande prestasie oor die vyfjaarbeplanningstydperk | 87 |
| 6. | Sleutelrisiko's | 89 |
| 7. | Openbare entiteite | 91 |
| DEEL D: BESKRYWING VAN TEGNIESE AANWYSERS | | 92 |
| BYLAE A: DISTRIKONTWIKKELINGSMODEL | | 98 |
| BYLAE B: IKT | | 99 |

# VERKLARING DEUR UITVOERENDE GESAG

Die voorlegging van die Departement se 2025-2030 Strategiese Plan is 'n bevestiging van ons verbintenis om inklusiewe ruimtes te skep wat persoonlike groei, maatskaplike samehang en ekonomiese geleentheid bevorder. Hierdie strategie sit ons visie uiteen: 'n maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en gekonnekteerde Wes-Kaap.

Die strategie stem ooreen met die Provinsiale Strategiese Plan, veral in die portefeuljes van (1) *Groei-vir-Werk,* (2) *Opgevoede, Gesonde en Sorgsame Samelewing*, (3) *Veiligheid* en (4) *Innovering, Kultuur en Bestuursoorsig*, om 'n holistiese benadering te skep wat geleenthede vir al ons inwoners moontlik maak.

Ons prioriteite maak 'n impak en is noodsaaklik: ons herverbeel die rol van openbare biblioteke, prioritiseer sport- en ontspanningsprogramme vir leerders, versterk ons kultuur- en erfenis-aanbiedings, en bevorder 'n aktiewe omgewing waarin jongmense kan floreer. Fiskale volhoubaarheid is noodsaaklik om te verseker dat geteikende dienslewering nie alleen haalbaar is oor die kort termyn nie, maar dat dit oor die medium tot lang termyn gehandhaaf kan word. Vir hierdie doel, en in vennootskap met openbare biblioteke in munisipaliteite, sal ons sinergieë tussen biblioteke, museums, argiewe en taaldienste verken ten einde hierdie dienste onder een dak aan te bied (waar moontlik), met 'n bestaande museum of bestaande biblioteek wat as 'n middelpunt funksioneer. Hierdie Kunste-, Taal-, Museum-, Argief- en Biblioteeksentrums (ALMAL-sentrums) is geïntegreerde ruimtes waar gemeenskappe toegang tot 'n verskeidenheid dienste kan kry om te leer, te skep en te verbind. Ons poog om deur middel van sulke nuwe diensleweringsmodelle dié ruimtes toeganklik, digitaal geïntegreer en reagerend op die behoeftes van die 21ste eeu te maak.

Erfenisbewaring en -viering bly uiters belangrik vir ons identiteit. Met kultuurbewaring wat by ekonomiese ontwikkeling geïntegreer word, balanseer ons groei met erfenis. Ons sal ter erkenning aan die betekenis van San- en Khoi-erfenis in die Wes-Kaap aanhou om inheemse tale en kultuur te bevorder om ons oorsprong te vereer en inklusiewe vordering aan te moedig.


Ons werk met kinders en die jeug vorm die kern van ons missie. Ons verskaf deur middel van gestruktureerde naskoolse aktiwiteite veilige ruimtes wat aan jongmense 'n grondslag vir akademiese en persoonlike groei aanbied. Die MGO-program, tesame met inisiatiewe soos YearBeyond, klubontwikkeling en openbare biblioteke, versterk opvoedkundige paaie, magtig portuurnetwerke en voorsien kinders en jongmense van geleenthede om hul talente in sport, kuns en kultuur te ontdek.

Ons beskou ook geleenthede en toerisme as uiters belangrik vir ons ekonomiese landskap. Ons oogmerk is om die posisie van die Wes-Kaap as die kulturele en sportmiddelpunt van Afrika te handhaaf deur middel van uiteenlopende geleenthede en feeste wat belegging lok en werk skep.

Soos ons hierdie nuwe beplanningsiklus betree, sal die DKES voortgaan om impak in elke munisipaliteit aan te dryf en sport- en kultuurgeleenthede te lewer wat lewens verryk en gemeenskappe bemagtig. Gelei deur 'n verbintenis tot voortreflikheid en inklusiwiteit, sien ons uit na vennootskappe met belanghebbendes in die regering en die samelewing om die volle potensiaal van die Wes-Kaap te ontsluit. Tesame sal ons 'n provinsie bou waar erfenis, sport en

kultuur nie net gevier word nie, maar as hoekstene van 'n positiewe en volhoubare toekoms sal dien.

Ons verbintenis tot transformasie, insluiting en die krag van kultuur en sport as 'n verenigende mag sal ons op die pad vorentoe lei. Ons lê saam met ons vennote die grondslag vir 'n Wes-Kaap wat billiker, aktiewer en meer betrokke is.



**RICARDO MACKENZIE, LPP**

**UITVOERENDE GESAG VAN KULTUURSAKE EN SPORT**

**MAART 2025**

# VERKLARING DEUR REKENPLIGTIGE BEAMPTE

Die Departement belyn die lewering van sy statutêre dienste (grondwetlike mandate) met die prioriteite wat uiteengesit word in die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP), die Mediumtermyn-ontwikkelingsraamwerk (MTOR) en die Provinsiale Strategiese Plan (PSP). Die Provinsiale Strategiese Plan bied 'n uiteensetting van die strategiese oogmerke en prioriteite van die Wes-Kaapse Regering vir die volgende vyf jaar (2025-2030). Een van die belangrike en transformerende kenmerke van PSP 2025-2030 is transversaliteit, deurdat dit integrasie en samewerking oor alle provinsiale departemente asook 'n hele-samelewing-benadering bevorder om komplekse uitdagings te behandel volgens transversale reaksies wat in vier gebiede van integrasie verdeel is:

1. **Huishoudings en menslike ontwikkeling** – Huishoudings floreer in omgewings wat veiligheid, gesondheid, lewenslange ontwikkeling en selfvoorsiening bevorder,
2. **Samehangende gemeenskappe** – Gemeenskappe is veilig, sorgsaam en veerkragtig,
3. **Jeugbemiddeling en -paraatheid** – Jongmense is toegerus om aan die samelewing, ekonomiese geleenthede en lewenslange leer deel te neem, en
4. **Ekonomiese en groeigeleenthede** – 'n Groeiende provinsiale ekonomie wat toenemende geleenthede aan mense en besighede bied.

Daar is wêreldwyd 'n groeiende gevoel van fragmentasie van die samelewing, en as daar vorentoe gekyk word na die volgende dekade, tel *ongelykheid* en *polarisasie van die samelewing* steeds onder die top 10 risiko's. Dit is 'n belangrike paar risiko's om dop te hou, gegewe hoe dit verband kan hou met voorvalle van maatskaplike onstabiliteit wat in binnelandse politieke onbestendigheid kan ontaard.

Die *agteruitgang van maatskaplike samehang* is oor die afgelope vyf jaar as 'n belangrike globale risiko deur die Wêreld Ekonomiese Forum gevlag. In die *World Economic Forum Global Risk 2025*-verslag is *polarisasie van die samelewing* weereens as 'n sleutelrisiko aangedui en word 4de (volgens erns) oor die kort termyn (twee jaar) en 8ste oor die lang termyn (10 jaar) gegradeer.

Ten einde ons rol in die versagting van hierdie risiko's te speel, sal die herposisionering van die rol van kuns, kultuur, sport en ontspanning as 'n grondslagdiens 'n sleutelfokusarea vir hierdie tydperk wees. Dit beklemtoon dat hierdie dienste 'n onmiskenbare deel van die maatskaplike stelsel is met hul eie onderskeie sistemiese bydraes op 'n hele-samelewing-vlak, 'n noodsaaklike eienskap van leefbaarheid is en as 'n bron van individuele en gemeenskaplike verbondenheid bydra tot ons visie van 'n maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en gekonnekteerde Wes-Kaap.

Maatskaplike samehang, tesame met maatskaplike insluiting, is die gom wat 'n samelewing saambind en ons benadering in die komende tydperk inlig. Die Departement se nuwe uitkomste – die 3 P's – kontekstualiseer al die doelwitte wat hier bo beskryf word en belyn alle departementele programme om die impak van ons werk te maksimeer. Die nuwe uitkomste is gegrond op die behoeftes van ons sektor, en nie die programstruktuur van ons begrotingspos nie. Dit sal duplisering voorkom en die impak van ons pogings en beleggings verhoog. Die uitkomste is soos volg:




As stroomop- of voorkomende intervensies beklemtoon sport, kuns en kultuur proaktiewe benaderings tot ’n gesonde, opgevoede en veerkragtige samelewing. Deur aktiwiteite soos liggaamlike oefening, artistieke uitdrukking en kulturele praktyke te integreer, kan individue veerkragtigheid bou en probleme voorkom voordat dit opduik. Hierdie metodes bevorder holistiese gesondheid en ’n positiewe leefstyl wat ooreenstem met die konsep van stroomop-optrede eerder as om net stroomaf te reageer as probleme reeds opgeduik het.

Hierdie lewensloop-tipe benadering is belangrik om die welstand en ontwikkeling van individue in elke stadium van die lewe te verbeter deur betrokkenheid by kulturele, sport- en ontspanningsaktiwiteite te bevorder. Deelname aan sport, kuns en kultuur as belangrike maatskaplike grondslagaktiwiteite het ’n positiewe uitwerking op fisiese, geestelike en maatskaplike gesondheid deur:

1. Die aanbieding van geleenthede vir liggaamlike aktiwiteit en oefening wat die risiko van chroniese siektes en NOS’e kan verminder.
2. Die versterking van maatskaplike verbindings en die vermindering van maatskaplike afsondering – wat belangrik is vir geestesgesondheid.
3. Die bevordering van selfuitdrukking, kreatiwiteit en emosionele welstand.
4. Die ontwikkeling van ’n gevoel van samehorigheid en gemeenskapsidentiteit.

Hierdie intervensies moet toeganklik en inklusief wees ten einde doeltreffend te wees, en moet hindernisse soos koste, vervoer en kulturele relevansie behandel. Terwyl deelname aan sport, kuns en kultuur dus as ’n stroomop-intervensie beskou kan word – met die potensiaal om gemeenskapsgesondheid te verbeter – moet dit as deel van ’n omvattende strategie geïmplementeer word binne ’n stelsel wat ook aandag skenk aan die ander maatskaplike

determinante van gesondheid, soos onderwys, werkgeleenthede en behuising.

Die Departement sal in ooreenstemming hiermee voortbou op sy Bestuurde Netwerkmodel en sy waardegebaseerde bestuursvermoëns versterk om doeltreffendheid en doelmatigheid in samewerking met ander belanghebbendes te verbeter. Die doel van die bestuurde netwerk is sodat die DKES sy strategiese oogmerke en doelwitte kan bereik – deur nie al die nodige funksies intern uit te voer nie, maar eerder deur die ontwikkeling van 'n stel gestruktureerde verhoudinge met 'n reeks strategiese vennote in die openbare, privaat en NRO-sektor. Een van die sleutelfokusareas binne die konteks van die Bestuurde Netwerkmodel sal oor die volgende vyf jaar die afhandeling van die Wetsontwerp op Openbarebiblioteekdienste vir die Wes-Kaap wees. Dit is noodsaaklik vir die daarstelling van 'n formele raamwerk wat openbare-biblioteekdienste in die streek steun, versterk en beskerm en in samewerking met munisipaliteite gelewer word.

Wanneer dit kom by die voorkoming van probleme of stroomop-optrede in komplekse stelsels, is dit uiters noodsaaklik om die regte punte van aanwending te vind. Ons het die volgende punte van aanwending geïdentifiseer om ons sleutel- strategiese fokusareas wat hier bo uiteengesit is, te bevorder:

1. **Herverbeelding van biblioteke** – Dit is 'n nuwe diensleweringsmodel wat bedoel is om biblioteke in die 21ste eeu te transformeer van konvensionele biblioteke na geïntegreerde ruimtes wat digitale dienste (e-boeke, ens.), fisiese gemeenskap-sentrums, maatskaplik inklusiewe ruimtes, kultuurbewaring, innovering en kreatiwiteit insluit (ruimtes vir makers, innoveringslaboratoriums en kreatiewe ateljees). Ons wil hê dat ons biblioteke Gemeenskapskunssentrums en die middelpunt van kreatiewe uitdrukking moet word – van die opvoering van digkuns en gemeenskapsteater tot die verskaffing van platforms vir die ontwikkeling van nuwe denkleiers en skrywers.

2. **Erfenis Wes-Kaap** – Bevorder Erfenis Wes-Kaap om kultuurerfenis te bewaar en terselfdertyd ontwikkeling en werkskepping te bevorder. Die integrering van erfenis-bewaring in ontwikkelingsplanne verseker dat groei en modernisering nie ten koste van kulturele en historiese bates plaasvind nie.


3. **Vernuwing van skoolsport** – Dra by tot die holistiese ontwikkeling van leerders – van gesondheid en fiksheid, akademiese prestasie, sosiale vaardighede, insluiting en geestesgesondheid tot talentontwikkeling.

4. **Sport- en kulturele geleentheidsentrums van Afrika** – Stimuleer ekonomiese groei en werkskepping deur beleggings te verseker om geleenthede in ontspanning, sport, kultuur, rolprente, kuns en erfenis in die Wes-Kaap te bevorder.

5. **Kultuur en erfenis wat deur taal- en kultuurbeskerming gehandhaaf word** – Taal en kultuur speel 'n deurslaggewende rol in die beveiliging van ons erfenis. Die beskerming en verhoging van die status van inheemse tale en ons kultuur, veral dié van die San- en Khoi-volke wie se gebruik en erkenning histories verminder het, verseker die voortbestaan en vooruitgang van ons kultuurerfenis. Die bevordering van die gebruik van inheemse tale en ons kultuur is in die Wes-Kaap uiters belangrik vir die behoud van die ryk tapisserie van ons kollektiewe geskiedenis en identiteit, en om gebiede van gemeenskaplike waarde te ontdek en benut om eenheid van doel te bou.

Die Departement sal dus gedurende die 2025-2030-tydperk van die Strategiese Plan voortgaan om daarna te streef om die toestande te skep waar individue en gemeenskappe toegang tot en geleenthede vir deelname aan die samelewing kan hê, onderstut deur goeie bestuursoorsig wat sterker dienslewering en implementering van programme steun.

Met die bewese verbintenis van die DKES-span, die toegewyde steun van die DKES-stelsel van vennote en die leiding wat deur die Minister verskaf word, sal ons in 'n fiskaal-beperkte omgewing innoverende dienste tot voordeel van die mense van die Wes-Kaap lewer.



**GUY REDMAN**

**REKENPLIGTIGE BEAMPTE VAN DIE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT**

**MAART 2025**

# AMPTELIKE AFTEKENING

Hiermee word verklaar dat hierdie Strategiese Plan:

- saamgestel is deur die bestuur van die Departement van Kultuursake en Sport onder leiding van Minister Ricardo Mackenzie;
- ag slaan op alle tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Departement van Kultuursake en Sport verantwoordelik is; en
- 'n akkurate weerspieëling is van die impak, uitkomste en uitsette wat die Departement van Kultuursake en Sport sal poog om oor die tydperk 2025-2030 te bereik.



**Brenda Rutgers**
**Programbestuurder 1** — **Handtekening**



**Dr. Carol van Wyk**
**Programbestuurder 2 & 3** — **Handtekening**



**Dr. Lyndon Bouah**
**Programbestuurder 4** — **Handtekening**



**Brenda Rutgers**
**Hoof- Finansiële Beampte** — **Handtekening**



**Shaun Julie**
**Direkteur: Strategiese en Bedryfsbestuursteun** — **Handtekening**



**Guy Redman**
**Rekenpligtige Beampte** — **Handtekening**



**Goedgekeur deur:**
**Ricardo Mackenzie**
**Uitvoerende Gesag** — **Handtekening**

# AKRONIEME

| | |
|---|---|
| 4IR | Vierde Industriële Revolusie |
| AERP | Algemeen erkende rekeningkundige praktyk |
| ALMAL | Kuns-, Taal-, Museum-, Argief- en Biblioteeksentrums |
| AtoM | Access to Memory |
| CASMIS | Die bestuursinligtingstelsel van Kultuursake en Sport |
| Ce-I | Sentrum vir e-Innovering |
| DB | Diensbillikheid |
| DBVO | Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing |
| DLVP | Diensleweringverbeteringsplan |
| DMO | Departement van Maatskaplike Ontwikkeling |
| DOM | Distrikontwikkelingsmodel |
| DPG | Departement van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid |
| DSA | Departement van Staatsdiens en Administrasie |
| DSKK | Departement van Sport, Kuns en Kultuur (nasionale departement) |
| EWK | Erfenis Wes-Kaap |
| GBBP | Gebruikerbatebestuursplan |
| GGGV | Geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord |
| GWM&E System | Regeringswye monitering- en evalueringstelsel |
| HFB | Hoof- Finansiële Beampte |
| HVAC | Verhitting, ventilasie en lugversorging |
| ICA | Internasionale raad oor argiewe |
| IKT | Inligting-en-kommunikasietegnologie |
| IRV | Interregeringsverhoudinge |
| IVD | Internet van Dinge |
| KKB | Kultuur- en kreatiewe bedrywe |
| LPP | Lid van die Provinsiale Parlement |
| LUR | Lid van die [Provinsiale] Uitvoerende Raad (provinsiale Minister) |
| MGO | Massadeelname; geleentheid en toegang; ontwikkeling en groei |
| M&E | Monitering en evaluering |
| MH | Menslike Hulpbronne |
| MTOP | Mediumtermynontwikkelingsplan |
| MTUR | Mediumtermynuitgaweraamwerk |
| NEET | Nie in onderwys, diens of opleiding nie |
| NER | Nasionale Erfenisraad |
| NKR | Nasionale Kunsteraad |
| NOP | Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie 2030 |
| NOS | Nieoordraagbare siektes |
| NRO | Nieregeringsorganisasie |

| | |
|---|---|
| NSOP | Nasionale Sport- en Ontspanningsplan |
| NSP | Naskoolse Program |
| NSSW | Naskool-Spelwisselaar |
| OGSS | Opgevoede, Gesonde en Sorgsame Samelewing |
| OIB | Ondernemingsinhoudbestuur |
| ORB | Enterprise Risk Management |
| OSW | Instelling sonder winsoogmerk |
| PanSAT | Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad |
| PGHA | Probleemgedrewe herhalende aanpassing |
| PK | Provinsiale kennisgewing |
| PKLB | Landelike Biblioteekkonnektiwiteitprojek |
| PMG | Persone met gestremdhede |
| PSIP | Provinsiale Strategiese Implementeringsplan |
| PSP | Provinsiale Strategiese Plan |
| PTK | Provinsiale Taalkomitee van PanSAT |
| RSA | Republiek van Suid-Afrika |
| SAEHA | Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne-agentskap |
| Saskok | Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee |
| SCMPP | Siyadlala-program vir massadeelname deur gemeenskappe |
| SITA | Staatsinligtingstegnologie-agentskap |
| SKP | Sakekontinuïteitsplan |
| SLIMS | SITA-biblioteek- en inligtingbestuurstelsel |
| SOSA | Sport en Ontspanning Suid-Afrika (SOSA) (nou Departement van Sport, Kuns en Kultuur) |
| SSMDP | Skoolsport Massadeelnameprogram |
| UNESCO | Verenigde Nasies se organisasie vir onderwys, wetenskap en kultuur |
| UOWP | Uitgebreide-openbarewerkeprogram |
| VKB | Voorsieningskettingbestuur |
| VKEO | Vaste kapitaal en eiendomsontwikkeling |
| WBE | Weerstand- en Bevrydingserfenisroete |
| WK | Wes-Kaap |
| WKKK | Wes-Kaapse Kultuurkommissie |
| WKOD | Wes-Kaap Onderwysdepartement |
| WKPKGN | Wes-Kaapse Provinsiale Komitee oor Geografiese Name |
| WKR | Wes-Kaapse Regering |
| WKTK | Wes-Kaapse Taalkomitee |
| WNEH | Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 |
| WOFB | Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 |
| WOSA | Hele-samelewing-benadering |
| WVI | Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks) |
| WVMK | Wieg van Menslike Kultuur |

# DEEL A: ONS MANDAAT

## 1. Bywerkings tot die tersaaklike wetgewende en beleidsmandate

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) beskou as bindend die wetgewende mandaat waarop sy algehele funksionering berus, veral doeltreffende, billike en toeganklike dienslewering, gegrond op die nasionale regering se Witskrif oor Transformasie van Openbare Dienslewering, die *Batho Pele*-inisiatief. Die DKES funksioneer binne die wetgewende en beleidsmandate wat in die tabelle hier onder beskryf word.

### 1.1 Grondwetlike mandate

| Artikel | Beskrywing |
|---|---|
| **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996** | |
| Artikel 6(3), (4) en (5): Taal | Die Wes-Kaapse Regering (WKR) moet deur middel van wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van amptelike tale reguleer en moniteer. Alle amptelike tale moet gelyke aansien geniet en billik behandel word. Die Wes-Kaapse Taalkomitee (WKTK) en die DKES werk saam met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad om die drie amptelike tale van die Provinsie (PanSAT) te bevorder en om toestande vir die ontwikkeling en gebruik van die Khoi-, Nama- en San-tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal te skep. Die WKTK is in oorleg met die DKES verantwoordelik daarvoor om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid wat in 2001 aanvaar is, te monitor en te evalueer, en moet minstens een keer per jaar aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor hierdie mandaat verslag doen. Die DKES hou toesig oor die WKTK en verskaf administratiewe en finansiële steun aan ie komitee. |
| Artikel 28(1) en (2) | Die DKES fasiliteer geleenthede, hulpbronne en infrastruktuur wat kinders nodig het om binne veilige en koesterende omgewings deel te neem aan liggaamlike aktiwiteite, sport, biblioteke, museums, ontspanning en speel. Dit word bereik deur verskeie programme wat verband hou met Sport, Ontspanning, Kuns en Kultuur – wat aan kinders geleenthede bied om binne 'n veilige en koesterende omgewing liggaamlik aktief te wees. |
| Artikel 30: Taal en kultuur | Die DKES fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hul taal- en kultuurregte uit te oefen deur die programme en projekte wat deur die Departement aangebied en gesteun word. |
| Artikel 31: Kultuur-, godsdiens- en taal-gemeenskappe | Die DKES moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele en taalkundige diversiteit van die Wes-Kaapse bevolking respekteer. |
| Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregerings-betrekkinge | Die DKES werk saam met alle vlakke van regering. Wat die spesifieke mandate betref, werk die DKES nou saam met die nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur (DSKK), die nasionale departement verantwoordelik vir sport en ontspanning; nasionale en provinsiale openbare entiteite; en munisipaliteite in die Wes-Kaap. |

| Artikel | Beskrywing |
|---|---|
| Artikel 126: Toewysing van funksies | ’n Lid van die Uitvoerende Raad van ’n provinsie kan enige bevoegdheid of funksie wat ingevolge ’n Parlementswet of ’n provinsiale Wet uitgeoefen of verrig moet word, aan ’n munisipale raad toewys. |
| Artikel 156(4): Toewysing van bevoegdhede | Die DKES moet by wyse van ’n ooreenkoms en behoudens enige toepaslike voorwaardes die administrasie van ’n aangeleentheid wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 gelys word en wat noodsaaklikerwys op plaaslike regering betrekking het, aan ’n munisipaliteit toewys of delegeer indien—<br>• daardie aangeleentheid die doeltreffendste plaaslik geadministreer sou kon word; en<br>• die munisipaliteit die vermoë het om dit te administreer. |
| Bylae 4: Funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid | Kultuuraangeleenthede:<br>• Die DKES werk nou saam met die DSKK en verwante staatsorgane rakende konkurrente kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede.<br>Taalbeleid en die regulering van amptelike tale, in soverre die bepalings van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Provinsiale Wetgewer opdra:<br>• Die DKES werk nou saam met die DKK en verwante staatsorgane rakende taalbeleidsaangeleenthede. |
| Bylae 5: Funksionele gebiede van eksklusiewe provinsiale wetgewende bevoegdheid | Argiewe buiten nasionale argiewe:<br>• Die DKES het ’n mandaat om provinsiale wetgewing rakende argiewe buiten nasionale argiewe op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens.<br>Biblioteke buiten nasionale biblioteke:<br>• Die DKES het ’n mandaat om provinsiale wetgewing rakende biblioteke buiten nasionale biblioteke op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en om nou saam te werk met openbare biblioteekowerhede om ’n openbare biblioteek- en inligtingsdiens te lewer.<br>Museums buiten nasionale museums:<br>• Die DKES het ’n mandaat om eksklusiewe provinsiale wetgewing rakende museums buiten nasionale museums op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die provinsiale Museumdiens, om nou saam te werk met geaffilieerde museums en om hierdie museums te steun.<br>Provinsiale kultuuraangeleenthede (met inbegrip van erfenishulpbronbestuur en geografiese name):<br>• Die DKES voorsien Erfenis Wes-Kaap (EWK) – die provinsiale erfenishulpbron-gesag wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (WNEH) ingestel is – van personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe steun om sy wetlike mandaat uit te voer en te administreer. Die LUR (Lid van die [Provinsiale] Uitvoerende Raad) stel die Raad van EWK aan en is die aangestelde erfenisappèlgesag vir die Wes-Kaap.<br>• Die DKES verskaf professionele en ander steun aan die Wes-Kaapse Komitee oor Provinsiale Geografiese Name (WKKPGN) om openbare konsultasie in verband met die standaardisering van en veranderinge aan geografiese name te fasiliteer. Ná afhandeling van konsultasie doen die provinsiale komitee aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name. |

| Artikel | Beskrywing |
| --- | --- |
| | Sport:<br>• Die DKES het 'n mandaat om te help om 'n magtigende omgewing vir provinsiale sport- en ontspanningsaktiwiteite te skep. |
| Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie reguleer | DKES-amptenare moet voldoen aan die bepalings van artikel 195 wat 'n beskrywing gee van die demokratiese waardes en beginsels wat openbare amptenare reguleer. Artikel 195(1)(b) vereis die bevordering van die doeltreffende, ekonomiese en doelmatige benutting van hulpbronne. Dit impliseer dat programme wat in die openbare sektor onderneem word, maksimum voordele teen die laagste moontlike koste moet lewer. |
| Artikel 92 en 133 | Artikel 92 bepaal dat lede van die Kabinet gesamentlik en afsonderlik aan die Parlement verantwoordbaar is vir die uitoefening van hul bevoegdhede en die uitvoering van hul funksies, en dat hulle die Parlement van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hulle beheer moet voorsien.<br>Artikel 133 bepaal dat LUR'e van 'n provinsie gesamentlik en afsonderlik aan die provinsiale wetgewer verantwoordbaar is vir die uitoefening van hul bevoegdhede en die uitvoering van hul funksies, en dat hulle die wetgewer van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hulle beheer moet voorsien. |
| **Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1998)** | |
| Artikel 5 | Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Regering:<br>• moet die amptelike tale van die Provinsie, naamlik Afrikaans, Engels en isiXhosa, gebruik word; en<br>• moet hierdie tale gelyke aansien geniet.<br>Die WKR moet deur wetgewing en ander maatreëls die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa reguleer en moniteer.<br>Die WKR moet ook praktiese en positiewe maatreëls instel om die aansien van die inheemse tale van die mense van die Wes-Kaap, waarvan die status en gebruik histories verminder is, te verhoog en die gebruik daarvan bevorder. |
| Artikel 70 | Provinsiale wetgewing moet binne die beskikbare hulpbronne van die Wes-Kaapse Regering voorsiening maak vir die instelling en redelike befondsing van 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die Provinsie wat 'n algemene kultuur- en taalerfenis deel.<br>Registrasie van en steun aan kultuurrade:<br>• Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) is gelas met die registrasie van en steun aan geregistreerde kultuurrade. Die DKES hou toesig oor die WKKK en voorsien die kommissie van administratiewe en finansiële steun. |
| Artikel 81 | Die Wes-Kaapse Regering moet aktief beleidsrigtings aanvaar en implementeer om die welsyn van die mense van die Provinsie te bevorder en te handhaaf, insluitend beleidsrigtings wat daarop gerig is om die volgende te bereik:<br>• die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, geloofs- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap;<br>• die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap ten bate van huidige en toekomstige geslagte;<br>• die skepping van werkgeleenthede;<br>• 'n omgewing waarin alle kinders geleenthede en fasiliteite ontvang om op 'n gesonde wyse en in toestande van vryheid en waardigheid te ontwikkel;<br>• die inkrementele ontwikkeling en bevordering van jeugdiges.<br>Die DKES implementeer spesifieke beleide om hierdie bepalings te steun. |

| Artikel | Beskrywing |
|---|---|
| Artikel 82 | Die rigtinggewende beginsels van provinsiale beleid in Hoofstuk 10 (artikel 81) rig die Wes-Kaapse Regering in die opstel en toepassing van wette. |
| Artikel 217 | Die DKES verseker dat verkryging ingevolge die vyf pilare van verkryging plaasvind, soos vasgelê in die Grondwet, 1996. |

## 1.2 Wetgewende en beleidsmandate

| Nasionale wetgewing | Verwysing | Beskrywing |
|---|---|---|
| Agtiende Wysigingswet op die Grondwet, 2023 | Wet 3 van 2023 | Die Wet wysig artikel 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 deur die toevoeging van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as een van die amptelike tale van Suid-Afrika. |
| Wet op Openbare Administratiewe Bestuur, 2014 | Wet 11 van 2014 | Om die basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer, soos na verwys in artikel 195(1) van die Grondwet, te beheer; om voorsiening te maak vir die oorplasing en sekondering van werknemers in die openbare administrasie; om die bedryf van sake met die Staat te reguleer; om voorsiening te maak vir kapasiteitsontwikkeling en -opleiding; om voorsiening te maak vir die vestiging van 'n Nasionale Skool van Regering; om voorsiening te maak vir die gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologieë in die openbare administrasie; om die Eenheid vir Etiek, Integriteit en Dissiplinêre Tegniese Bystand in Openbare Administrasie in te stel; om voorsiening te maak vir die Minister om minimum norme en standaarde vir openbare administrasie te stel; om die Kantoor van Standaarde en Voldoening te vestig om voldoening aan minimum norme en standaarde te verseker; om die Minister te bemagtig om regulasies op te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. |
| Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 | Wet 1 van 1999 | Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB):<br>• reguleer finansiële bestuur in nasionale en provinsiale regerings, genoteerde openbare entiteite, grondwetlike instellings en provinsiale wetgewers;<br>• verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van hierdie instellings doeltreffend en doelmatig bestuur word; en<br>• omskryf die verantwoordelikhede van persone aan wie die finansiële bestuur van hierdie liggame toevertrou is.<br>• Artikel 38 omskryf die algemene verantwoordelikhede van Rekenpligtige Beamptes.<br>• Artikel 40 omskryf die verslagdoeningsverantwoordelikhede van Rekenpligtige Beamptes.<br>• Artikel 45 omskryf die algemene verantwoordelikhede van ander amptenare. |
| Nasionale Tesourieregulasies, 2005 16A | Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 | Hierdie raamwerk geld vir alle –<br>(a) departemente;<br>(b) grondwetlike instellings; en<br>(c) openbare entiteite wat in Bylae 3A en 3C van die Wet gelys is ten opsigte van 'n voorsieningskettingbestuurstelsel. |

| Nasionale wetgewing | Verwysing | Beskrywing |
|---|---|---|
| Provinsiale Tesourie-instruksies, 2019, Hoofstuk 16A, Voorsienings-kettingbestuur: Goedere en Dienste | Nasionale Tesourie-regulasies, 2005 16A | Hierdie Provinsiale Tesourie-instruksies geld vir alle provinsiale departemente en provinsiale openbare entiteite wat in Bylae 3C van die Wet gelys is. |
| Rekenpligtige Beampte se Stelsel vir Voorsienings-kettingbestuur en Batebestuur met Delegasies | Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, artikel 38(i)(a)(iii) Provinsiale Tesourie-instruksies, 2019, Hoofstuk 16A Voorsienings-kettingbestuur: Goedere en Dienste | Die rekenpligtige beampte van 'n departement, handelsentiteit of grondwetlike instelling moet verseker dat die departement, handelsentiteit of grondwetlike instelling 'n gepaste verkryging- en voorsieningstelsel het en in stand hou wat regverdig, billik, deursigtig, mededingend en kostedoeltreffend is. |
| Wet op Staatsdiens, 1994 (soos gewysig deur onder meer die Wysigingswet op Staatsdiens, 2007) | Proklamasie 103, *Staatskoerant* 15791 van 3 Junie 1994 en Wet 30 van 2007 | Hierdie Wet maak voorsiening vir die organisasie en administrasie van die DKES, die regulering van die diensvoorwaardes, ampstermyn, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens en verwante aangeleenthede. |
| Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks) | Hierdie Wet word jaarliks hernu. | Die Wet op die Verdeling van Inkomste (WVI):<br>• maak elke jaar voorsiening vir die billike verdeling van inkomste wat nasionaal van die nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke van regering ingevorder word;<br>• bepaal elke jaar elke provinsie se billike aandeel van die provinsiale aandeel van daardie inkomste; en<br>• maak elke jaar toewysings aan provinsies, plaaslike regering of munisipaliteite uit die nasionale regering se aandeel van daardie inkomste, onderworpe aan voorwaardes.<br>Die DKES ontvang voorwaardelike toewysings van nasionale regering en is verantwoordelik vir die bestuur van sodanige fondse. |
| Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 | Wet 2 van 2000 | Hierdie Wet gee uitvoering aan die reg om toegang te verkry tot rekords wat deur die staat, regeringsinstellings en privaat liggame gehou word. Die DKES en enige ander openbare en privaat liggaam moet onder meer:<br>• 'n handleiding opstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek in te dien om toegang tot inligting wat daardie liggaam besit; en<br>• 'n inligtingsbeampte aanstel om aansoeke om toegang tot inligting wat die liggaam besit, te oorweeg. |

| Nasionale wetgewing | Verwysing | Beskrywing |
|---|---|---|
| Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 | Wet 3 van 2000 | Hierdie Wet:<br>• bepaal die reëls en riglyne wat administrateurs tydens besluitneming moet nakom;<br>• vereis dat administrateurs mense meedeel oor hulle reg op hersiening of appèl en hulle reg om redes daarvoor te versoek;<br>• vereis dat administrateurs redes vir hulle besluite verskaf; en<br>• gee aan lede van die publiek die reg om besluite van administrateurs in die hof te bevraagteken. |
| Wet op Kulturele Instellings,1998 | Wet 119 van 1998 | Die DKES moet met nasionaal verklaarde kulturele instellings rakende kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede skakel en saamwerk. |
| Wet op Bevordering van Kultuur,1983 | Wet 35 van 1983 | Hierdie primêre wetgewing is daarop gemik om kultuur in Suid-Afrika te versterk, te bewaar en te bevorder. Dit bepaal meganismes vir kulturele ontwikkeling, ontspanningsaktiwiteite, nieformele onderwys en internasionale kulturele verhoudinge. Dit maak ook voorsiening vir die instelling van streeksrade vir kultuursake en verleen bevoegdhede aan ministers om hierdie doelwitte te bereik. |
| Wysigingswet op die Bevordering van Kultuur, 1998 | Wet 59 van 1998 | Hierdie Wet is 'n wysiging van die Wet op die Bevordering van Kultuur, 1983 en verfyn en verduidelik die Minister se bevoegdhede in kultuursake en verseker belyning met ontwikkelende kultuur-beleide en -administrasie. Dit versterk bestuursoorsig binne die kultuursektor. Die DKES implementeer hierdie wysigings deur kuns en kultuur in die Wes-Kaap te bevorder, te bewaar en te ontwikkel. |
| Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996 | Wet 43 van 1996 | Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om op die Adviesraad vir die Nasionale Argiewe te dien. Die Departement is ook verantwoordelik vir die nakoming van nasionale norme en standaarde wat onder hierdie Wet ingestel is. |
| Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997 | Wet 56 van 1997 | Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om op die Nasionale Kunsteraad (NKR) te dien, vir samewerking en koördinering met die NKR en vir die administrasie van NKR-befondsing vir die ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap. |
| Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999 | Wet 11 van 1999 | Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse verteenwoordiger om op die Nasionale Erfenisraad (NER) te dien en vir samewerking met en koördinering van aktiwiteite wat met die befondsing en projekte van die NER in die Wes-Kaap verband hou. |
| Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 | Wet 25 van 1999 | Die DKES verseker voldoening aan die WNEH deur toesig te hou oor die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger, verkieslik 'n lid van die Raad van Erfenis Wes-Kaap, om op die Raad van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) te dien.<br>Die DKES verseker ook voldoening aan die bepaling dat die LUR 'n Raad vir EWK – die provinsiale owerheid vir erfenishulpbronne wat ingevolge die WNEH aangestel is – moet aanstel . Die Departement is verantwoordelik vir skakeling en samewerking met SAEHA, EWK en munisipaliteite insake die bestuur van erfenishulpbronne. Die DKES |

| Nasionale wetgewing | Verwysing | Beskrywing |
|---|---|---|
| | | lewer ook bystand aan die LUR met appèlle wat by hom of haar teen besluite van EWK ingedien word. |
| Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995 | Wet 59 van 1995 | Hierdie Wet vereis met onder meer dat die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) 'n Provinsiale Taalkomitee (PTK) in elke provinsie moet instel. 'n Wes-Kaapse PanSAT PTK is in Augustus 2019 ingestel. Die Wes-Kaapse Taalkomitee word deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad erken. |
| Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 | Wet 118 van 1998 | Die DKES is verantwoordelik vir voldoening aan die bepalings in hierdie Wet om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger te benoem om op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name te dien; om geografiese name in die Wes-Kaap na te vors; om standaardisering te verseker; en, waar nodig, om openbare raadpleging oor voorgestelde veranderinge aan hierdie name te fasiliteer. Die Departement verskaf professionele en ander steun aan die Wes-Kaapse Komitee vir Provinsiale Geografiese Name. Wanneer raadpleging afgehandel is, doen die WKPKGN aanbevelings by die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name. |
| Wet op die Wêrelderfenis-konvensie, 1999 | Wet 49 van 1999 | Die DKES is verantwoordelik vir die aanstelling van 'n verteenwoordiger om op die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenis-konvensiekomitee te dien.<br>Die Departement is ook verantwoordelik vir voldoening aan die bepalings van die Wet en die Wêrelderfeniskonvensie rakende die benoeming van potensiële terreine vir die Suid-Afrikaanse Voorlopige Lys en die benoeming van terreine vir die Suid-Afrikaanse Voorlopige Lys vir aandag deur UNESCO se Wêrelderfeniskomitee. |
| Wet op Nasionale Sport en Ontspanning,1998 | Wet 110 van 1998 | Hierdie Wet maak voorsiening vir die bevordering en ontwikkeling van sport en ontspanning en die koördinering van verhoudings tussen SRSA, SASKOK (die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee), sportfederasies, sportrade en ander agentskappe.<br>Die Wet maak verder voorsiening vir maatreëls wat daarop gerig is om wanbalanse in sport en ontspanning reg te stel; gelykheid en demokrasie in sport en ontspanning te bevorder; en meganismes vir geskilbeslegting in sport en ontspanning te voorsien. |
| Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 | Wet 4 van 2013 | Die Wet bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en privaat liggame verwerk word; en stel sekere voorwaardes om minimumvereistes vir die verwerking van persoonlike inligting in te stel. Daarbenewens maak die Wet voorsiening vir die instelling van 'n Inligtingsreguleerder om sekere bevoegdhede uit te oefen en om sekere pligte en werksaamhede ingevolge hierdie Wet en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, te verrig.<br>Verder maak die Wet voorsiening vir die uitreiking van gedrags-kodes; vir die regte van persone met betrekking tot ongeoorloofde elektroniese kommunikasie en geoutomatiseerde besluitneming; om die vloei van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek te reguleer; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. |

| Nasionale wetgewing | Verwysing | Beskrywing |
|---|---|---|
| Wet op Gebruiklike Inisiasie | Wet 2 van 2021 | Die Wet bepaal die doeltreffende regulering van gebruiklike inisiasiepraktyke; die instelling van 'n Nasionale Inisiasie-oorsigkomitee en Provinsiale Inisiasiekoördineringskomitees en hulle funksies; die verantwoordelikhede, rolle en funksies van die verskillende rolspelers wat as sodanig by inisiasiepraktyke of die beheeraspekte daarvan betrokke is; die doeltreffende regulering van inisiasieskole; regulatoriese bevoegdhede van die Minister en Premiers; die monitering van die implementering van hierdie Wet; provinsiale kenmerkende eienskappe; en aangeleenthede wat daarmee in verband staan. |
| Wet op Tradisionele en Khoi- San-Leierskap, 2019 | Wet 3 van 2019 | Die hoofdoelwitte van die Wet is:<br><br>Die bepaling van die erkenning van Khoi-San-leierskap; die konsolidering van die "National House of Traditional Leaders Act, 2009" en die "Traditional Leadership and Governance Framework Act, 2003"; om aandag te skenk aan sekere beperkings in die bestaande wetgewing; en om daaropvolgende wysigings aan ander wette aan te bring. |

| Provinsiale wetgewing | Verwysing | Beskrywing |
|---|---|---|
| Wes-Kaapse Provinsiale Talewet,1998 | Wet 13 van 1998 (Wes-Kaap) | Die Wes-Kaapse Taalkomitee, wat deur hierdie Wet ingestel is, moet onder meer:<br>• die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur die Wes-Kaapse Regering monitor;<br>• aanbevelings doen by die LUR en die Provinsiale Parlement oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyke en beleid wat regstreeks of onregstreeks met taal in die Wes-Kaap verband hou;<br>• die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder;<br>• die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder;<br>• die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalaangeleenthede in die Provinsie adviseer; en<br>• PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap adviseer.<br>Die DKES het toesig oor die WKTK en voorsien hierdie komitee van administratiewe en finansiële steun. |
| Wet op Wes-Kaapse Kultuurkommissies en Kultuurrade,1998 | Wet 14 van 1998 (Wes-Kaap) | Hierdie Wet stel die Wes-Kaapse Kultuurkommissie in om onder meer oorweging te skenk aan die registrasie en deregistrasie van kultuurrade wat verteenwoordigend is van gemeenskappe wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel, en om roerende en onroerende eiendom wat onder sy toesig geplaas word, te beheer, te bestuur, te ontwikkel en in stand te hou. Die WKKK kan ook aanbevelings maak oor:<br>• die visuele, uitvoerende en literêre kunste; |

| Provinsiale wetgewing | Verwysing | Beskrywing |
|---|---|---|
| Wes-Kaapse Erfenishulpbron-bestuursregulasies, 2002 | PK 336 van 25 Oktober 2002 | Die DKES hou toesig oor Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale owerheid vir erfenishulpbronne wat ingevolge die WNEH aangestel is – en verleen administratiewe en finansiële steun aan EWK. Die LUR is verantwoordelik vir die instelling van die gesag en die aanstelling van 'n raad vir elke opeenvolgende ampstermyn. (Engelse weergawe) |
| Wes-Kaapse Erfenishulpbron-bestuursregulasies, 2003 | PK 298 van 29 Augustus 2003 | Die DKES hou toesig oor Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale owerheid vir erfenishulpbronne wat ingevolge die WNEH aangestel is – en verleen administratiewe en finansiële steun aan EWK. Die LUR is verantwoordelik vir die instelling van die gesag en die aanstelling van 'n raad vir elke opeenvolgende ampstermyn. (Afrikaanse en isiXhosa-weergawe) |
| Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005 | Wet 3 van 2005 (Wes-Kaap) | Hierdie Wet stel die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap in om staats- en nie-staatsrekords van blywende waarde vir gebruik deur die publiek en die staat te bewaar; om daardie rekords toeganklik te maak; om die gebruik daarvan deur die publiek te bevorder; en om vir die behoorlike bestuur en versorging van openbare rekords voorsiening te maak. |
| Ordonnansie op Museums, 1975 | Ordonnansie 8 van 1975 (Kaapprovinsie) | Die DKES is verantwoordelik vir voldoening aan die bepalings van hierdie Ordonnansie in soverre dit geaffilieerde museums in die Wes-Kaap raak. Nuwe provinsiale museumwetgewing word in oorleg met toepaslike belanghebbendes opgestel. |
| Ordonnansie op Oude Kerk Volksmuseum Van 't Land van Waveren (Tulbagh), 1979 | Ordonnansie 11 van 1979 (Kaapprovinsie) | Die DKES is verantwoordelik vir die uitvoering van en voldoening aan die bepalings van hierdie ordonnansie om die sake van die Oude Kerk Volksmuseum in Tulbagh te beheer. |
| Wes-Kaapse Wysigingswet op die Museumordonnansie | Ordonnansie 2 van 2021 | Die DKES is verantwoordelik vir voldoening aan die bepalings van hierdie Ordonnansie in soverre dit geaffilieerde provinsiale, Provinsie-gesteunde en plaaslike museums in die Wes-Kaap raak. |
| Ordonnansie op Provinsiale Biblioteekdiens, 1981 | Ordonnansie 16 van 1981 (Kaapprovinsie) | Die DKES is verantwoordelik vir die uitvoering van en voldoening aan die bepalings van hierdie Ordonnansie wat op provinsiale biblioteke in die Wes-Kaap betrekking het. |
| Wet op die Beleid vir Voorkeur-verkrygingsraamwerk, 2000 | Wet 5 van 2000 | Die hoofdoel van die Wet is om uitvoering te gee aan artikel 217(3) van die Grondwet, 1996 deur 'n raamwerk te voorsien vir die implementering van die verkrygings-beleid wat in artikel 217(2) van die Grondwet beoog word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. |
| Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese | Wet 53 van 2003 | Die hoofdoel van hierdie Wet is die vestiging van 'n wetgewende raamwerk vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging; om die Minister te magtig |

| Provinsiale wetgewing | Verwysing | Beskrywing |
|---|---|---|
| Bemagtiging, Wet 53 van 2003 | | om kodes vir goeie praktyk uit te reik en om handveste vir transformasie te publiseer; om die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtiging in te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. |
| Voorkeur-verkrygingsregulasies van 2022 | Wet 5 van 2000 (Voorkeur-verkrygingsregulasie 2022) | Die doel van die 2022 Regulasies is dus om te voldoen aan artikel 217 van die Grondwet oor die verkryging van goedere en dienste deur staatsorgane; te voldoen aan die Wet op die Raamwerk vir Voorkeur-verkrygingsbeleid, 2000; te voldoen aan die Konstitusionele Hof-uitspraak van Februarie 2022 oor die 2017 Regulasies. |
| Die Kaap van Groot Geleenthede-strategie (2011) | | Die strategie bied 'n riglyn vir besluitneming oor die steun van geleenthede en help die openbare sektor om hul pogings te kombineer om die potensiaal van die handelsmerk te bou. Dit gee ook 'n uiteensetting van die ekonomiese, maatskaplike en omgewingsverwante voordele wat deur die aanbieding van geleenthede gerealiseer kan word. |

## 1.3 Beleidsmandate

**NASIONALE BELEIDSKONTEKS**

Die Mediumtermynontwikkelingsplan (MTOP) 2024-2029 dien as die vyfjaar- strategiese plan vir Suid-Afrika se 7de Administrasie onder die Regering van Nasionale Eenheid wat ná die algemene verkiesing van 29 Mei 2024 saamgestel is. Dit dien as die implementeringsraamwerk vir die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP): Visie 2030 en stem ooreen met die NOP se doelwitte, terwyl ontwikkelingsuitkomste en ekonomiese groei beklemtoon word.

Die MTOP vervang die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTSR) en is ontwerp om op minder, hoë-impak-intervensies te fokus om meetbare resultate aan te dryf. Dit is op 29 Januarie 2025 deur die Kabinet se lekgotla goedgekeur en is op drie strategiese kernprioriteite gegrond:

1. Inklusiewe groei en werkskepping (topprioriteit) – dryf ekonomiese intervensies op alle vlakke van regering aan.
2. Verminder armoede en pak die hoë lewenskoste aan – verseker maatskaplike beskerming en ekonomiese insluiting.
3. Bou 'n bevoegde, etiese en ontwikkelingsgerigte staat – versterk bestuursoorsig, wet en orde en instaatstellende infrastruktuur.

Die WKR belyn sy strategieë met die MTOP se prioriteite, maar handhaaf sy eie provinsiale mandate deur die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) en die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP).

- Ekonomiese groei en werkskepping: Die WKR sal daartoe bydra deur provinsiale ekonomiese beleide, die aanlokking van belegging, vaardigheidsontwikkeling en infrastruktuursprojekte wat die nasionale fokus op inklusiewe groei steun.
- Armoedeverligting en maatskaplike intervensies: Die WKR se maatskaplike ontwikkelingsprogramme, gesondheidsinisiatiewe en onderwyshervormings sal met die nasionale klem op die verlaging van lewenskoste belyn.
- Bou 'n bevoegde staat: Die WKR se innoverende bestuursoorsig, doeltreffendheid in dienslewering en regulatoriese raamwerke sal die nasionale doelwit ondersteun om institusionele kapasiteit en etiese leierskap te versterk.

Die Departement se bydrae tot die bereiking van die drie nasionale prioriteite is soos volg:

<table>
<tr><th>MTOP-prioriteit</th><th>Departementele bydrae</th></tr>
<tr><td>Prioriteit 1: Inklusiewe groei en werkskepping</td><td>Die Departement van Kultuursake en Sport speel 'n deurslaggewende rol om ekonomiese groei aan te dryf en binne verskeie sektore werk te skep, insluitend sport, kuns, kultuur en erfenis. Deur strategies in geleenthede te belê, vennootskappe met die privaat sektor en instellings sonder winsoogmerk te bevorder en jeugontwikkelingsprogramme te steun, verseker die Departement dat ekonomiese geleenthede vir almal toeganklik is, veral in landelike en onderbediende gemeenskappe. Hierdie pogings dra nie net by tot die bewaring en bevordering van die Provinsie se ryk kultuurerfenis nie, maar stimuleer ook plaaslike ekonomieë, skep volhoubare werkgeleenthede en voorsien die volgende generasie van die vaardighede wat nodig is vir toekomstige sukses. Die Departement se holistiese benadering stem ooreen met breër ekonomiese doelwitte deur tot werkskepping, inklusiewe groei en volhoubare ontwikkeling by te dra.<br><br>• Geleentheidsgedrewe ekonomiese groei<br><br>Die Departement stimuleer ekonomiese groei deur te belê in sport-, kuns- en kultuurgeleenthede wat plaaslike en internasionale belegging lok. Hierdie geleenthede genereer direkte en indirekte werkgeleenthede in sektore soos geleentheidsbestuur, logistiek, vervoer, toerisme, gasvryheid en kleinhandel. Deur grootskaalse geleenthede na die Provinsie toe te bring, steun die Departement werkskepping, bevorder plaaslike besighede en genereer positiewe ekonomiese stimulasie vir die bestemmings waar geleenthede aangebied word.<br><br>• Vennootskappe met instellings sonder winsoogmerk en die privaat sektor<br><br>Die Departement bevorder in samewerking met organisasies sonder winsoogmerk en privaat entiteite plaaslike kultuur, erfenis en verwante ekonomiese aktiwiteite. Hierdie vennootskappe help om ekonomiese geleenthede in die kreatiewe sektor uit te brei en bevorder kultuurtoerisme. Dit dra by tot werkskepping en die bewaring en bevordering van Suid-Afrika se unieke kultuurerfenis. Hierdie aktiwiteite dra ook by tot die ekonomiese volhoubaarheid van plaaslike gemeenskappe.<br><br>• Erfenis en Toerisme as ekonomiese aandrywers<br><br>Die bewaring en bevordering van erfenisterreine, veral deur Erfenis Wes-Kaap, dien as beduidende instaatstellers van groei en werkskepping. Die onlangse UNESCO-inskrywing van die Wêrelderfenisterrein oor die Ontstaan van Moderne Menslike Gedrag het nuwe geleenthede vir toerismegedrewe werkgeleenthede, erfenisbestuur en akademiese navorsing geskep. Hierdie geleenthede is gemik op inklusiewe groei tot voordeel van plaaslike gemeenskappe en die bevordering van erfenistoerisme in die Provinsie.</td></tr>
</table>

| MTOP-prioriteit | Departementele bydrae |
|---|---|
| | • **Indiensneming deur programme en kapasiteitsbou**<br><br>Die Departement steun werkskepping deur munisipaliteite en NRO's te befonds wat individue in die kuns-, sport- en ontspanningsektor in diens neem. Programme soos die MOD (massadeelname; geleentheid en toegang; ontwikkeling en groei), YearBeyond, Young Creatives-program en die Uitgebreide Openbare-werkeprogram (UOWP) bied noodsaaklike werkervaring en vaardigheidsopleiding aan werklose jeugdiges om hulle vir 'n langtermynloopbaan te posisioneer en terselfdertyd in hul maatskaplike behoeftes te voorsien.<br><br>• **Uitbreiding van toegang tot tegnologie en landelike ontwikkeling**<br><br>Die Departement bevorder toegang tot tegnologie en inligtingsbronne, veral in landelike gemeenskappe, om billike toegang tot ekonomiese geleenthede te verseker. Die uitbreiding van breëband en gratis internetverbinding in openbare biblioteke help om die digitale kloof te oorbrug en skep nuwe geleenthede vir werkmagontwikkeling. Biblioteke steun ook lees- en geletterdheidsinisiatiewe wat bydra tot die ontwikkeling van 'n vaardige en produktiewe werkmag wat die grondslag lê vir volgehoue ekonomiese groei. |
| **Prioriteit 2**: Verminder armoede en pak die hoë lewenskoste aan | Die Departement van Kultuursake en Sport is daartoe verbind om armoede te verminder en die hoë lewenskoste aan te pak met 'n omvattende strategie wat op onderwys, jeugontwikkeling en gemeenskapsbemagtiging fokus. Deur te belê in geletterdheid, naskoolse programme en inisiatiewe wat maatskaplike insluiting en veiligheid bevorder, speel die Departement 'n noodsaaklike rol om die lewensgehalte van kwesbare gemeenskappe te verbeter. Die Departement bevorder deur sy dienste nie net opvoedkundige en persoonlike groei nie, maar verskaf ook kritieke steun vir maatskaplike dienste, jeugbetrokkenheid en die veerkragtigheid van gemeenskappe. Hierdie pogings dra daartoe by om die siklus van armoede te verbreek, maatskaplike samehang te bevorder en ongelykheid regoor die Provinsie te verminder.<br><br>• **Verbetering van toegang tot lees- en opvoedkundige hulpbronne**<br><br>Die Departement ken 'n aansienlike deel van sy begroting toe aan toegang tot leesmateriaal en biblioteekdienste, veral in landelike gebiede. Openbare biblioteke vervul dikwels 'n tweeledige rol as 'n gemeenskaps- én skoolbiblioteek deur geletterdheidsprogramme, toegang tot opvoedkundige materiaal en vennootskappe met die regering en organisasies sonder winsoogmerk aan te bied. Hierdie samewerking koppel individue aan kritieke dienste, soos toewysings, behuisings- en regshulp, wat finansiële laste verlig en lewenstandaarde in benadeelde gemeenskappe verbeter.<br><br>• **Verskaffing van noodsaaklike dokumentasie deur die argiewe**<br><br>Die Departement fasiliteer toegang tot argiefrekords, soos geboorte-, huweliks- en doodsertifikate. Hierdie dokumente is noodsaaklik vir toegang tot maatskaplike dienste, regeringstoewysings en werkgeleenthede wat alles noodsaaklik is om armoede te verminder. Deur individue te help om hierdie belangrike rekords te beveilig, verseker die Departement dat kwesbare bevolkings toegang kan kry tot die steun wat hulle nodig het om hul lewensomstandighede te verbeter en uit die siklus van armoede te ontsnap. |

| MTOP-prioriteit | Departementele bydrae |
|---|---|
| | • **Naskoolse programme en veilige ruimtes vir kinders en jongmense**<br><br>Die Departement se naskoolse programme wat deur biblioteke, MGO-sentrums, YearBeyond-terreine en NRO's gelewer word, bied veilige ruimtes vir kinders en jeugdiges om hul akademiese, artistieke, kulturele en sportbelangstellings te verken. Hierdie programme help om die opvoedkundige leemte tussen goedtoegeruste en ondertoegeruste leerders te vernou deur geleenthede vir persoonlike, akademiese en liggaamlike ontwikkeling aan te bied. Die Departement bevorder dissipline, motivering en doelgerigtheid deur die jeug by positiewe aktiwiteite te betrek en sodoende die risiko van betrokkenheid by negatiewe gedrag verminder.<br><br>• **Voedingsondersteuning en welstand**<br><br>Die Departement verskaf in samewerking met die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) voedingsondersteuning aan leerders by alle MGO-sentrums en sekere YearBeyond-terreine. Hierdie programme bevorder nie alleen liggaamlike welstand nie, maar verseker ook dat leerders goed gevoed word en op hul studies en buitemuurse aktiwiteite kan fokus. Deur aan hongerte en wanvoeding aandag te skenk, veral in minderbevoorregte gebiede, help die Departement om die ekonomiese druk op gesinne te verminder en om opvoedkundige sukses te steun.<br><br>• **Gemeenskapsontwikkeling deur sport en maatskaplike insluiting**<br><br>Die Departement se Klubontwikkelingsprogram dra by tot veiliger gemeenskappe deur plaaslike ligas, landelike, plaas- en stedelike klubs te steun. Verder bevorder die Departement gemeenskapsbou deur middel van sy Maatskaplike Insluiting-program wat die organisering van sportinisiatiewe en -feeste behels om ligastrukture en sub-unies in veiligheidsprioriteitgebiede te bevorder. Hierdie programme bevorder nie alleen maatskaplike samehang nie, maar bied ook geleenthede aan die jeug om leierskap- en spanwerkvaardighede te ontwikkel – wat dit minder waarskynlik maak dat hulle by riskante gedrag betrokke sal raak – om die langtermynveiligheid en -stabiliteit van gemeenskappe te bevorder. |
| **Prioriteit 3**: 'n Bevoegde, etiese en ontwikkelings-gerigte staat | Die Departement van Kultuursake en Sport is daartoe verbind om 'n bevoegde, etiese en ontwikkelingsgerigte staat te bou deur te verseker dat openbare ruimtes en hulpbronne doeltreffend bestuur word, die Provinsie se kultuur- en historiese erfenis beskerm word en etiese bestuurstoesig en verantwoordbaarheid bevorder word. Die Departement bied deur die bestuur van biblioteke, museums, argiewe en ontspanning-sentrums breë toegang tot inligting, steun ingeligte besluitneming en bewaar noodsaaklike rekords vir beleidmaking en openbare deursigtigheid. Vennootskappe met gemeenskapsorganisasies en die bevordering van kulturele trots en goeie bestuurstoesig verseker dat die Departement 'n sleutelrol speel in die aandrywing van volhoubare ontwikkeling en dat inwoners bemagtig, ingelig en betrokke is om tot die ontwikkeling van die Provinsie se toekoms by te dra.<br><br>• **Doeltreffende bestuur van openbare ruimtes en hulpbronne**<br><br>Die Departement hou toesig oor die bestuur van biblioteke, museums, argiewe, gedeelde fasiliteite en ontspanningsentrums om te verseker dat dié openbare ruimtes goed in stand gehou word en vir almal toeganklik is. Hierdie ruimtes verskaf noodsaaklike dienste en inligting wat gemeenskapsbetrokkenheid, lewenslange leer en maatskaplike |

| MTOP-prioriteit | Departementele bydrae |
|---|---|
| | samehang bevorder en tot die ontwikkeling van 'n ingeligte en bemagtigde burgery bydra.<br><br>• **Breë toegang tot inligting en digitale konnektiwiteit**<br><br>Openbare biblioteke, toegerus met breëbandinternet en uitgebreide digitale hulpbronne, speel 'n deurslaggewende rol om billike toegang tot inligting te verseker. Die Departement bevorder digitale insluiting, veral in landelike en onderbediende gemeenskappe, wat inwoners in staat stel om toegang tot noodsaaklike opvoedkundige en regeringshulpbronne te verkry. Hierdie pogings steun deursigtigheid, ingeligte besluitneming en deelname aan bestuurstoesigprosesse wat tot 'n meer bevoegde en betrokke staat bydra.<br><br>• **Erfenisbeskerming en rekordbewaring**<br><br>Die Departement beveilig deur Erfenis Wes-Kaap die Provinsie se erfenis. Argiewe en rekordbestuur is belangrik om 'n ontwikkelingsgerigte staat te handhaaf, aangesien dit historiese rekords bewaar wat nodig is vir navorsing, beleidmaking en om aanspreeklikheid te verseker. Behoorlike rekordbestuur steun die formulering, evaluering en implementering van maatskaplike en ekonomiese beleide ter bevordering van deursigtigheid en goeie bestuurstoesig.<br><br>• **Bemagtiging van gemeenskappe deur vennootskappe**<br><br>Die Departement se Bestuurde Netwerkmodel behels vennootskappe met NRO's, gemeenskapsgebaseerde organisasies (GGO's), museums, biblioteke, sportfederasies en kultuurorganisasies. Hierdie samewerkende benadering behels die benutting van hulpbronne, bevordering van kostedoeltreffendheid en bemagtiging van plaaslike organisasies om tot gemeenskapsopheffing by te dra. Met dié gemeenskaps-gebaseerde inisiatiewe versterk die Departement plaaslike kapasiteit vir ontwikkeling en maatskaplike samehang.<br><br>• **Bevordering van etiese bestuursoorsig en dienslewering**<br><br>Die Departement is daartoe verbind om deur sy Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) en strategiese menslikehulpbronplan (MH-plan) 'n bekwame en etiese werkmag te handhaaf. Hierdie inisiatiewe fokus op voortdurende diensverbetering om 'n verantwoordbare en etiese staatsdiens te bevorder. Openbare biblioteke, as platforms vir etiese besluitneming, fasiliteer ook ingeligte gesprekvoering oor kritieke maatskaplike kwessies, soos geslagsgebaseerde geweld, en bied rehabilitasiesteun by korrektiewe sentrums om terugvalling te verminder en maatskaplike herintegrasie te bevorder.<br><br>• **Die viering van kulturele diversiteit**<br><br>Die Departement bevorder kulturele diversiteit met inisiatiewe vir taalbevordering en taaldienste wat doeltreffende regeringskommunikasie bevorder. Dit het 'n sleutelrol gespeel in die inskrywing van die UNESCO-wêrelderfenisterrein oor die Ontstaan van Moderne Menslike Gedrag wat Suid-Afrika se ryk argeologiese erfenis beklemtoon. Die Departement se werk ten opsigte van die Weerstand- en Bevrydingserfenisroete (WBER) herdenk belangrike terreine van die land se stryd om vryheid, wat sowel kulturele trots as ekonomiese groei deur erfenistoerisme steun. |

Die volgende nasionale beleide en strategieë het ook betrekking op die Departement se beleidsmandaat:

| Beleid | Beskrywing |
|---|---|
| **Nasionale beleide** | |
| 2019 Hersiene Nasionale Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis | Hierdie dokument gee 'n raamwerk vir 'n nasionale en provinsiale beleid oor kunste, kultuur en erfenis en biblioteek- en argiefdienste. |
| Nasionale Rekordbestuurbeleid (Rekordbestuurbeleid-handleiding, 2007) | Hierdie dokument reguleer die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame met betrekking tot die bestuur van hul rekords moet funksioneer en hoe die DKES oor die rekordbestuur van regeringsliggame in die Wes-Kaap toesig moet hou. |
| Bestuur van Elektroniese Rekords deur Regeringsliggame: Beleid, Beginsels en Vereistes (2006) | Hierdie beleid verskaf leiding aan regeringsliggame om hulle te help om aan die wetgewende vereistes rakende elektroniese rekords as 'n integrale deel van rekordbestuur te voldoen. Die DKES moet aan voorgeskrewe toepaslike nasionale en internasionale standaarde met betrekking tot hardeware, sagteware en bergingsmedia vir argiefbewaring voldoen. |
| Verklaring van die Nasionale Sport en Ontspanningsindaba (2011) | Dit vereis dat die DKES sy sleuteldoelwitte in lyn moet bring met die strategiese stukrag van die verklaring wat die visie vir sport en ontspanning tot 2020 uiteensit. |
| Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (2012) | Die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (NSOP) verwoord die visie vir sport en ontspanning in Suid-Afrika tot 2020, met die klem op 'n aktiewe en wennende nasie. Die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan sal in die boekjaar 2025/26 hersien word. |
| Nasionale Witskrif oor Sport en Ontspanning (2012) | Hierdie beleid beklemtoon die volgende prioriteite:<br>• verhoog die vlakke van deelname aan sport en ontspanning;<br>• verhoog sport se profiel ten spyte van botsende prioriteite;<br>• maksimeer die waarskynlikheid van sukses by sportbyeenkomste; en<br>• plaas sport aan die helm van pogings om misdaad te verminder. |
| Beleidsraamwerk oor Vroue in Sport (2024) | Die beleidsraamwerk is saamgestel om bestaande ongelykhede vir meisies en vroue in die Suid-Afrikaanse sportstelsel met agt strategiese prioriteite reg te stel.<br>1. Deelname en voortreflikheid<br>2. Afrigting en waarneming<br>3. Leierskap en bestuursoorsig<br>4. Sigbaarheid, raming en voorspraak<br>5. Beveiliging en integriteit<br>6. Sport vir ontwikkeling<br>7. Span SA-lewering<br>8. Aanbieding van sportgeleenthede |
| Beleidsraamwerk vir die Regeringswye Monitering- en Evalueringstelsel (2007) | Die oogmerk van die Regeringswye Monitering- en Evalueringstelsel (RWM&E-stelsel) is om tot verbeterde bestuursoorsig by te dra en om die doeltreffendheid van organisasies en instellings in die openbare sektor te versterk. Hierdie dokument verskaf die oorkoepelende beleidsraamwerk vir monitering en evaluering (M&E) in Suid-Afrika. Dit bevorder uitkomsgebaseerde bestuur. |
| Groenskrif op Prestasiebestuurs-monitering en -evaluering (2009) | Hierdie dokument het ten doel om staatsamptenare en die uitvoerende gesag in staat te stel om te fokus op die bereiking van die uitkoms- en uitset-maatstawwe wat in die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTSR) vervat is. Dit is daarop gemik om goeie departementele en individuele prestasie op alle vlakke te bevorder. |

| Beleid | Beskrywing |
|---|---|
| Riglyne vir Nasionale en Provinsiale Departemente vir die Voorbereiding van 'n M&E-raamwerk | Hierdie riglyne maak voorsiening vir die ontwikkeling van 'n monitering- en evalueringsraamwerk in alle regeringsinstellings sodat instellings hul vordering teenoor die gestelde doelwitte kan evalueer en regstellende stappe kan instel, waar nodig. Hierdie proses vereis dat departemente 'n omvattende begrip moet hê van alle administratiewe datastelsels, administratiewe datastelle en prestasie-aanwysers. Die aanwysers moet aan spesifieke beleidsprioriteite gekoppel wees en die stelle aanwysers moet ontleed word om te bepaal of daar enige oorsaak-en-gevolg-verhoudings bestaan. |
| Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP) | Die UOWP-sakeplanne vir die Maatskaplike Sektor (Sport) en Omgewings- en Kultuursektor (Kultuursake) verskaf 'n raamwerk vir die DKES om befondsing van die openbare sektore aan te wend om werkloosheid te verminder en verlig. |
| Nasionale Jeugbeleid 2020 – 2030 | Die beleid het ten doel om jeugontwikkeling te versterk en kreatiewe en innoverende maniere te verskaf om werkloosheid aan te pak. Die beleid identifiseer vyf pilare – gehalte-onderwys en tweede-kans-onderrig, ekonomiese transformasie en werkskepping, geestesgesondheid en die bevordering van liggaamlike gesondheid, maatskaplike samehang en nasiebou, en die daarstelling van doeltreffende en responsiewe jeugontwikkelingmasjinerie. As die transversale jeugkoördineerder in die Provinsie, bied die DKES die Wes-Kaapse jeugforum en leerlaboratorium aan, lewer voorspraak vir 'n program oor die geestesgesondheid van die jeug, en werk ook met alle belanghebbendes daaraan om die doeltreffendheid van die jeugontwikkelingmasjinerie te verbeter. |

| Strategieë | Beskrywing |
|---|---|
| **Nasionale strategieë** | |
| Herkapitaliseringsprogram vir die versterking van gemeenskaps-biblioteekdienste | Die doel van die program is om stedelike en landelike gemeenskapsbiblioteek-infrastruktuur, -fasiliteite en -dienste te transformeer (hoofsaaklik gerig op voorheen benadeelde gemeenskappe deur 'n herkapitalisasieprogram op provinsiale vlak ter ondersteuning van plaaslike regering en nasionale inisiatiewe). Die DKES is verantwoordelik vir die suksesvolle implementering en bestuur van hierdie Voorwaardelike Toewysingsprojek in die Wes-Kaap. |
| Mzansi se Goue Ekonomie-strategie | Die DKES is in oorleg met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en ander vennote en sleutelbelanghebbendes verantwoordelik vir die implementering van die belangrikste intervensies, soos uiteengesit in die strategie vir die Wes-Kaap. Die strategie, wat op die skeppende en kulturele bedrywe fokus, poog om erkenning te gee aan die kuns-, kultuur- en erfenissektor as innoverend en skeppend en dat dit die rol van die regering is om die bemagtigende omgewing te skep en die sektor te ondersteun om optimaal te presteer. |
| Memorandum van Verstandhouding tussen die Departement van Basiese Onderwys en Sport en Ontspanning Suid-Afrika (2024) | Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en Sport en Ontspanning Suid-Afrika (SOSA) (nou die Departement van Sport, Kuns en Kultuur) het 'n implementerings-protokol onderteken waarvolgens die partye hulle verbind dat hulle op grond van wisselwerking en wedersydse voordeel programme van samewerking op die gebied van skoolsport sal implementeer. Die partye is ook daartoe verbind om die vordering van kontak en samewerking tussen die erkende sportinstellings van die onderskeie Departemente sal aanmoedig en fasiliteer. |

Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte:

Daarbenewens bestaan die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte uit 17 niebindende globale doelwitte wat soos volg met die Nasionale Ontwikkelingsplan en Provinsiale Strategiese Plan ooreenstem, en die Departement se werk kan soos volg aan die VOD'e gekoppel word:




Afrika Agenda 2063:

Die Afrika-unie Agenda: 2063 prioritiseer onder meer inklusiewe maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling, kontinentale en streeksintegrasie, demokratiese bestuursoorsig, en vrede en veiligheid wat daarop gemik is om Afrika te herposisioneer om 'n dominante speler in die globale arena te word. Die DKES ondersteun die doelwitte en prioriteite wat in Agenda 2063 uiteengesit word, veral deur sy werk wat kultuur en erfenis steun.


Een van die aspirasies in die Agenda waarmee die Departement die meeste belyn is, is "Afrika met 'n sterk kulturele identiteit, gemeenskaplike erfenis, waardes en etiek" – met sy fokus op "Sterk kulturele identiteit, waardes en etiek". In hierdie verband sal die Departement voortgaan met die bevordering van en bydrae tot aangeleenthede oor die bewaring van Wêrelderfenisterreine binne die Provinsie ingevolge die Wet op Wêrelderfeniskonvensie, 1999; en nasionale leierprojekte, soos die nasionale Weerstand- en Bevrydingserfenisroete, waartoe die DKES as 'n provinsiale hoofstuk in die Weerstand- en Bevrydingserfenisroete bygedra het. Die kuns- en kultuurprogramme, museums en museologiese dienste, kultuurerfenisprojekte deur middel van sy entiteite in erfenishulpbronbestuur, kulturele aangeleenthede en geografiese taaldienste is in lyn met die bevordering van 'n "sterk kultuuridentiteit, algemene erfenis, waardes en etiek".

## PROVINSIALE BELEIDSKONTEKS

Die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2025-2030 gee 'n uiteensetting van die Wes-Kaapse Regering (WKR) se strategiese prioriteite en doelwitte vir die volgende vyf jaar. Dit verskaf oorkoepelende rigting vir regeringsoptrede en fokus op mensgesentreerde uitkomste wat betekenisvolle verandering vir inwoners aandryf.

**Oorsig van die Provinsiale Strategiese Plan 2025-2030**




**Provinsiale portefeuljes**

Die implementering van die PSP word deur vier provinsiale portefeuljes aangedryf. Die portefeuljes is klusters van departemente wat strategiese rigting verskaf en pogings koördineer vir die implementering van programme wat met die Wes-Kaapse Regering se sleutelprioriteite ooreenstem. Hierdie prioriteite behels ekonomiese, veiligheids-, maatskaplike en institusionele beleidsdomeine.


Die portefeuljes monitor en beheer hoë-prioriteit-projekte en -programme om 'n samehangende en gekoördineerde benadering tot die bereiking van gedeelde uitkomste te verseker. Elke departement dra tot een of meer portefeuljes by deur geteikende intervensies te implementeer wat die bedoelde impak van daardie portefeulje steun.

Die vier strategiese portefeuljes is:

| | |
|---|---|
| **Groei-vir-Werk** | Die Wes-Kaap behaal uitsonderlike ekonomiese groei wat vertroue, hoop en geleenthede vir vooruitgang skep. |
| **Opgevoede, gesonde en sorgsame gemeenskap** | Elke persoon het toegang tot die geleentheid om in 'n inklusiewe samelewing 'n gesonde, sinvolle en waardige lewe te lei. |
| **Veiligheid** | Die Wes-Kaap is 'n veerkragtige en veilige samelewing. |
| **Innovering, kultuur en bestuursoorsig** | Die WKR is 'n mensgesentreerde instelling wat hulpbronne vir dienslewering op 'n innoverende, doeltreffende en samewerkende wyse mobiliseer. |

**Geïntegreerde impakgebiede**

Die PSP volg 'n lewensloop- en stelselbenadering om die doeltreffendheid van regerings-intervensies te maksimeer. Dit beteken dat beleide en programme oorweging skenk aan die behoeftes en verantwoordelikhede van inwoners, vanaf die kinderjare tot bejaarde ouderdom, om te verseker dat regeringsdienste dienooreenkomstig gestruktureer word.




Die PSP bevorder 'n geïntegreerde benadering waarvolgens departemente en entiteite saamwerk om die geïntegreerde impak vir elk van die uiteengesette vier gebiede van die lewensloop te behaal.

Hierdie geïntegreerde impakgebiede is:

| | |
|---|---|
| **Huishoudings en menslike ontwikkeling** | Skep veilige, gesonde omgewings wat lewenslange ontwikkeling en selfgenoegsaamheid bevorder |
| **Samehorigehangende gemeenskappe** | Versterk maatskaplike bande om veilige, sorgsame en veerkragtige gemeenskappe te bou. |
| **Verteenwoordiging en voorbereiding van die jeug** | Bemagtig jongmense met die vaardighede en geleenthede om aan die samelewing deel te neem, toegang tot ekonomiese geleenthede te kry en voortdurend te leer. |
| **Ekonomiese en groeigeleenthede** | Verbreed ekonomiese geleenthede en skep vertroue, hoop en vooruitgang. |

Verder is daar twee transversale gebiede wat kyk na breër strukturele en omgewingsfaktore wat dienslewering bepaal en mense deur die volle lewensloop bemagtig:

| | |
|---|---|
| **Hulpbron-veerkragtigheid** | Skep veilige, gesonde omgewings wat lewenslange ontwikkeling en selfgenoegsaamheid bevorder |
| **Ruimtelike transformasie, infrastruktuur en mobiliteit** | Versterk maatskaplike bande om veilige, sorgsame en veerkragtige gemeenskappe te bou. |

**Departement se belyning met PSP-fokusareas**

Die PSP sit sleutelfokusareas uiteen wat met die portefeuljes en geïntegreerde impakgebiede belyn is. Elke departement belyn sy Strategiese Plan met hierdie fokusareas om 'n gekoördineerde benadering tot die bereiking van provinsiale prioriteite te verseker.

Sleutelfokusareas vir die Departement van Kultuursake en Sport sluit in:

| Growth for Jobs | Safety | Educated, Healthy & Caring Society | Innovation, Culture, & Governance |
|---|---|---|---|
| Toegang tot indiensneembaarheid- en ekonomiese geleenthede<br><br>Aandrywing van groeigeleenthede deur belegging | Geïntegreerde geweldvoorkoming<br><br>Veilige en samehangende gemeenskappe en Infrastruktuur | Toenemende veerkragtigheid van die jeug, en burgerlike, opvoedkundige en ekonomiese deelname<br><br>Versterk die welstand en verteenwoordiging van volwassenes en ouer persone | Kultuur- en mensgesentreerde lewering<br><br>Gemak van sake doen met die regering |

Die Departement dra deur middel van die bogenoemde fokusareas by tot 'n geïntegreerde impak in huishoudings en menseontwikkeling, samehangende gemeenskappe, jeugverteenwoordiging en -paraatheid, ekonomiese en groei-geleenthede, ruimtelike transformasie, infrastruktuur, en instaatstellers van mobiliteit en dienslewering.

Die departementele bydrae tot die PSP-portefeuljes is soos volg:

| **Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030:<br>GROEI-VIR-WERK (G4J)** |
| --- |
| Die Departement speel 'n deurslaggewende rol in werkskepping in sy sektor en belyn inisiatiewe met die breër Groei-vir-Werk Strategie (G4J) vir die Wes-Kaap.<br><br>Die Departement se leidende program vir ekonomiese toegang, YearBeyond, verskaf aan NEET-jeugdiges 'n brug na die ekonomie en skep paaie na werkgeleenthede.<br><br>Die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) bevorder geleenthede vir werk en kapasiteitsbou in die maatskaplike sektor, asook as in die Omgewing- en Kultuursektor. Die program fokus op jeuggesentreerde programme wat deelnemers van noodsaaklike vaardighede voorsien om hul werkvooruitsigte in kultuur, museums, biblioteke, argiewe en die maatskaplike sektor verbeter. Die Departement sal voortgaan om die UOWP-program te steun deur werkgeleenthede in verskeie sektore aan te bied, insluitend administrasie, erfenis, uitvoerende kunste, kultuur, biblioteke, argiewe en die maatskaplike sektor.<br><br>Die Young Creatives-program word ter bevordering van werkskepping deur die Departement gefasiliteer in die vorm van werkswinkels, mentorskap en toegang tot hulpbronne wat jong deelnemers in staat stel om hul vaardighede op te skerp en verskeie loopbaanpaaie te verken. Verder is die YearBeyond-program 'n prioriteitsprojek wat daarop gemik is om noodsaaklike sagte vaardighede van eerste-keer-werksoekers te bou deur hulle aan pasgemaakte opleiding en diensgeleenthede te koppel. YearBeyond werk saam met meer as 100 geleentheidsverskaffers om die jeug te help om hul vaardighede vir groeisektore soos SPU, toerisme, logistiek en die maatskaplike sektor te ontwikkel.<br><br>Die geleenthede- en toerismesektor word as 'n deurslaggewende area vir groei geïdentifiseer en die Departement dra aktief tot die ontwikkeling daarvan by. Erfenishulpbron-bestuursdienste speel 'n beduidende rol in die fasilitering van hierdie groei deur ontwikkelings-geleenthede te ontsluit wat groei ondersteun. Openbare biblioteke dien ook as noodsaaklike toegangspunte vir kleinsake-entrepreneurs en verskaf noodsaaklike hulpbronne vir administratiewe sake-aktiwiteite, sakeplanontwikkeling, werkaansoeke en toegang tot regeringsinligting soos tenders.<br><br>Verder dra die Departement se sport- en ontspanningsprogramme daartoe by om werkskepping en ekonomiese groei in die Wes-Kaap aan te dryf. Hierdie inisiatiewe bied werkgeleenthede vir afrigters, fasiliteerders en administratiewe personeel, en bevorder ook indirek werkgeleenthede deur vennootskappe met skole, gemeenskapsorganisasies en plaaslike besighede. Volgehoue belegging in menslike kapitaal en infrastruktuur is uiters noodsaaklik vir volhoubare ekonomiese groei, veral in die diensgerigte sektore van sport en ontspanning. |

| **Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030:**<br>**GROEI-VIR-WERK (G4J)** |
|---|
| Die DKES bevorder en bied aktief groot sportgeleenthede aan (provinsiale, nasionale, kontinentale en internasionale kompetisies en konferensies) wat betekenisvolle tydelike en permanente werkgeleenthede genereer en terselfdertyd die profiel van die Wes-Kaap verhoog. Hierdie geleenthede verhoog die vraag na gasvryheid-, vervoer- en sekuriteitsdienste, dryf ekonomiese groei aan en lok beleggings en toerisme. Dié suksesvolle aanbieding verhoog die Provinsie se profiel en dra by tot die BBP, soos uiteengesit in die Geval vir Sport. Die DKES speel 'n sleutelrol in die bevordering van werkgeleenthede en algehele ekonomiese welvaart in die Wes-Kaap deur klubontwikkeling, sportfederasies en sportakademies te steun.<br><br>Belegging in hierdie sektore dryf breër ekonomiese ontwikkeling aan deur befondsing, borgskappe en toerisme te lok wat aan kulturele en sportgeleenthede gekoppel is om die Wes-Kaap as die geleenthedesentrum van Afrika te posisioneer. Die Wes-Kaap se florerende toerismesektor bied 'n geleentheid vir DKES se programme om die plaaslike ekonomie 'n hupstoot te gee. Sport- en ontspanningsgeleenthede skep nismarkte vir gespesialiseerde infrastruktuur, toerusting, uitrustings en dienste wat vir hierdie unieke aktiwiteite ontwerp is. Hierdie aanvraag maak deure oop vir klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) om te floreer deur goedere en dienste te verskaf wat eie aan geleenthede en ontspannings-aktiwiteite is. Deur hierdie gespesialiseerde markte te bevorder, steun die DKES die groei van volhoubare ekonomiese ekostelsels wat tot die diversifikasie van plaaslike besighede bydra. Verder steun die Departement se inisiatiewe informele handelaars en klein besighede deur geleenthede te bied om produkte by geleenthede en sportbyeenkomste te verkoop.<br><br>Die informele ekonomie is noodsaaklik om werk te verskaf aan individue wat nie toegang tot formele werk het nie. Die DKES se programme steun hierdie sektor deur KMMO's te bemagtig, veral in die verskaffing van spyseniering, fasilitering en geleentheidsverwante toerusting vir geleenthede en programme.<br><br>Die Departement se fokus op die bevordering van liggaamlike aktiwiteit en ontspannings-programme hou langtermynvoordele in vir die bevolking se gesondheid en produktiwiteit. 'n Aktiewe werkmag lei tot laer gesondheidsorgkoste, laer afwesigheid en hoër produktiwiteit wat die ekonomie versterk. Aangesien die Wes-Kaap se gesondheidsorgstelsel voor uitdagings te staan kom weens bevolkingsgroei en 'n verouderende demografie, bevorder die Departement se sportinisiatiewe gesonder leefstyle wat die druk op openbare gesondheids-hulpbronne verlig (PERO, 2024).<br><br>Die Departement se finansiële steun vir Erfenis Wes-Kaap is noodsaaklik vir die Groei vir Werk Strategie. Die befondsing van erfenisbewaring bewaar kulturele bakens en bevorder toerisme wat 'n belangrike ekonomiese aandrywer is. Hierdie steun stel Erfenis Wes-Kaap in staat om werkgeleenthede in restourasie, erfenistoerisme en kulturele opvoeding te skep.<br><br>Die DKES se programme steun sleutelareas, in ooreenstemming met die G4J-strategie, insluitend:<br><br>• Om die impak van beurtkrag te versag deur geaffilieerde museums met hulpbronne en sonpanele toe te rus.<br>• Vaartbelyning van erfenisaansoekprosesse om die besigheidsomgewing te verbeter. |

| Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030: GROEI-VIR-WERK (G4J) |
|---|
| • Voorbereiding van die jeug vir die werkplek deur inisiatiewe soos YearBeyond en jeuggefokusde programme en inisiatiewe in die sektore van sport, ontspanning, kuns, kultuur, taal, erfenis, biblioteke en argiewe.<br><br>Ander bydraes sluit die volgende in:<br><br>• Die DKES is 'n voorstander van ontspanning en sport, die skeppende kunste en die kulturele sektor wat betekenisvolle poste en werkgeleenthede skep. Kulturele en sportgeleenthede stimuleer ekonomiese groei in die sektore van toerisme en die kreatiewe ekonomie.<br>• Die uitbreiding van breëband en gratis internet by landelike openbare biblioteke dra by tot die steun wat die Departement aan werksoekers bied met die opstel van hul CV, werksoektogte en aanlyn aansoeke. Hierdie biblioteke bied ook naskoolse programme aan wat akademiese sukses en werkgereedheid bevorder.<br>• Die Departement befonds biblioteekpersoneel en skep werkgeleenthede deur die bou en opgradering van biblioteke, waarvan baie omskep word in gemeenskapsentrums wat loopbaanfeeste aanbied en vir entrepreneurs toegang gee tot besigheids-instrumente en -hulpbronne.<br>• Werkgeleenthede word ook geskep met die oprigting van nuwe interpretasiesentrums wat gekoppel is aan die Wieg van Menslike Kultuur-toerismeroete en deur die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) en die Young Creatives-program (deur die DSKK befonds). Die kreatiewe bedrywe vind baat by geleenthede in toneel-opvoerings, feeste, geleentheidsbestuur, handwerkontwikkeling en die kleinhandel.<br>• Die Kuns- en Kultuurbefondsingsprogram steun organisasies en individue wat werkopleiding in sport-, erfenis- en kultuurtoerisme skep.<br>• Die Naskoolse Program berei skoolverlaters voor vir die werkmark of verdere studies, en die Departement bevorder ook die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse Gebaretaal.<br>• Die Geval vir Sport beklemtoon die arbeidsintensiewe groei van ontspanning, sport, kuns en kultuur wat lei tot indiensneming deur ontwikkelingsprogramme op gebiede soos Ontspanning, MGO, Skoolsport en Gedeelde Fasiliteite. Sport dra sedert 2012 meer as R8,8 miljard per jaar by tot die Wes-Kaapse BBP en steun meer as 60 000 direkte en indirekte werkgeleenthede, wat sy rol as 'n belangrike ekonomiese aandrywer en werkskepper beklemtoon. Die suksesvolle aanbieding van die Netbalwêreldbeker 2023 het twee toekennings vir voortreflikheid ontvang en die Provinsie se reputasie vir wêreldgeleenthede bevorder. |

| Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030: VEILIGHEID |
|---|
| Ten einde veiligheid in die Provinsie te versterk, is dit noodsaaklik om te kyk na die hoofoorsake van geweld wat groei en die welstand van inwoners aansienlik belemmer. Die Departement se Veiligheid-prioriteit fokus daarop om jongmense in gevaar by lees-, ontspannings-, sport-, kuns- en kultuurprogramme te betrek. Met die versterking van faktore wat maatskaplike beskerming verseker, poog die Departement om deur middel van geteikende Naskoolse Programme te verhoed dat jeugdiges by misdaadaktiwiteite betrokke raak, insluitend: |

| **Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030: VEILIGHEID** |
| --- |
| • Akademiese uitdagings deur die YearBeyond-geletterdheid- en wiskunde-inhaalprogram vir graad 3 en 4.<br>• Afwesigheid en anti-sosiale gedrag deur middel van stapbusse, ouerwerkswinkels, aktiewe naskoolse aktiwiteite, sport- en kunsklubs en positiewe portuurverbindings.<br>• Marginalisering deur geleenthede vir gemarginaliseerde jeug te skep om deel te wees van programmering.<br>• Geweld deur geleenthede te bied om jongmense se vaardighede op alternatiewe wyses te bou om konflik en woede te hanteer deur inisiatiewe soos Shukuma en YearBeyond.<br>• Maatskaplike euwels deur die benutting van biblioteke, skole en gemeenskapsentrums as veilige ruimtes tydens en ná skoolure, insluitend die Ontspanning- en MGO-programsentrums.<br><br>Die Departement implementeer ook programme vir vroue en meisies om ongelykhede van die verlede uit die weg te ruim en om gemeenskapsveiligheid deur ondersteuning in die sportsektor te verbeter. Openbare biblioteke funksioneer as gemeenskapsentrums waar individue van uiteenlopende agtergronde interaksie kan hê, idees kan deel en saam kan werk aan projekte om 'n sin van gemeenskap en gedeelde verantwoordelikheid te bevorder. Hierdie biblioteke bied veilige omgewings vir alle gemeenskapslede, veral kinders.<br><br>Die Departement se steun vir geaffilieerde museums speel 'n belangrike rol om veiligheid in die Provinsie te versterk deur gemeenskapsbetrokkenheid, opvoeding en maatskaplike samehang te bevorder. Museums dien as veilige openbare ruimtes waar individue oor hul gedeelde erfenis kan leer om begrip te bou en maatskaplike spanning te verlig. Jeugdiges en gemeenskappe in gevaar word aktief by opvoedkundige inisiatiewe betrek om opbouende aktiwiteite by te woon, wat help om hulle van die strate af te hou.<br><br>Die Departement se veiligheidsintervensies word gerig deur die geïdentifiseerde misdaad-brandpuntgebiede in die Provinsie. Alhoewel die DKES se programme die hele Provinsie dek, skenk geteikende intervensies spesifiek aandag aan die behoeftes van brandpuntgebiede.<br><br>Die DKES verskaf biblioteke, argiewe, museums en sport-, ontspannings-, kuns- en kulturele fasiliteite in gemeenskappe om die maatskaplike struktuur te versterk. Hierdie ruimtes bevorder maatskaplike samehang, voorsien veilige omgewings en skep geleenthede vir gemeenskapsbetrokkenheid by kulturele en ontspanningsaktiwiteite. Spesifieke bydraes tot die bou van veilige en samehangende gemeenskappe sluit in:<br><br>• Biblioteke en Argiewe:<br>    o Biblioteke dien as gemeenskapsentrums as 'n platform om welstand en maatskaplike insluiting deur middel van gemeenskapsdeelname te bevorder.<br>    o Biblioteekdienste in korrektiewe sentrums help om oortreders te rehabiliteer, terugvalling te verminder en tot veiliger gemeenskappe by te dra.<br>    o Die Departement verskaf inklusiewe en toeganklike argiefdienste wat veilige, gratis en uitgebreide dienste lewer sodat kliënte toegang kan verkry tot genealogiese inligting, historiese rekords en boedeldokumente. Sodoende word samehorigheid bevorder en maatskaplike samehang word as deel van die veiligheidsprioriteit gesteun. |

| Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030:<br>VEILIGHEID |
|---|
| • Geleenthede in kuns, kultuur, sport en ontspanning vir die jeug en gemeenskappe:<br>  ○ Die DKES skep alternatiewe platforms om jongmense in gevaar te betrek en riskante gedrag te verminder deur naskoolse ontspannings- en kuns- en kultuur-programme aan te bied. Dit sluit fisiese, kulturele en opvoedkundige aktiwiteite in veilige, gestruktureerde omgewings in, soos skole, gemeenskaps-kunssentrums, museums en biblioteke.<br>  ○ Die programme van die ontwikkelingsinisiatiewe vir gemeenskapskuns bied opbouende plekke vir die jeug om hul vaardighede in die hantering van konflik en emosies te versterk en veilige ruimtes vir gemeenskapsdeelname te skep.<br>• Vennootskappe vir maatskaplike verandering:<br>  ○ Samewerking met die burgerlike samelewing, munisipaliteite en tersiêre instellings wend sport aan as 'n instrument om positiewe gedrag, geskil-beslegting en emosionele beheer te bevorder. Positiewe portuurnetwerke word deur sport, kuns en kultuur geskep om die jeug te voorsien van ondersteunende omgewings wat betrokkenheid by riskante gedrag verminder.<br>• Museums en erfenis:<br>  ○ Museums dien as veilige openbare ruimtes vir leer, besinning en genesing. Museums bied deur middel van uitstallings en opvoedkundige programme geleenthede vir burgers om met hul erfenis te verbind en bevorder sodoende begrip, versoening en maatskaplike samehang.<br>• Sportfasiliteite en veiligheid:<br>  ○ Die Departement poog om in samewerking met die Wes-Kaap Onderwys-departement (WKOD) veilige, toeganklike sportfasiliteite in minderbevoorregte gebiede te skep en in stand te hou. Dit sorg dat jongmense veilige plekke het waar hulle aan ontspanningsaktiwiteite kan deelneem, wat hul kwesbaarheid vir geweld en misdaad verminder.<br>• Naskoolse programme:<br>  ○ Die Departement verseker deur middel van gestruktureerde naskoolse aktiwiteite dat jongmense tydens kritieke ure in opbouende omgewings kan wees waar daar minder blootstelling aan negatiewe invloede soos geweld, misdaad en dwelmmisbruik is.<br>• Emosionele veiligheid en geestesgesondheid:<br>  ○ Programme soos Waves for Change voorsien die jeug van hanterings-meganismes vir emosionele uitdagings, wat bydra tot beter geestes-gesondheid en algehele welstand. Hierdie inisiatiewe bevorder emosionele veiligheid wat deurslaggewend vir hul holistiese ontwikkeling is. Formele ooreenkomste is met NRO's soos Waves for Change en ander organisasies aangegaan.<br>• Geleenthede en fasiliteitsbestuur:<br>  ○ Die DKES bevorder veilige ruimtes vir sport- en kultuuraktiwiteite deur die WOSA-benadering en vennootskappe. Dit behels onder meer die bestuur van geleenthede, oppervlaktes en projekte wat 'n gevoel van samehorigheid en eienaarskap onder gemeenskappe skep en tot die volhoubaarheid en veiligheid van hierdie fasiliteite bydra. |

**Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030:**
**OPGEVOEDE, GESONDE EN SORGSAME SAMELEWING (OGSS)**

Die DKES is een van die sleutelbewaarders van die Opgevoede, Gesonde en Sorgsame Samelewing-portefeulje (OGSS), met 'n sterk fokus op kinders en jeugontwikkeling. Die impak van COVID-19 het klem gelê op hoe belangrik die Departement se intervensies in die sport-, ontspannings-, kuns- en kultuursektor is om die algehele welstand van gemeenskappe in die Provinsie te verbeter.

Ons sleutelintervensies oor die volgende vyf jaar sluit in:

a. Bewusmaking oor en bevordering van welstand

Die DKES poog om nuwe gemeenskapsnarratiewe te skep met die fokus op hoe belangrik welstand is, veral vir die jeug. Intervensies behels onder meer ontspanning, sport, kuns, kultuur en taal, museums, erfenis, biblioteke en argiewe, en jeuggesentreerde programme wat ontwerp is om uitdagings met betrekking tot welstand te behandel. Dialoë oor geestesgesondheid sal ook gefasiliteer word, veral in gemeenskappe waar geestesgesondheid dikwels gestigmatiseer word. Vennootskappe met sektore soos godsdienstige organisasies sal hierdie pogings 'n verdere hupstoot gee, aangesien hul hulpbronne benut kan word om 'n breër welstandsinisiatief te bevorder.

b. Aktivering van gemeenskappe en bewusmaking oor geestesgesondheid

Die DKES sal gemeenskappe betrek met inisiatiewe soos welstandwandels, herinneringsveldtogte en geleenthede wat die stemme van geteikende groepe, soos vroue en die jeug, beklemtoon. Spesiale veldtogte oor geestelike welstand, veral vir die jeug, sal gehou word om Wêreld Geestesgesondheidsdag te vier.

c. Intervensies vir openbare biblioteke

Openbare biblioteke speel 'n belangrike rol in die bevordering van die OGSS-portefeulje deur toeganklike, veilige en inklusiewe ruimtes te bied waar persoonlike groei, lewenslange leer en die veerkragtigheid van gemeenskappe ontwikkel kan word. Hulle dien as sentrums van kennis en bied opvoedkundige hulpbronne en digitale instrumente wat individue in staat stel om hul lewensgehalte te verbeter. Biblioteke bevorder maatskaplike samehang, geestesgesondheid en toegang tot kritieke inligting oor gesondheid en maatskaplike dienste deur middel van gemeenskapsprogramme soos leesgroepe en welstandwerkswinkels. Vroeëkindontwikkeling is 'n sleutelfokus van die OGSS-portefeulje en biblioteke dra by deur vroeë geletterdheid te bevorder en 'n liefde vir lees van kleins af te kweek. Geletterdheidsinisiatiewe sluit digitale geletterdheidsprogramme, storie-ure, leeskringe, boekklubs en besoeke aan skole en VKO-sentrums in die Wes-Kaap in. Openbare biblioteke help om deur gemeenskapsuitreiking en intergenerasieprogramme 'n nasionale leeskultuur te bou.

d. Jeugdiensprogram

Werkloosheid onder die jeug, veral onder diegene tussen die ouderdom van 15-24, het weens die ekonomiese impak van COVID-19 tot 62,2% gestyg, wat een van die grootste uitdagings vir sowel Suid-Afrika as die Wes-Kaap inhou. Die Departement skenk hieraan aandag deur die koördinering van 'n transversale poging om die jeug van werkervaring te voorsien en 'n kultuur

| Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030:<br>OPGEVOEDE, GESONDE EN SORGSAME SAMELEWING (OGSS) |
|---|
| van diens en maatskaplike betrokkenheid te kweek. Meer as 10 000 geleenthede sal oor die volgende vyf jaar vir die jeug geskep word deur die uitbreiding van die YearBeyond- en UOWP-program se voetspoor.<br><br>Die YearBeyond-program is 'n leidende inisiatief wat betekenisvolle werkervaring, lewensvaardighede en werkgereedheid vir jongmense aanbied. Die oogmerk is dat 75% of meer van die deelnemers na werk of studies sal vorder.<br><br>Dié inisiatief stem direk ooreen met al drie die provinsiale prioriteite van G4J, Veiligheid en OGSS. Die jeugdiensprogram steun maatskaplike samehang en versterk demokrasie deur aktiewe burgerskap en vrywilligerswerk te bevorder. Gemeenskapsveiligheid word ook versterk deur die risiko van anti-sosiale gedrag en geweld deur middel van betekenisvolle werkervarings te verminder. Die tweeledige-begunstigde-aard van die program ondersteun ook opvoedkundige, geletterdheids-, welstand- en veiligheidsuitkomste wat toegang tot noodsaaklike regeringsdienste uitbrei.<br><br>Bewusmakingsprogramme oor die Argief, soos Argiefbewusmakingsweek, aanlyn aanbiedings en virtuele toere wat ontwerp is om die jeug te betrek en te bemagtig met kennis oor die Argief en die maatskaplike rol wat dit speel, vul hierdie pogings aan. Deur jongmense aan argiewe bekend te stel, bou hierdie programme 'n dieper begrip van geskiedenis, bestuurstoesig en die ontwikkeling van die samelewing, terwyl kritiese denke, navorsingsvaardighede en 'n gevoel van identiteit bevorder word. Deur toegang te verleen tot argiefrekords wat verband hou met gemarginaliseerde groepe en maatskaplike bewegings, word gemeenskappe bemagtig om hul regte te verdedig, en maatskaplike geregtigheid en billikheid word bevorder – sleutelkomponente van die OGSS-prioriteit.<br><br>Die Departement sal ook bydra tot provinsiale aanwysers oor jeugwelstand, insluitend:<br>• Die persentasie jeugprogramme wat voldoen aan die raamwerk vir norme en standaarde (riglyne) en ondersteuning om die belyning van programme te verbeter.<br>• Die getal verskanste en geteikende Naskoolse en Gemeenskapsprogramme vir die jeug.<br>• Die getal geleenthede vir jeug-in-diens.<br><br>Verder het die Departement 'n omvattende welstandondersteuningstelsel vir die jeug ontwikkel deur die Basiese Pakket van Dienste-loodsprogram en YearBeyond se manteldienste wat verseker dat jongmense toegang verkry tot die welstandsdienste wat hulle nodig het om te floreer.<br><br>Aanwysers vir MGO-sentrums stem ooreen met provinsiale teikens vir jeugwelstand. Hierdie sentrums verseker voldoening aan norme, verskaf geteikende naskoolse programme en skep jeugdiensgeleenthede, en steun sodoende die Provinsie se doelwitte vir jeugbemagtiging en -welstand.<br><br>Dié strategiese fokus op jeugbetrokkenheid, -indiensneming en -welstand is van kardinale belang om veerkragtige gemeenskappe te bou, paaie na werkgeleenthede te skep en 'n kultuur van lewenslange diens en maatskaplike verantwoordelikheid te kweek.<br><br>e. Toegang tot inligting in Argief- en Rekorddienste |

| Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030: OPGEVOEDE, GESONDE EN SORGSAME SAMELEWING (OGSS) |
|---|
| Die Argief het ten doel om individue en gemeenskappe te bemagtig deur toegang tot argiefrekords te verbeter en sodoende ingeligte besluitneming en gemeenskaps-betrokkenheid te bevorder. Dit sal bereik word deur omvattende toegang vir plaaslike en internasionale navorsers en studente te verskaf deur regstreekse dienste en tydige antwoorde op navrae, saam met 'n uitgebreide digitaliseringsprogram en gevolglike toegewyde webwerf vir gedigitaliseerde beelde. Verder sal die implementering van opleiding in rekordbestuur vir bestuurders van regeringsrekords die behoorlike versorging en deursigtigheid van openbare rekords verseker. Die inisiatief sal ook samewerking bevorder deur middel van ALMAL-sentrums om gemeenskappe se toegang tot inligting te verbeter en lewenslange leer te steun. Hierdie inisiatief sal uiteindelik gemeenskapswelstand versterk deur burgers te bemagtig en maatskaplike betrokkenheid deur toegang tot belangrike inligting en hulpbronne te fasiliteer.<br><br>f. Toegang tot en bevordering van kuns, kultuur en taal<br><br>Die DKES is daartoe verbind om seker te maak dat alle gemeenskappe in die Wes-Kaap, ongeag ouderdom, billike toegang tot kuns en kultuur geniet. Met erkenning vir die feit dat die kultuur- en kreatiewe bedrywe baie staatmaak op regeringsfondse om volhoubaar te wees, verskaf die DKES noodsaaklike finansiële en in-natura steun aan kunsorganisasies, individue en maatskappye. Hierdie steun bevorder vennootskappe met verskeie kunsorganisasies en skep geleenthede vir individue om hul talente op professionele platforms te identifiseer, te ontwikkel en ten toon te stel.<br><br>Daarbenewens bestuur die Departement ses kultuurfasiliteite wat jeugkampe onder leiding van professionele kunstenaars aanbied, met jongmense in landelike gebiede wat spesifiek geteiken word. Die Departement bevorder nie alleen maatskaplike samehang deur hierdie interaksies te fasiliteer nie, maar dien ook as 'n katalisator vir ekonomiese geleenthede in die kunssektor. Hierdie strategiese program sal lei tot toenemende toegang tot kuns en kultuur vir alle gemeenskappe, veral in landelike gebiede, en sal deur middel van jeugkampe en professionele vennootskappe talent ontwikkel. Dit sal maatskaplike samehang bevorder deur inklusiewe kulturele ervarings te skep en terselfdertyd by te dra tot ekonomiese bemagtiging deur steun aan die kreatiewe bedrywe te gee. Verder sal die inisiatief deur die betrokkenheid van jongmense en die ontwikkeling van hul talente tot hul algehele welstand bydra, en geleenthede skep vir persoonlike en professionele groei in die kunssektor. Die Departement is daartoe verbind om die gebruik van inheemse tale en die drie amptelike tale van die Wes-Kaap te bevorder, insluitend Suid-Afrikaanse Gebaretaal, ten einde maatskaplike insluiting te versterk en kulturele samehorigheid te bevorder. Inheemse tale en kulturele uitdrukkings, veral dié wat histories gemarginaliseer is, is uiters belangrik om die ryk erfenis van ons gemeenskappe te bewaar. Met die opheffing en bewaring van hierdie tale verseker ons dat die unieke tradisies, narratiewe en identiteite eie aan die tale aanhou floreer. Die bevordering van die gebruik en herkenning van inheemse tale in die Wes-Kaap versterk nie net kulturele bande nie, maar verryk ook die kollektiewe identiteit en geskiedenis van die streek.<br><br>g. Toegang tot sport en ontspanning vir welstand<br><br>Die DKES is daartoe verbind om die welstand van gemeenskappe in die Wes-Kaap te bevorder deur billike toegang tot sport- en ontspanningsdienste te verskaf, maatskaplike |

samehang te bou en uitdagings in die samelewing aan te pak. Die DKES bevorder in vennootskap met federasies en klubs sportontwikkeling, -opvoeding en -opleiding, met 'n fokus op onderbediende gemeenskappe wat gemarginaliseerde groepe, landelike en plaaswerkers insluit. Toegang sal deur die MGO-program en die gedeelde fasiliteite verleen word.

Die MGO-program is ontwerp om maatskaplike samehang te bou en bied veilige ruimtes vir die skoolgaande jeug, met erkenning vir skole as gemeenskapsentrums. Dit verskaf liggaamlike en sportaktiwiteite om maatskaplike uitdagings die hoof te bied, en skep 'n deelnemerpyplyn vanaf die vroeë kinderjare tot bejaardes se betrokkenheid. Hierdie holistiese benadering bevorder 'n gevoel van samehorigheid en lewenslange aktiwiteit.

Gedeelde fasiliteite vir sport, kultuur, kuns en ontspanning by skole of klusters skole voorsien veilige, toeganklike ruimtes aan die jeug. Hierdie fasiliteite kweek 'n gevoel van trots en identiteit en help met die stryd teen maatskaplike euwels, soos misdaad. Die doel is om "lewenslange aktiwiteit" en "holistiese opvoeding" aan te moedig en 'n "aktiewe en wennende nasie" te bou.

Sport en Ontspanning verskaf deur die volgende geteikende intervensies dienste aan burgers in alle lewensfases om 'n pad na welstand te bou:

- **Vroeë kinderjare (0-6 jaar):** Gestruktureerde ontspanningsprogramme by VKO-sentrums bevorder gesonde groei en ontwikkeling.
- **Skoolouderdom (6-18 jaar):** Programme soos MGO en Skoolsport bevorder liggaamlike fiksheid, maatskaplike samehang en emosionele welstand, met voedings-ondersteuning van die WKOD.
- **Jeugdiges (18-25 jaar):** Deur jeugdiensprogramme soos die UOWP en vennootskappe met instellings soos NorthLink Kollege, Chrysalis Akademie en Waves for Change. Hierdie inisiatiewe bevorder indiensneembaarheid, entrepreneurskap en leierskap-vaardighede, asook die algemene welstand van die jeug.
- **Volwassenheid (25-60 jaar):** Die bevordering van lewenslange liggaamlike aktiwiteit deur middel van ontspanningsprogramme het ten doel om liggaamlike welstand te bou en stres te verminder. Dit ondersteun ook vaardigheidsontwikkeling en werkgeleenthede wat volwassenes help om kwalifikasies te werf en hul ekonomiese welstand te verbeter – wat tot gemeenskapsontwikkeling bydra.
- **Senior burgers (60+ jaar):** Die DKES bied gespesialiseerde ontspanning- en kulturele aktiwiteite wat liggaamlike, geestelike en maatskaplike welstand bevorder en afsondering verminder.

h. Groot geleenthede: Bevordering van eenheid

Die DKES poog om groot geleenthede te benut om maatskaplike samehang en nasiebou te bevorder. Die bevordering van hierdie inisiatiewe help om die maatskaplike welstand van gemeenskappe te versterk en uiteindelik tot die ontwikkeling van aktiewe, veerkragtige en betrokke bevolkings in alle lewensfases by te dra.

**Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030:**
**OPGEVOEDE, GESONDE EN SORGSAME SAMELEWING (OGSS)**

i. Strategie oor geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (GGGV)

Die DKES is daartoe verbind om die welstand van vroue en meisies te verbeter deur geslagsgelykheid en veiligheidsmaatreëls by al sy programme te integreer, met die fokus veral op die voorkoming van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (GGGV). Die Departement is 'n sleuteldeelnemer aan die provinsiale GGGV-forum waar voorspraak gelewer word vir gedragsverandering in al sy programme ten opsigte van sport, kuns, kultuur, erfenis, biblioteke, argiewe en die jeug. Kwartaallikse verslae word by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling ingedien om belyning met die GGGV-voorkomingsplan te verseker.

Die Vroue in Sport-program bemagtig vroue deur leierskapontwikkeling, kapasiteitsbou en blootstelling aan alle aspekte van sport en ontspanning. Beveiliging in sport bly 'n primêre fokus en die DKES lei inisiatiewe in alle distrikte in die Wes-Kaap, met jong meisies in landelike en plaasgebiede wat die fokus is. Die DKES het in samewerking met die Departement van Sport, Kuns en Kultuur (DSKK) die Vroue in Sport-beleid verfyn en het 'n vennootskap met die Wes-Kaapse Beveiligingskommissie en distriksportrade aangegaan om beskermende beleide vir gemarginaliseerde groepe te implementeer.

Daarbenewens is geslagsgelykheid veranker in die DKES se Kuns-, Kultuur- en Erfenis-programme, waar die Jaarlikse Befondsingsinstrument projekte vir die bemagtiging en insluiting van vroue bevorder. Dit sluit ook Biblioteke, Argiewe en Jeugprogramme in, waar geslagsgebaseerde inisiatiewe geïmplementeer word om vroue en meisies op te hef deur aan hulle toegang te gee tot opvoedkundige, kulturele en leierskapgeleenthede.

Ter verdere versterking van sy pogings, brei die DKES steun vir geleenthede in mentorskap uit vir vroue-atlete, -kunstenaars en -kultuurleiers, en bevorder vennootskappe wat beurse vir jong vroue in sport- en kultuuropvoeding aanbied. Die DKES ontwikkel ook gemeenskaps-gebaseerde ondersteuningsnetwerke vir oorlewendes van GGG om seker te maak dat sy intervensies veiliger, inklusiewer omgewings vir vroue en meisies in alle sektore skep.

Ander sleutelstrategiese intervensies sluit in:

- Bemagtiging van gemeenskappe deur onderwys: Die DKES benut biblioteke, mondelinge geskiedenis en kunsprogramme om gehoor te gee aan stemme in die gemeenskap, lewenslange leer aan te moedig en paaie na bedrewenheid in sport en die kunste te verskaf. Inisiatiewe soos die MGO-program en YearBeyond help die jeug om 'n gevoel van doelgerigtheid te ontwikkel en om toekomstige geleenthede te skep.

- Toegang tot inligting en geletterdheid: Die Landelike Biblioteekkonnektiwiteitprojek verseker dat gemeenskappe gratis internettoegang het vir aanlyn onderwys en werkaansoeke, terwyl vennootskappe met die Departement van Onderwys geletterdheid en 'n kultuur van lees bevorder. Die Argiefdiens verskaf opvoedkundige hulpbronne, toegang tot inligting vir navorsers en opleiding in rekordbestuur wat tot openbare kennis en bemagtiging bydra.

| Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030:<br>OPGEVOEDE, GESONDE EN SORGSAME SAMELEWING (OGSS) |
|---|
| • Jeugontwikkeling en naskoolse veiligheid: Die DKES verskaf veilige, gestruktureerde naskoolse omgewings wat risiko's vir die jeug verminder deur naskoolse programme soos Ontspanning en MGO wat 'n gesonde leefstyl en deelname aan sport bevorder. Die YearBeyond-program voorsien NEET-jongmense van werkervaring en vaardighede om hul oorgang na die werkomgewing of verdere opvoeding te steun.<br><br>• Kuns en kultuur as instrumente vir maatskaplike samehang: Die DKES steun die skeppende kunste deur geleenthede in kapasiteitsbou aan die jeug te bied, ontluikende kunstenaars op te lei en die ontwikkeling van streekskulturele identiteite te bevorder deur middel van feeste, geleenthede en die bewaring van tradisionele kunsvorms. Hierdie inisiatiewe bou empatie, verdraagsaamheid en maatskaplike samehang en lig plaaslike toerisme- en ekonomiese strategieë in.<br><br>• Gemeenskapskunssentrums: Die Wes-Kaapse Gemeenskapskunssentrum-strategie versterk gemeenskapswelstand en maatskaplike samehang deur die ondersteuning van kunsinfrastruktuur, kapasiteitsbou en gemeenskapsgebaseerde kunsontwikkeling – wat tot veiliger, aktiewer gemeenskappe bydra.<br><br>• Gebruiklike inisiasie: Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) is diep verbind tot die bewaring en beskerming van die kulturele praktyk van gebruiklike inisiasie en maak seker dat dit op 'n veilige, eerbiedige en gesonde wyse plaasvind. Die Departement erken die kulturele betekenis van inisiasie in baie gemeenskappe en daarom is die welstand en veiligheid van jong geïnisieerdes die Departement se eerste prioriteit. Ons strategiese doelwit is om geen sterfgevalle en geen gesondheids-komplikasies tydens die inisiasieproses te verseker en die integriteit van hierdie belangrike deurgangsrites te handhaaf terwyl die lewens van ons jeug beveilig word.<br><br>• Kultuur- en taalinsluiting: Die Departement bevorder die gebruik van inheemse tale en die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, insluitend Suid-Afrikaanse Gebaretaal, ten einde maatskaplike insluiting te versterk en kulturele hartlikheid te bevorder.<br><br>• Erfenis en museums: Die DKES benut museums, opvoedkundige programme en uitstallings om besoekers te voorsien van kennis oor erfenis en om oomblikke van besinning en persoonlike groei te bevorder ten einde 'n gevoel van samehorigheid te versterk. |

| Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030:<br>INNOVERING, KULTUUR EN BESTUURSOORSIG (IKG) |
|---|
| Die Departement is daartoe verbind om dienslewering te verbeter en in inwoners se veranderende behoeftes te voorsien. Innovering en digitale transformasie word deur middel van IKT-inisiatiewe in alle werksaamhede ingebed in 'n poging om doeltreffendheid, responsiwiteit en integrasie in die staatsdiens aan te dryf om te verseker dat dienste mensgesentreerd, toeganklik en aanpasbaar is. Ons belangrikste fokuspunte sluit in: |

**Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030:**
**INNOVERING, KULTUUR EN BESTUURSOORSIG (IKG)**

**Innovering vir beter doeltreffendheid en responsiwiteit**

Met die inbedding van innovering in alle gebiede van dienslewering sal die DKES voortgaan om op digitale transformasie te fokus om bedryfsdoeltreffendheid te verbeter. Sleutelinisiatiewe sluit in: Om met die digitalisering van argiefrekords aan te gaan; om Access to Memory (AtoM) vir rekordbestuur en -beskrywing te gebruik sodat meer versamelings aan die publiek beskikbaar is; en om die omvattende Ondernemingsinhoudbestuur-platform te ontplooi om departemente te help om beter beheer oor dokumente en rekordbestuur te hê. Toekomsgerigte oplossings soos aanlyn uitstallings en die argiewe se webwerf sal openbare toegang tot regeringsrekords en kultuurerfenis verbeter om dienste meer doeltreffend en responsief op burgers se behoeftes te maak.

**Gemak van sake doen met die regering vir doeltreffende dienslewering**

Sleutelinisiatiewe sluit die aanlyn ontvangs van erfenisaansoeke, die gebruik van QR-kodes vir maklike toegang tot boodskapgroepe en intydse opdaterings via sosialemediaplatforms in. Hierdie innoverings verseker dat belanghebbendes makliker en meer effektief deur regeringsprosesse kan navigeer. Verder sal virtuele toere, aanlyn uitstallings en die argiewe se webportaal afstandtoegang tot regeringsdienste en kulturele hulpbronne verskaf, wat tot openbare betrokkenheid en deursigtigheid bydra.

Openbare toegang tot kulturele fasiliteite sal versterk word deur 'n aanlyn besprekingstelsel en aanlyn aansoekprosesse vir jaarlikse befondsing in die kuns- en sportsektor bekend te stel. Hierdie platform sal toegang tot regeringsdienste vereenvoudig en die algemene kliënte-ervaring verbeter, in ooreenstemming met die doel om sakeaktiwiteite met die regering te vergemaklik.

**'n Databasis vir rekordbestuur oor gebruiklike inisiasie**

Die DKES is daartoe verbind om te verseker dat gebruiklike inisiasie veilig, eerbiedig en gesond is, met geen sterfgevalle en gesondheidskomplikasies as mikpunt. Fase 1 van die elektroniese aansoekstelsel vir inisiasieskole is ontwikkel en is tans in die toetsfase. Hierdie stelsel belyn met IKT-prioriteite, vereenvoudig die aansoekproses en handhaaf 'n omvattende databasis, soos bepaal in artikel twee van Wet op Gebruiklike Inisiasie. Die databasis sal volgens 'n gefaseerde benadering geïmplementeer word om die Provinsiale Komitee vir die Koördinering van Inisiasies te steun in die doeltreffende uitvoering van die Wet oor Gebruiklike Inisiasie.


**Bevordering van sportinnovering en ontwikkeling van e-sport**

Die DKES sal voortgaan om innoverings in sportontwikkeling te verken, insluitend vennootskappe met gemeenskappe en federasies om e-sport in die Provinsie te bevorder. Hierdie fokus op digitale sportinteraksie voorsien in die veranderende behoeftes van gemeenskappe en steun inklusiewe dienslewering.

**Aanwending van tegnologie om geletterdheid en leer te verbeter**


| **Departementele bydrae tot PSP-portefeulje vir 2025-2030:**<br>**INNOVERING, KULTUUR EN BESTUURSOORSIG (IKG)** |
| --- |
| Die DKES sal elektroniese hulpbronne vermeerder en die gebruik van vrywilligers in biblioteke uitbrei om 'n kultuur van lees en leer te kweek. Die bekendstelling van e-boeke en oudioboeke sal openbare biblioteke in veeldoelige gemeenskapsentrums omskep en gerieflike toegang tot leermateriaal verskaf, en die digital leemte sal vul deur middel van projekte soos die Landelike Biblioteekkonnektiwiteitprojek. Dit stem ooreen met ons strategie vir digitale innovering deur inligting meer toeganklik te maak en digitale kommunikasie in gemeenskappe te bevorder. |

Die Departement se programmeringsbesluite ten opsigte van die implementering van die provinsiale prioriteite is in lyn met die Provinsie se sosio-ekonomiese konteks. Die jeug bly kwesbaar in die mark, met 'n toename in die getal jeugdiges wat nie in onderwys, diens of opleiding is nie (NEET's), en werkloosheid is veral onder die jeug hoog. Werkloosheid is hoër onder diegene met laer vlakke van onderwys en ook hoër vir diegene sonder matriek in vergelyking met diegene met 'n graad. Hierdie konteks word in die grafieke hier onder uitgebeeld:




*Bron: PERO (Provincial Economic Review and Outlook) 2024*

Die DKES se intervensies is gegrond op 'n benadering van vroeë intervensie waarvolgens die Departement poog om toegang tot beskermende faktore te verbreed en vroeg in mense se lewens in te gryp om hulle op 'n pad te plaas om produktiewe, aktiewe burgers te word, soos hier onder geïllustreer:




Die Departement is daartoe verbind om 'n kontinuum van steun te verseker om risiko te verminder. Dit behels onder meer 'n spesifieke fokus om seker te maak dat kinders vanaf geboorte toegang tot boeke het.

Die PIRLS-studie, 2021 (Progress in International Reading Literacy Study) het daarop gedui dat dit nie net 'n feit is dat 81% van Suid-Afrikaanse graad 4-leerders nie vir betekenis kan lees of basiese inligting uit 'n teks kan onttrek om eenvoudige vrae te beantwoord nie, maar dis ook 'n feit dat bykans al daardie kinders uit arm gemeenskappe kom waar hulle nie by die skool of by die huis toegang tot leesmateriaal het nie. Die Nasionale Leesbarometer het bevind dat 63% van huishoudings nie toegang tot leesmateriaal in die huis het nie en dat 65% van huishoudings met kinders jonger as 10 jaar nie 'n enkele prenteboek het nie.

Die eerste stap om hierdie kwessies aan te pak, is om te verander hoe ons onderwys beskou. Leer is nie beperk tot wat ons kinders tussen 08:00 en 14:00 by die skool ervaar nie. Dit vind in der waarheid binne die konteks van 'n volle lewe plaas, een waarin kinders aan 'n baie breë 'kurrikulum' blootgestel is en dus multidimensionele stimulasie ervaar. Dit behels onder meer om die lesse van spanwerk en veerkragtigheid op die sportveld of verhoog te leer, oorlewing wanneer hulle in die natuur kamp, aanwakkering van nuuskierigheid deur besoeke by verskillende plekke af te lê en stories oor ander mense te hoor – kreatiwiteit word gebou deur nuwe en verskillende dinge te sien. Dit is hoe weetgierige individue wat onafhanklik kan dink en saam met ander kan werk, en wat sosiaal bewus en betrokke is, gekweek en ontwikkel word. Dit is die saamgestelde effek van dié ervarings waarby hulpbronryke kinders baat vind en 'n opvoedkundige voordeel van vier tot ses jaar bó hul hulpbronarme porture het (Oorsig van simposium oor naskoolse navorsing 2019, Universiteit Stellenbosch).

Die PSP volg ook 'n lewensverloopbenadering tot mensgesentreerde lewering deur die veranderinge wat in die lewens van burgers moet plaasvind, in ag te neem. Die Opgevoede, Gesonde en Sorgsame Samelewing-portefeulje sluit uitkomste vir individue in die verskillende stadiums van hul lewe in. Deur tot die OGSS-portefeulje by te dra, verskaf die Departement ook dienste vir elke fase van 'n individu se lewensiklus, soos hier onder gedemonstreer:

| Conception | 0 – 2 yrs<br>0 – 5 yrs | 6 – 10 yrs | 11 – 15 yrs | 16 – 18 yrs | 19 – 24 yrs | 25 yrs plus |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Arts and culture | Arts and culture | Arts and culture | Arts and culture | Arts and culture | Arts and culture |
| | Museums | Museums | Museums | Museums | Museums | Museums |
| | Recreation | Recreation | Recreation | Recreation | Recreation | Recreation |
| | Libraries - Reading for meaning | Libraries - Reading for meaning | Libraries | Libraries | Libraries | Libraries |
| | | artists in schools | artists in schools | Young patriots, artists in schools | Young patriots | |
| | | Primary school sport | Primary and high school sport | High school sport | | |
| | | After School Programme | After School Programme | After School Programme | | |
| | | | | Club and Fed. Support – long term particip. | Club and Fed. Support – long term particip. | Club and Fed. Support – long term particip. |
| | | | | Archives | Archives | Archives |
| | | | | | Initiation programme | Initiation programme |
| | | | | | EPWP | EPWP |
| | | | | | Youth in service | |

**Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie:**

Die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie het ten doel om meer ondersteuning, geleenthede en dienste aan alle jongmense te bied sodat hulle beter by hul omgewing kan inskakel en verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes kan word. Die doel van die strategie is dat die jeug in die Wes-Kaap geïnspireerde, opgevoede, verantwoordelike, onafhanklike en gesonde individue is wat op 25-jarige ouderdom produktiewe persoonlike, gesins- en sosiale verhoudings het. Die strategie is op die vyf pilare hier onder gegrond:

| PILAAR | DOELWIT | PROGRAMME |
|---|---|---|
| Die familie as fondament | Om 'n kritiese massa van ouers met doeltreffende ouerskap-vaardighede en ondersteunings-netwerke te hê om positiewe jeugontwikkeling te steun | • Familie- en ouerondersteuning<br>• Gesondheid en psigososiale dienste<br>• Gesondheidsgeletterdheid<br>• Gemeenskapsrolmodel-ambassadeursprogram |
| Onderwys en opleiding | Om toe te sien dat die jeug geletterd, gesyferd en voorbereid is vir die lewe en vir werk | • Gehalte-onderwys<br>• Leerderretensie<br>• Gestruktureerde naskoolse aktiwiteite<br>• Vaardigheidsontwikkeling en -bemiddeling<br>• Internettoegang vir die publiek |
| Ekonomiese geleentheid | Om geleenthede vir die jeug te bied sodat hulle vooruitsigte in die werk- en arbeidsmark uitgebrei word | • Beter verbindings tussen die jeug en werkgeleenthede en studie deur betekenisvolle werkervarings te skep<br>• Gesubsidieerde werkprogram<br>• Bemiddelingsdienste vir indiensneming<br>• Finansiële geletterdheid |

| PILAAR | DOELWIT | PROGRAMME |
| --- | --- | --- |
| Identiteit en om te behoort | Om te sorg dat die jeug kan identifiseer met positiewe invloede in hul lewens wat 'n gevoel van behoort en bemiddeling bevorder | • Eweknie-ondersteuning en -netwerke<br>• Geleenthede vir sport, musiek, kuns en kultuur as 'n instrument vir ontwikkeling<br>• Jeugruimtes en -netwerke<br>• Positiewe beelde van die jeug<br>• Ontwikkeling van leierskap<br>• Verskaffing van toegang tot rekords wat genealogiese inligting bevat |
| Geleenthede vir herverbinding | Om die herverbinding van die jeug te fasiliteer deur doeltreffende dienste en ondersteuning te bied vir herverbinding, veerkragtigheid en positiewe ontwikkeling | • Aktiewe programme om te skakel met jeug wat bande verbreek het<br>• Positiewe voetstappe-program<br>• Vaardighede- en werkbemiddeling |

Die Departement dra by tot elk van die vyf pilare van die strategie, veral Onderwys en Opleiding, deur die verskaffing van gestruktureerde naskoolse aktiwiteite en leesprogramme; werkgeleenthede deur YearBeyond, Ontspanning, Skoolsport, MGO-program, Klub-ontwikkelingsprogram, Sportakademiestelsel en Sportgeleenthede; en Identiteit en Samehorigheid – deur geleenthede te verskaf vir diens, ontspanning, sport, musiek, kus en kultuur om positiewe portuurnetwerke en paaie te bevorder. Die ouerskapprogramme en VKO-werk dra by tot sterk fondasies. Die werk met kinders wat nie op skool is nie of wat 'n risiko loop om uit te val, verskaf via YearBeyond se @home-program geleenthede om weer te verbind.

### a) Kindgerigte intervensies

Openbare biblioteke speel 'n belangrike rol om in die inligting-, opvoedkundige en geletterdheidsbehoeftes van jongmense in hul gemeenskappe te voorsien. Alhoewel dit iets is wat biblioteke nog altyd gedoen het, verander die aard en omvang biblioteekdienste deesdae om in die nuwe, verskillende en groeiende behoeftes van kinders en die jeug te weerspieël. Namate rekenaars in ons daaglikse lewens belangriker word, het biblioteke dienooreenkomstig gereageer. Vir diegene wat nie by die huis of skool toegang tot rekenaars het nie, is die biblioteek dikwels hul enigste geleentheid om te leer hoe om met een te werk, om hulself vertroud te maak met die verskeie sagtewareprogramme en om aan die internet bekendgestel te word.

Openbare biblioteke is gewilde naskoolse bymekaarkomplekke vir kinders en die jeug, waar hulle antwoorde op naslaanwerk kry en navorsing kan doen. Van hulle soek hulp met huiswerk, maar vir ander jongmense bied die biblioteek ook 'n brug tussen die struktuur van formele onderwys na die selfgerigte pad van lewenslange leer. Dit dien as 'n hulpbron vir inligting oor loopbaangeleenthede en werkopleiding, asook alle soorte persoonlike belangstellings en aktiwiteite.

Die Departement speel deur sy jeug- en naskoolse programme 'n belangrike rol om billike toegang tot breër opvoeding te verbeter deur gestruktureerde ondersteuning te bied om inskoolse leer aan te vul. Hierdie programme is ontwerp om leemtes te oorbrug, veral vir kinders uit gemarginaliseerde of onderbediende gemeenskappe, deur seker te maak dat hulle dieselfde geleenthede as hul porture het om suksesvol te wees.

'n Belangrike kenmerk van die Departement se inisiatiewe is die skepping van veilige ruimtes waar kinders ná skool bymekaar kan kom. Dié ruimtes bied meer as net 'n veilige omgewing –

hulle verskaf 'n gestruktureerde opset waar kinders aan positiewe, produktiewe aktiwiteite kan deelneem en sodoende hul blootstelling aan skadelike invloede kan verminder, soos misdaad, middelmisbruik of riskante gedrag. Hierdie benadering help ook om die druk op werkende ouers te verlig deur te sorg dat hulle kinders gedurende kritiese naskoolse ure onder goeie toesig is en by betekenisvolle aktiwiteite betrokke is.

Verder bied die Departement se programme aan kinders die kans om hul passies te ontdek en na te streef, hetsy in sport, die kunste of ander kreatiewe en ontspanningsaktiwiteite. Hierdie geleenthede stel die jeug in staat om hul belangstellings te verken, hul talente te ontwikkel en vertroue in hul vermoëns te bou. Dit kan vir baie van hulle lei tot die ontwikkeling van nuwe vaardighede, die nastrewing van verdere onderwys of selfs toekomstige professionele geleenthede.

Deur op holistiese ontwikkeling te fokus, versterk die Departement nie alleen kinders se akademiese en persoonlike groei nie, maar bevorder ook maatskaplike samehang deur vir hulle die hulpmiddels te gee wat hulle nodig het om in die lewe te floreer en om aktiewe, betrokke lede van hul gemeenskappe te word.

**b) Jeuggerigte intervensies**

In ooreenstemming met die Wes-Kaapse Jeugbeleid wat hier bo uiteengesit word, is die Departement van Kultuursake en Sport daartoe verbind om jeugontwikkeling by al sy dienste en aktiwiteite in te sluit. Die jeug is ons toekoms en moet 'n geprioritiseerde teikengehoor vir ons werk wees,

en die DKES gee soos volg daaraan uiting:

- Belegging in die uitrol van verskeie geletterdheids- en leesprogramme vir kinders in VKO-sentrums, skole, biblioteke en gemeenskappe deur sy Biblioteekdienste en YearBeyond. Die oogmerk hiervan is om teen die ouderdom van 10 jaar 'n kultuur van lees te bou en 'lees vir betekenis' te verbeter.
- Belegging in die ontwikkeling van die hele kind, met 'n fokus om te verseker dat kinders aan 'n reeks sport-, kuns- en kulturele aktiwiteite blootgestel word en die steun ontvang om hul passies na te streef, deur Naskoolse Programme wat MGO, NHS en YearBeyond insluit.
- Belegging in die bou van die jeug se gevoel van samehorigheid deur 'positiewe portuurgroepe' te skep deur sport, kuns en kultuur en vir die jeug toegang te gee tot erfenishulpbronne via ons museums en gemeenskapsfasiliteite.
- Die jeug word bemagtig om bevoegdheid in sowel sport as die kunste te ontwikkel wat hulle help om hul talente te slyp en selfvertroue op te bou. Hierdie programme bevorder nie net persoonlike groei nie, maar verskaf ook paaie na professionele geleenthede in die sport- en kreatiewe bedrywe en dra by tot ekonomiese geleenthede vir jongmense.
- MGO-sentrums en YearBeyond-skoolterreine, in vennootskap met die WKOD, verseker dat die jeug noodsaaklike voedingsondersteuning ontvang sodat hulle aktief aan liggaamlike en akademiese aktiwiteite kan deelneem. Hierdie holistiese benadering help om sowel fisieke gesondheid en kognitiewe funksie te verbeter om seker te maak dat jongmense toegerus is om sukses te behaal.

- Die DKES erken dat geestelike welstand al hoe belangriker word, en integreer programme wat op geestesgesondheid gefokus is om emosionele veerkragtigheid, stresbestuur en hanteringsmeganismes te bevorder. Hierdie inisiatiewe help die jeug om die uitdagings wat hulle ervaar, te hanteer en lei tot verbeterde uitkomste in geestesgesondheid, verminder die risiko van selfdood en steun hulle om meer produktiewe, betrokke lede van die samelewing te word.
- Die DKES is deur sy sentrums, programme en vennootskappe aktief betrokke by die verskaffing van veilige, positiewe omgewings vir die jeug. Deur toegang tot sport-, ontspannings- en kulturele aktiwiteite te verskaf, speel die Departement 'n sleutelrol daarin om die jeug se blootstelling aan geweld en misdaad te verminder en sodoende tot veiliger, meer samehangende gemeenskappe by te dra. Hierdie veilige ruimtes bied ook 'n toevlug aan die jeug wat maatskaplike uitdagings ervaar.
- Die DKES plaas sterk klem op leierskap-opleiding en persoonlike ontwikkeling deur inisiatiewe soos jeugkampe en strategiese vennootskappe met instellings soos Chrysalis Akademie. Hierdie programme voorsien jongmense van lewensvaardighede, leierskap-vermoëns en die veerkragtigheid wat nodig is om sosio-ekonomiese uitdagings die hoof te bied. Die jeug word bemagtig om rolmodelle en toekomstige leiers in hul gemeenskappe te word.
- Die DKES werk saam met vennote om toegang tot vaardigheidsontwikkeling en werkgeleenthede te bied. Programme soos die UOWP en vennootskappe met instellings soos Northlink Kollege, Chrysalis Akademie en Waves for Change verbeter die indiensneembaarheid van jongmense en help hulle in die oorgang na die werkplek en om ekonomies onafhanklik te word.
- Die MGO-program en ander inisiatiewe verskaf in samewerking met die WKOD gestruktureerde naskoolse aktiwiteite wat akademiese sukses bevorder. Dié programme help om behoudkoerse te verbeter en uitval te verhoed, en bevorder terselfdertyd positiewe gedrag wat die jeug weghou van riskante aktiwiteite.
- Die DKES steun die jeug met toegang tot ekonomiese geleenthede deur die fasilitering van loopbaanklubs, beroepsopleiding en entrepreneuriese inisiatiewe. Hierdie programme verseker dat jongmense beter voorberei is om die moderne werkmag te betree en aktief tot die provinsiale ekonomie by te dra.
- Benewens geestelike welstand, bevorder die DKES liggaamlike gesondheid deur deelname aan sport en liggaamlike aktiwiteit aan te moedig. Die Departement verseker ook dat belangrike gesondheidsdienste, soos voedingsprogramme en MIV-bewusmaking, by sy inisiatiewe vir jeugontwikkeling ingesluit is om holistiese welstand te bevorder.
- Geleenthede vir die jeug om werkervaring op te doen, word gemaksimeer deur 'n kombinasie van jeugdiensgeleenthede, UOWP en ander openbarewerkeprogramme, asook vennootskapprogramme.

Die Departement werk konstant daaraan om sy dienste aan die jeug te verbreed en hersien jaarliks sy werk in jeugontwikkeling. Verder lewer die Departement voorspraak vir die transversale Jeugontwikkelingsprogram, wat insluit om seker te maak dat:

- Die norme en standaarde provinsiaal aanvaar word.

- Elke departement verslag doen oor hul vordering met die belyning van programme met die norme en standaarde.
- Elke departement kwartaalliks verslag doen oor sy bydrae tot die transversale jeugaanwysers.

Laastens het die Departement via YearBeyond 'n vennootskap met Chrysalis aangegaan om 'On-the-Pulse', 'n multimediasentrum vir die jeug om hul stemme te laat hoor, opgestel.

**Wes-Kaapse Strategie vir Reaksie op Klimaatsverandering (hersien, 2022)**

Die Wes-Kaapse Strategie vir Klimaatsveranderingreaksie is 'n gekoördineerde klimaatsveranderingreaksie vir die Provinsie van die Wes-Kaap. Dit rig die kollektiewe implementering van innoverende projekte en die soeke na geleenthede wat 'n lae-koolstof-ontwikkelingstrajek kombineer met toenemende klimaatsveerkragtigheid, die versterking van ekostelsels en die goedere en dienste wat hulle verskaf, asook ekonomiese groei en werkskepping. Die fokus van die strategie is op pragmatiese, plaaslik implementeerbare, programmatiese benaderings om geïntegreerde klimaatsveranderingreaksies te verseker.

Alhoewel die Departement nie direk verantwoordelik is vir handelinge wat in die Strategie uiteengesit word nie, sal die Departement verskeie aanpassingsinisiatiewe vir waterbesparing inisieer en/of met die implementering daarvan voortgaan. Dit sluit waterbesparing in by al die Departement se personeelkantore en by die Departement se verskeie fasiliteite soos museums, argiewe en sport- en kultuurfasiliteite. Die Departement sal in samewerking met die WKOD, sportfederasies en ander vennote bewustheid skep oor die impak van klimaatsverandering op die sport- en ontspanningsektor. Sportklubs en -federasies kan hul koolstofvoetspoor aansienlik verminder deur volhoubare praktiese te aanvaar, soos inisiatiewe om hulpbronne te deel en afval te verminder. Groen inisiatiewe, veral in die geleenthedesektor, is baie belangrik vir die bevordering van volhoubaarheid. Dit help nie net om die omgewing te beskerm nie, maar bewaar oor natuurlike hulpbronne wat noodsaaklik is vir die langtermynvolhoubaarheid van sport en ontspanning. Volhoubare handelinge dra by tot gesonder speelomgewings, die vermindering van bedryfsuitgawes en 'n toename in toekomstige koste, en meer gemeenskapsbetrokkenheid om te verseker dat die toekoms van sport en ontspanning in die lig van klimaatsverandering veerkragtig bly. Die uitrol van OIB-digitalisering se aktivering elimineer die behoefte aan papiergebaseerde dokumente, wat bydra tot versagtingspogings. Die Departement het aan verskeie munisipaliteite steun gebied met die koste van boor- en pompwerk, asook met watertenke/opgaardamme sodat sport kan voortgaan. Die Departement sal deur middel van sy Kunstoewysingsprogram voortgaan om die rol wat kuns en kultuur in volhoubaarheidstrategieë en omgewingsopvoeding speel, deur forumteater en nywerheidsteater te versterk.

Veranderende weerpatrone en toenemende veranderinge in klimaatstressors, soos stygende temperature, neerslae, humiditeit, winde en brande, kan 'n impak hê op kulturele landskappe, skilderagtige roetes, erfenisterreine en terreine wat met tradisionele praktyke verband hou. Hierdie impakte sal moontlik fisiese skade aan hulpbronne berokken en kan 'n impak op die lewering van dienste hê. Die Departement erken hoe belangrik dit is om die Wes-Kaap se ryk kultuurerfenis te bewaar, onder meer ontasbare erfenis soos heilige terreine en inisiasieterreine. Die Departement besef die waarde om met belanghebbendes regoor die Provinsie saam te werk om die beste praktyke vir die bewaringsbestuur van terreine te bepaal. Die werk van sy entiteit, Erfenis Wes-Kaap, dra by tot die strategie om betekenisvolle erfenishulpbronne in die Provinsie te bewaar en te bestuur.

Bestaande wetgewing soos die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999 en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede, Wet 57 van 2003 maak voorsiening vir die bestuur van natuurlike en kulturele erfenishulpbronne. In dié verband is die ontwikkeling en implementering van bewaringsbestuursplanne ingestel vir terreine soos die Diepkloof-rotsskuiling aan die Weskus en die Pinnacle Point-terreinkompleks aan die Suid-Kaapse kus. Hierdie verklaarde UNESCO Wêrelderfenisterreine het omvattende geïntegreerde bewaringsbestuursplanne wat omgewingsrisiko's en die versagtende maatreëls daarvoor behandel. Gegewe byvoorbeeld die risiko wat 'n brand by die Diepkloof-rotsskuiling inhou, sal die implementering van 'n brandbaan help om die risiko en omvang van enige skade te versag. Toenemende neerslae wat by Pinnacle Point ervaar word, vereis die instandhouding van herleidingskanale en die instelling van nuwe bewaringsmaatreëls op die terrein vir argeologiese opgrawings. Programme van die entiteite Erfenis Wes-Kaap en die Kultuurkommissie steun die pogings van die Departement om bewustheid te skep oor hoe belangrik die volhoubare bestuur van kulturele erfenishulpbronne regoor die Provinsie is.

Die Departement se inisiatiewe vir versagting en aanpassing word in die tabel hier onder aangedui:

| Versagting | Aanpassing |
|---|---|
| Groen geboue, bv. biblioteke | Beskerm argiefgebou/-versameling |
| Herwinning (intern en biblioteke) | Sintetiese sportvelde |
| Niewatergebaseerde sportfokus | Gedeelde fasiliteite met sonkrag en waterversameling |

**KONTEKS VAN SEKTORBELEID**

Die volgende beleide en wetgewing sal na verwagting 'n impak hê op die lewering van die Departement se dienste:

- Die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Openbarebiblioteek- en Inligtingsdienste, 2019

  Die Nasionale Kabinet het die publisering van die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Openbarebiblioteek- en Inligtingsdienste van 2019 vir openbare kommentaar goedgekeur. Die Wetsontwerp het ten doel om transformasiekwessies in die verskaffing van openbare biblioteke aan gemeenskappe te behandel, veral aan voorheen benadeelde gemeenskappe. Dit bevorder ook samewerkende bestuursoorsig en koördinering met betrekking tot openbarebiblioteek- en inligtingsdienste op al drie vlakke van regering. Die Nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur het die koste van die implementering van die Wetsontwerp op 17 Januarie 2020 aan die Nasionale Tesourie (gesamentlike vergadering van nasionale en provinsiale tesourieë) voorgelê. Nasionale Tesourie het aangedui dat daar aanbeveel word dat die implementering van die Wetsontwerp weens die huidige finansiële beperkings vertraag word. Die DSKK het vervolgens die besluit geneem om implementering te vertraag.

- Hersiening van die Wet op Nasionale Argiewe en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996 (Wet 43 van 1996)

  Die hersiening van die Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, Wet 43 van 1996 wat in die 2023/24-boekjaar in werking getree het, sal 'n beduidende impak hê op die rol en omvang van die Provinsiale Argief- en Rekorddiens.

- Hersiene Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis

  Die hersiene Witskrif is in 2018 deur die Kabinet goedgekeur ná afloop van 'n sosio-ekonomiese impakbepaling wat deur die Suid-Afrikaanse Kultuurobservatorium uitgevoer is. Dit gee 'n uiteensetting van die beleidsdoelwitte, onderstut deur die strategiese waarde van kuns, kultuur en erfenis. Dit stel 'n naatlose integrasie voor van die NOP en die Strategie oor Maatskaplike Samehang en Nasiebou wat die visie en strategiese doelwitte van die Departement inlig.

- Nasionale Sport- en Ontspanningsplan

  Die Nasionale Departement sal in 2025/26 voortgaan met sy hersiening van die NSOP.

  Die grondslag van elke inisiatief is 'n standvastige verbintenis tot die NSOP wat verseker dat beleidsraamwerke en strategiese riglyne in ooreenstemming met die breër nasionale agenda bly. Gevallestudies sal met behulp van streng beleidsbelyning duidelik illustreer wat die krag van sport is om gemeenskapsontwikkeling te bevorder en atletiese talent te bou. Deur provinsiale dokumente vir die implementering van strategie deeglik op te stel, sal die Wes-Kaap sy pad na die verwesenliking van NSOP-doelwitte noukeurig uiteensit deur SMART-teikens te integreer en duidelike bestuursoorsigstrukture toe te wys om dié poging te steun.

  Programontwikkeling sal, met die NSOP as leidende ster, 'n benadering van responsiwiteit en aanpasbaarheid volg wat direk in die behoeftes en aspirasies van begunstigdes regoor die Provinsie voorsien. Elke program sal dien as 'n bewys van die NSOP se etos om voorspraak te lewer vir inklusiwiteit, voortreflikheid en volhoubaarheid. Van ontspanningsinisiatiewe wat Inheemse Spele-strukture formaliseer tot skoolsport-programme wat talentidentifisering en -ontwikkeling in ooreenstemming met NSOP-beginsels bevorder, sal elke poging bydra tot die breër visie van 'n aktiewer en meer betrokke burgery.

**KONTEKS VAN PLAASLIKE REGERING**

Die Departement se rol in die provinsiale GDMB en sy verskeie provinsiale platforms vir interaksie word voortdurend versterk. Die provinsiale GDMB verseker dat beplanning belyn is om duplisering te beperk, die diensvoetspoor uit te brei en te sorg dat gemeenskappe toegang tot regeringsdienste het. Hierdie platforms rig die DKES se belynde beplanning met nasionale en plaaslike regering en het deur die Bestuurde Netwerkmodel vennootskappe met verskeie belanghebbendes in alle distrikte ten opsigte van spesifieke dienste versterk, bv. biblioteke, gereelde sportbyeenkomste, en argief- en rekordbestuursdienste. Die Departement steun die volgende prioriteite deur sy dienste: bestuur van infrastruktuur; institusionele bestuursoorsig; burgerkoppelvlak; belyning met interregeringsbeplanning, databestuur en vennootskappe/ gedeelde dienste.

Die Departement het distriksportkantore in elke distrik en sewe streeksbiblioteekkantore regoor die Provinsie wat gesamentlike beplanning en implementering tussen die Departement, plaaslike munisipaliteite en ander plaaslike belanghebbendes verseker. Die kollektiewe poging het 'n groter impak gehad met betrekking tot toenemende en volhoubare deelname aan ons programme.

Die Departement volg 'n asimmetriese benadering tot die ruimtelike verspreiding van dienslewering, gegrond op behoefte en die vermoëns van munisipaliteite.

## 2. Bywerkings tot institusionele beleid en strategieë

### 2.1. Institusionele benaderings

**Bestuurde Netwerkmodel**

Die Departement voer in sommige gevalle sy mandaat in vennootskap met ander regerings- of nieregeringsorganisasies uit en het vir hierdie doel 'n Bestuurde Netwerkmodel geïmplementeer.

Gegewe die verwoestende impak van die pandemie op regerings se begrotings, lyk die fiskale toekoms van die land en die Provinsie nie baie goed nie. Ons bedryfsbegroting sal in die toekoms ernstig geraak word, asook ook ons toekennings vir SvV. Ons hulpbronne, sowel menslik as finansieel, sal nie aan die eise van die nuwe norm kan voldoen nie.

Ons het 'n institusionele model van "bestuurde netwerk" geïmplementeer wat bestaan uit vennootorganisasies, instellings en liggame waarmee die DKES formele ooreenkomste het (of behoort te hê) wat tot die uitvoering van die DKES se mandaat bydra. Die verhoudinge in die bestuurde netwerk moet op uitsette (nie organisasies nie) gefokus wees – insluitend strategiese planne en gesamentlike opstelling van agendas – wat rigting en leierskap van die DKES behels en by wyse van ooreenkomste geformaliseer word.

Die bestuurde netwerk sluit breër kennisnetwerke en gemeenskappe van praktyk in wat deur die DKES gelei word en/of waarin die DKES 'n hoogs invloedryke rol speel, en wat direk bydra tot die lewering van die DKES se mandaat. Die bestuurde netwerk sluit nie kennisnetwerke in waaraan die DKES bloot deelneem of advies lewer nie. Die doel van die bestuurde netwerk is sodat die DKES sy strategiese oogmerke en doelwitte kan bereik – deur nie al die nodige funksies intern uit te voer nie, maar eerder deur die ontwikkeling van 'n stel gestruktureerde verhoudinge met 'n reeks strategiese vennote in die openbare, privaat en NRO-sektor.

Verder stel die bestuurde netwerk die DKES in staat om die uitgebreide kundigheid in kuns, kultuur, sport, ontspanning en erfenis in Suid-Afrika en die Provinsie te benut, en om te skakel met organisasies wat hulself dalk nie as direk betrokke by ons sektor beskou nie, maar die toepaslike kennis, vaardighede en ervaring het om by te dra om die sektor se doelwitte te bereik. Die doel is om meer doeltreffendheid in die mobilisering van die kreatiewe en sportekonomie aan te moedig deur skaars fiskale hulpbronne te gebruik, om inligting en kennis beter te deel en om Suid-Afrika se kapasiteit in kulturele diversiteit in te span ter bereiking van die doelwitte van die NOP, die MTOP en die PSP.

Die Departement het 'n diensleweringsvoetspoor regdeur die Provinsie via sy biblioteke, museums en sy verskeie fasiliteite vir kuns, kultuur, sport en ontspanning.

Die Departement se implementering van sy beleide en strategieë sal deur die volgende benaderings onderstut word:

**Innovering**

Die DKES poog om sy impak te maksimeer deur seker te maak dat programme vir verskeie doelwitte aangewend word. ’n Voorbeeld van so ’n innovering is tweedoelige programme. Die meeste openbare biblioteke dien byvoorbeeld as tweedoelige biblioteke om te help met tekorte aan skoolbiblioteke en bedien terselfdertyd die omliggende gemeenskap. Die meeste bestaande landelike openbare biblioteke, asook alle nuwe biblioteke wat beplan en gebou word, is in die omtrek van een of meer skole geleë, wat hul tweedoelige rol as skool-/gemeenskapsbiblioteke aanvul. In YearBeyond verskaf die Departement ’n eerste werkservaring en vul terselfdertyd die gaping in lees. Die Yeboneers wat in openbare biblioteke ontplooi word, is ’n suksesvolle projek wat die publiek help met toegang en die digitale leemte vernou. Baie biblioteke skep digitale inhoud en gebruik sosiale media as deel van hul uitreik.

Die vraag na aanlyn lees het oor die afgelope paar jaar geleidelik toegeneem en is nou deel van die aanbod by Wes-Kaapse openbare biblioteke waar lede elektroniese en oudioboeke gerieflik by hul eie huise of virtueel op enige plek kan leen. Alle Mondelinge Geskiedenis-opnames is nou ook op YouTube beskikbaar en enigiemand kan toegang daartoe verkry.

Die Departement innoveer ook voortdurend sy Argiefdiens. Dit sluit die volgehoue digitalisering van Argiefrekords in. ’n Ander innoverende program is die gebruik van Access to Memory (AtoM), webgebaseerde sagteware vir argiefbeskrywing, wat dit vir die Argiefdiens maklik sal maak om die Argief se besittings aanlyn vas te lê en te publiseer. Hierdie program, asook die implementering van die Argief-webwerf, sal aanlyn toegang tot argiefrekords versterk. Openbare bewusmakingsprogramme en -uitstallings sal aanlyn voorgelê word. Opleidingskursusse in die bestuur van elektroniese rekords sal steeds aangebied word om die bestuur van elektroniese rekords te versterk. Rekordbestuur- en Registerklerk-opleiding word aanlyn verskaf. Die Argief- en Rekorddiens sal voortgaan om die aanlyn Registerklerk-kursus te steun wat in samewerking met die Departement van die Premier aangebied word. Die implementering van ’n aanlyn opleidingsplatform sal hierdie opleidingsprogram versterk. Die Argiefdiens sal dienste vir blinde en siggestremde kliënte bekendstel.

Die Departement het by die 2022 WKR Toekennings vir Diensvoortreflikheid ’n bronstoekenning vir YearBeyond ontvang en het vir dieselfde program ’n silwertoekenning by die Nasionale Staatsdienstoekennings ontvang.

Die DKES volg ’n innoverende benadering waarvolgens die Departement die transformatiewe mag van sport-, ontspanning-, kuns- en kultuurprogramme benut as voertuie vir die holistiese ontwikkeling van gemeenskappe ter bevordering van:

- ’n Diepgaande gevoel van samehorigheid;
- ’n Sterk identiteit wat in gemeenskapswaardes veranker is;
- Maatskaplike insluiting, waar diversiteit gevier word;
- ’n Verbintenis tot lewenslange aktiwiteit – die bou van ’n “Aktiewe Nasie”; en
- Om ’n wenmentaliteit te kweek – die ontwikkeling van ’n “Wennende Nasie”.

Hierdie benadering teiken die ontwikkeling van voorskoolse en skoolgaande kinders (ouderdom 3 tot 18) in alle gemeenskappe in die Wes-Kaap. Dit beklemtoon ’n voortdurende ontwikkelingsgerigte reis vanaf die vroeë kinderjare tot volwassenheid, met die fokus op persoonlike bemeestering en groei deur middel van speel, liggaamlike opvoeding, ontspanning en loopbaangerigte strewes.

Die gedeelde-fasiliteit-benadering vorm die kern van die program, waar opgegradeerde skoolgebaseerde fasiliteite skole en die breër gemeenskap bedien. Hierdie veilige, inklusiewe ruimtes bevorder betrokkenheid by ’n wye reeks ontspannings- en opvoedkundige aktiwiteite.

Strategiese vennootskappe met skole, gemeenskapsorganisasies, plaaslike regerings, NRO’s en die privaat sektor dra bykomende kundigheid en hulpbronne by wat die volhoubaarheid en breë reikwydte van die program verseker. Samewerking met tersiêre instellings verryk verder die jeug se toegang tot ontwikkelingsgerigte geleenthede.

Die program bied ’n 15-jaar-pad met die fokus op die ontwikkeling van lewensvaardighede, positiewe sosiale boodskappe en sterk vennootskappe. Dit stel die jeug in staat om afgeronde, patriotiese burgers te word wat aan hul gemeenskappe verbind is. Hierdie holistiese, gemeenskapsgedrewe benadering transformeer nie alleen die individu nie, maar versterk die inrigting van die maatskaplike samelewing wat langdurige, positiewe verandering meebring.

’n Innoverende aspek van die Departement se werk met sportfederasies is die insluiting van die burgerlike samelewing by jaarlikse vergaderings met federasies oor monitering en evaluering. Dit bevorder verantwoordbaarheid, toesig en inklusiewe deelname.

Die Departement benut aanlyn aansoekprosesse vir oordragbefondsing aan sportfederasies en kuns- en kultuurorganisasies en sal die prosesse in die boekjaar 2025/26 verder verfyn. Die Departement maak gebruik van ’n aanlyn besoekersregister vir geaffilieerde museums. Die aanlyn register stel besoekers aan museums in staat om met ’n slimfoon, tablet of persoonlike rekening in te teken. Alle statistiek word dat outomaties by die gesentraliseerde aanlyn besoekersregister ingedien.

Die Departement van die Premier se Innovering vir Impak-inisiatief steun die gebruik van ontwerpdenke in openbare biblioteke om hulle meer aanpasbaar, gebruikersentriese en toekomsgepas te maak. Hulle het ’n vennootskap met die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en die Universiteit van Kaapstad se Hasso Plattner School of Design Thinking Africa gefasiliteer vir ’n innoverende benadering tot probleemoplossing deur die Grondslagfase-ontwerpdenke-uitdaging. Die Wellington-biblioteek in die Drakenstein Munisipaliteit is vir die bekendstelling gebruik. Hierdie gebruikergesentreerde metodologie is toegepas om eksperimentering aan te moedig, kreatiewe selfvertroue te bou en ’n innoverende toekoms aan te neem. Hierdie projek het die grondslag gelê vir toekomstige samewerking en vennootskappe met die ontwerpskool in die strewe na doeltreffender dienste wat aan die veranderende behoeftes van gemeenskappe voldoen.

Die DKES sal die konsolidasie van die bestuur van sy dienspunte toepas om doeltreffendheid te maksimeer en toegang te verbeter.

Die aanlyn besprekingstelsel is bygewerk vir besprekings by enige van die sewe kultuurfasiliteite wat aan gemeenskappe beskikbaar is vir die aanbieding van programme, konferensies of sessies wat aspekte van welstand behandel.

Die aanlyn aansoekstelsel vir kunsbefondsing is in 2021/22 geïmplementeer om befondsing aan kunsorganisasies, individue en kunsmaatskappye in die Provinsie beskikbaar te stel.

En laastens is daar bewys dat dit onwaarskynlik is dat jeugdiges wat vir 24-36 maande ekonomies aktief is, weer NEET’s sal word. Die meeste programme kan nie bekostig om die jeug

oor hierdie uitgebreide tydperk te steun nie. Die Departement het daarom innoverende meganismes vir uitkomsfinansiering bekendgestel wat befondsing beskikbaar stel aan vennote in die YearBeyond- maatskaplike agentskapsnetwerk wat hul alumni steun om vir 12 en 24 maande ná verlating van YearBeyond ekonomies aktief te bly.

**Waardebepalende bewysbasis**

Die Strategiese Plan weerspieël die gebruik van 'n waardebepalende bewysbasis, veral deur belyning met historiese evaluerings op gebiede soos jeugontwikkeling, biblioteke, kuns en kulturele programmering. Waardebepalende bewys onderstut ook inisiatiewe soos die Naskoolse Program, YearBeyond en befondsingsmeganismes vir kuns en kultuur.

**Hele-regering-benadering (HRB) en hele-samelewing-benadering (HSB)**

Die DKES pas 'n samewerkende, hele-samelewing-benadering in sy werk toe en het vennootskappe in die kuns-, sport- en jeugsektor aangegaan. Die benutting van die kollektiewe krag van vennote stel die DKES in staat om sy voetspoor uit te brei, organisasies rondom 'n gemeenskaplike visie te mobiliseer, en koste met die nieregeringsektor te deel.

Die hele-samelewing-benadering (HSB) is 'n transversale, gemeenskapsgebaseerde beplanningsbenadering wat daarop gerig is om die sosio-ekonomiese uitdagings "binne" die gemeenskap eerder as die algemene uitdagings "van" 'n gemeenskap te verstaan en aan te pak, met erkenning dat elke gemeenskap sy eie unieke uitdagings het.

Die Departement en Erfenis Wes-Kaap is formele lede van die Probleemgedrewe herhalende aanpassing (PGHA)- en Vaste kapitaal en eiendomsontwikkeling (VKEO)-span. Die span pak gesamentlik uitdagings in die regering aan, met die fokus op werkverlies en 'n daling in ekonomiese aktiwiteit in die boubedryf en eiendomsontwikkeling in die Stad Kaapse Metropolitaanse gebied.

Die Departement het ook 'n sterk werkverhouding met die WKOD met betrekking tot skoolsport, die MGO-program en gedeelde fasiliteite. Dit sluit die distrik-, provinsiale en nasionale somer- en Winterspele, voedingsprogram, liggaamlike opvoedingsprogram en bedryfsbestuur van die gedeelde fasiliteite in. Die program het sterk samewerkende vennootskappe met sportfederasies en die burgerlike samelewing.

**Stedelike/landelike dienslewering**

Die Departement se dienste word in sowel stedelike as landelike gebiede van die Provinsie verskaf. Die Departement verseker deur kuns-, kultuur- en erfenisprogramme die bewaring van kultuur en erfenis, en deur museums en kunsfasiliteite as nodusse die bevordering van kuns in die landelike distrikte. Biblioteekdienspunte word in die meeste van die baie klein landelike gemeenskappe (met bevolkings van 'n paar honderd mense of meer) voorsien. Die meerderheid klein landelike biblioteeksentrums ontvang gratis internet deur die Landelike Biblioteekkonnektiwiteitprojek (PKLB). In baie van hierdie gemeenskappe is dit die enigste internettoegang wat beskikbaar is. Die Departement het in samewerking met die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes 35 mini-biblioteke vir blindes regoor die landelike gebiede gevestig om te verseker dat blinde en gesiggestremde mense in die Provinsie toegang tot kostelose leesmateriaal kry. Die Departement het sport- en ontspanningskantore in al ses distrikte van die Wes-Kaap. Die kantore is in Kaapstad, Paarl, Vredenburg, Caledon,

Oudtshoorn en Beaufort-West geleë en daar is twee satellietkantore, een elk in George en Vredendal. Kuns- en kultuurontwikkelingsprogramme word deur middel van strategiese vennootskappe in alle landelike distrikte geïmplementeer.

Geaffilieerde museums is regoor die Wes-Kaap geleë, met 24 daarvan in landelike gebiede, wat bydra tot die bevordering van maatskaplike samehang en ekonomiese ontwikkeling in dié gebiede. Hierdie museums sluit in: Beaufort-Wes Museum, CP Nel Museum (Oudtshoorn), George Museum, Bartolomeu Dias Museum (Mosselbaai), Worcester Museum, Koringbedryfsmuseum (Moorreesburg).

Die Departement help deur middel van die Provinsiale Argief- en Rekorddiens vir regeringsliggame, insluitend munisipaliteite, om rekords te bestuur om verantwoordbaarheid en goeie bestuurstoesig te verbeter. Deursigtigheid en verantwoordbaarheid is slegs moontlik as daar 'n beleid is om die bestuur van rekords te rig. Behoorlike rekordbestuur help munisipaliteite om hul inligting doeltreffend te bestuur, hul mandaat uit te voer, hulle teen litigasie te beskerm, hul korporatiewe geheue te bewaar en om verantwoordbaarheid en goeie bestuurstoesig te bevorder.

Die ruimtelike voetspoor (terreine) van die Naskoolse Program is 55% metro en 45% niemetro. Verskeie ander sport- en ontspanning-, asook kuns- en kultuuraktiwiteite vind ook in stedelike én landelike gebiede regoor die Provinsie plaas. Deelnemers, personeel en toekennings word hier gerig om 'n balans ten opsigte van stedelike en landelike ontwikkeling te handhaaf.

**Vooropstelling van geslag, die jeug en persone met gestremdhede**

Die Departement pas voortdurend die menseregte-perspektief in die hoofstroming van sy programme toe. Die Departement word verteenwoordig op die Provinsiale Menseregteforum wat leiding aan alle departemente bied oor hoe om die hoofstroming van hul menseregteprogramme te verbeter. Die DKES gebruik sy programme om diversiteit van deelname te bevorder, voorspraak vir gedragsverandering te lewer en kwesbare individue uit die rand van die samelewing terug te bring.

Die DKES bevorder bemagtiging en gedragsverandering ten opsigte van GGG deur sy biblioteekdienste om seker te maak dat die boeke stories en inligting aan hul begunstigdes voorsien. Die verskeie biblioteke en hul vennote implementeer uitreikprogramme wat op vrouebemagtiging fokus en Vrouemaand-aktiwiteite, Jeugmaand-aktiwiteite en 16 Dae van Aktivisme teen GGG bevorder.

Die Departement word gelei deur die verskeie beleide van die openbare sektor om aan geslagsgelykheid en -hoofstroming te voldoen. Die beleid oor teistering verseker dat die Departement 'n klimaat skep wat sonder enige seksuele teistering en afknouery is. Die Departementshoof se 8 Beginsels-aksieplan rig die Departement om aktiwiteite ten opsigte van geslagshoofstroming deur opleiding, voorspraak, projekbeplanning en verslagdoening te versterk.

Meer as die helfte van die gereelde en konsekwente leerders in die Naskoolse Program is meisies. 'n Geslagsgelyke benadering word gevolg ten opsigte van sportontwikkeling-aktiwiteite, projekte en programme, bv. die Ontspanning-program, MGO-program en Skoolsport-program. Deelnemers, personeel en toekennings word hier gerig om 'n balans ten

opsigte van geslag te handhaaf. Die federasies bied ook sport vir vroue en mans, en junior meisies en seuns in elke sportkode aan.

Die Departement steun die Vroue en Meisies-programme wat deur sportfederasies geïdentifiseer word. Ses projekte word jaarliks in die Wes-Kaap geïdentifiseer. Daarbenewens word Vroue en Meisies-programme gesteun, insluitend:

- Kapasiteitsbou
- Kursusse in leierskap en mentorskap
- Kursusse vir tegniese beamptes
- Ontwikkelingsprojekte
- Beveiliging

Gereelde gesprekvoering sal regdeur die Provinsie plaasvind om die hindernisse en inisiatiewe wat in die Beleidsraamwerk oor Vroue in Sport uiteengesit word.

Die Departement plaas spesiale klem daarop om (deur die jeugdiensprogram, YearBeyond) NEET-vroue aan ekonomiese geleenthede te koppel (met ’n teiken van 65%+ geleenthede wat aan vroue toegeken word) om aandag te skenk aan die oneweredige las van werkloosheid waarvoor vroue te staan kom.

Die Departement gaan voort om deur sy programme en projekte Beveiliging binne die Provinsie te steun. Een van die lewerbare uitsette in die Vroue en Meisies-program is ’n Beveiligingsbeleid wat ten doel het om die gesondheid, welstand en menseregte van individue te beskerm, met ’n fokus op kinders en jong volwassenes. Die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (Saskok) het in 2019 die Nasionale Beveiligingsbeleid vir Sport opgestel en geïmplementeer. Die Departement werk nou saam met die Departement van Sport, Kuns en Kultuur (DSKK) om die implementeringstrategie vir die goedgekeurde Beleidsraamwerk oor Vroue in Sport te formaliseer ten einde die rol van vroue in sport verder te versterk. Beveiliging in sport is ’n sleutelfokus in die ontwikkeling van vroue in sport, en die Departement het die voortou geneem om voorspraak vir hierdie saak in alle distrikte in die Wes-Kaap te lewer. Die Departement het in samewerking met die Wes-Kaapse Beveiligingskommissie en die distriksportrade bygedra tot die implementering en aanvaarding van beveiligingsbeleide wat daarop gemik is om vroue en meisies in sport te beskerm.

Die Vroue in Sport-program is verbind tot die bemagtiging en ontwikkeling van vroue deur leierskap-opleiding, kapasiteitsbou en blootstelling aan alle aspekte van sport en ontspanning. Spesiale klem word gelê op die ondersteuning van jong meisies, veral in landelike en plaasgebiede. Om uitvoering aan hierdie verbintenis te gee, het die Departement begrotings-toekennings geprioritiseer vir programme wat vroue en meisies teiken, en het die uitwissing van geslagsgebaseerde geweld (GGG) doelbewus deur hierdie inisiatiewe bevorder.

Die Departement fokus op die uitbreiding van steun na mentorskapgeleenthede vir vroulike atlete, afrigters, tegniese amptenare en administrateurs om pogings in dié verband te versterk.

Persone met gestremdhede word verder deur die Departement se programme en die verskaffing van jaarlikse befondsing vir aktiwiteite binne die gemeenskap gesteun.

Die Departement het 'n OSW befonds wat bladmusiek in braille vir gesiggestremdes produseer. Dié individue kry dus die geleentheid om bladmusiek te lees en hul kennis van musiek-geletterdheid uit te brei.

Die Kunsontwikkeling-programme bied aan gemeenskapsgebaseerde dansers, musikante, skrywers en dramagroepe platforms vir opleiding en opvoeringsgeleenthede wat handel oor relevante geslags- en jeugkwessies.

Die Departement werk saam met belanghebbende-agentskappe in die dowe gemeenskap om gereelde bewusmaking oor dowes te bevorder. Die Departement het ook verskeie programme en inisiatiewe wat op vroue en die jeug fokus om aandag te skenk aan die maatskaplike en ekonomiese omgewingsuitdagings waarvoor die maatskaplike sektore in die gemeenskappe te staan kom.

Die Departement word op die provinsiale forum vir die GGG-implementeringsplan verteenwoordig. Dié forum staan onder leiding van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en lewer voorspraak vir provinsiale pogings om GGG uit te wis. Die DKES doen kwartaalliks verslag aan die forum oor sy bydrae tot die implementering, met 'n fokus op gedragsverandering in gemeenskappe.

**Beleidskompromiste**

Die Departement sal die gehalte en reikwydte van sy programme verbeter, eerder as om diensaanbiedings binne die beperkings van sy begroting uit te brei. Die biblioteekdiens sal byvoorbeeld nie uitgebrei word in die vorm van nuwe biblioteke wat opgerig word nie, maar slegs deur die opgradering van bestaande fasiliteite, en biblioteekprogramme sal poog om meer burgers te bereik, byvoorbeeld deur die e-Boek-program.

Die Departement sal bykomende fondse vir infrastruktuur, personeel en biblioteekmateriaal nodig hê om die diens uit te brei, asook 'n verhoging om die nuwe uitgebreide diens in stand te hou. Die gemiddelde verhoging oor die afgelope vyf jaar was egter net 1.2%, soos hier onder aangedui, en dit is waarom die Departement gekies het om op diensgehalte en reikwydte eerder as uitbreiding te fokus. Die Departement verwag dat die Voorwaardelike Toewysing vir Gemeenskapsbiblioteke in 2024/25 en 2025/26 besnoei sal word, wat die dienste regoor die Provinsie verder sal beperk.

Begroting vir Gemeenskapsbiblioteekdiens Voorwaardelike Toewysing (2018/19 – 2024/25):

Persentasie verhoging/vermindering:

| JAAR | % | |
|---|---|---|
| **2018/19** | **3%** | |
| **2019/20** | **5%** | |
| **2020/21** | **-23%** | COVID-noodlenigingsfondse weggeneem |
| **2021/22** | **20%** | Toewysings het nie herstel tot die vlak voor COVID nie |
| **2022/23** | **1%** | Werk met 'n werklike vermindering |
| **2023/24** | **2%** | |
| **2024/5** | **4%** | |

Die Departement het sy Grondwetlike en wetgewende mandaat hersien en die volgende verander is aangebring:

1. Legendes-toekennings – Hierdie geleentheid sal net elke drie jaar gehou word.
2. Sport- en ontspanningsdae – Hierdie werknemersdae is voorheen vir sport en ontspanning gebruik, maar sal nou by die Departement se welstandsprogramme ingesluit word.

Verder is die vakansieprogramme by ons bestaande programme oor positiewe portuur-netwerke ingesluit, en bestaande vennote sal nou ook 'n vakansieprogram aanbied en daar sal geen versoeke vir vakansieprogramme wees nie. Dit verseker dat die vakansieprogramme nie eenmalige geleenthede sal wees nie en dat kinders wat aan naskoolse programme deelneem, ook in die vakansie veilig gehou sal word.

## 2.2. Diensleweringverbeteringsplan

Die Departement het 'n Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) wat poog om doeltreffende en effektiewe dienslewering te verseker. 'n Nuwe DLVP sal op 1 April 2025 in werking tree en sal op die werk van die Departement se Erfenishulpbronbestuursdiens fokus.

## 2.3. Beplande beleidsinisiatiewe

Ingevolge artikel 156(1)(b) van die Grondwet het 'n munisipaliteit die reg om enige ander aangeleenthede te administreer wat deur provinsiale wetgewing aan hom toegewys word. Provinsiale wetgewing is dus nodig om 'n aangeleentheid wat buite Deel B van Bylae 4 en Deel B van Bylae 5 val, aan munisipaliteite toe te wys. Die DKES is op 'n gevorderde stadium met die ontwikkeling van provinsiale wetgewing. Die Wes-Kaapse Konsepwetsontwerp op Openbarebiblioteekdienste is op 8 Augustus 2024 vir openbare kommentaar gepubliseer. Die Wetsontwerp het ten doel om die verskaffing van openbarebiblioteekdienste in die Provinsie te reguleer; om voorsiening te maak vir die koördinering van verantwoordelikhede vir openbarebiblioteekdienste; om voorsiening te maak vir die registrasie van openbare biblioteke; om voorsiening te maak vir die opdrag van sekere funksies van die Provinsiale Minister ten opsigte van openbare biblioteke aan munisipale rade; om die funksies van openbarebiblioteekadministrateurs te bepaal; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. Die Departement het Implementeringsprotokolle ingevolge artikel 35 van die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005) en Memorandums van Ooreenkoms met individuele munisipaliteite aangegaan op grond van die beginsel van uitvoerende opdrag.

Die Museumdiens gaan voort met die ontwikkeling van 'n konsep- Wes-Kaapse Museum-wetsontwerp wat ten doel het om 'n gemoderniseerde raamwerk vir bestuurstoesig en die bestuur van museums regoor die Provinsie te verskaf. Hierdie wetgewende inisiatief poog om die bedryfsdoeltreffendheid, volhoubaarheid en strategiese rigting van museums te versterk om te verseker dat hulle noodsaaklike kulturele en opvoedkundige hulpbronne bly. Die voorgestelde Wetsontwerp sal kyk na die hedendaagse uitdagings in die sektor, institusionele bestuursoorsig vaartbelyn maak en inklusiewe toegang tot erfenis bevorder, en sal met nasionale standaarde en beste praktyke in die bestuur van museums belyn word. Hierdie poging weerspieël die Wes-Kaap se verbintenis tot die bewaring van sy ryk kultuurerfenis en die bevordering van meer diepgaande openbare betrokkenheid by die Provinsie se historiese bates.

Die Departement, met die ondersteuning van Erfenis Wes-Kaap, is daartoe verbind om 'n bygewerkte Bemarking- en Kommunikasiestrategie te ontwikkel wat ten doel het om openbare persepsie van erfenisbewaring in die Provinsie te verbeter. Hierdie strategie sal daarop fokus om bewustheid oor die belang van erfenisbewaring te skep, 'n dieper waardering vir kulturele en historiese terreine te verseker en aktiewe gemeenskapsbetrokkenheid te bevorder. Die benutting van moderne kommunikasieplatforms en implementering van geteikende veldtogte sal klem lê op die waarde om erfenis vir toekomstige geslagte te bewaar, en sal aandag skenk aan enige wanopvattings oor bewaringspogings. Die strategie het verder ten doel om sigbaarheid, inklusiwiteit en toeganklikheid tot erfenishulpbronne te bevorder om seker te maak dat dit aanklank vind by uiteenlopende gehore regoor die Wes-Kaap.

Die Departement sal Erfenis Wes-Kaap aktief steun om plaaslike owerhede te betrek om 'n groter rol in die bestuur van Graad III-erfenishulpbronne te speel, in ooreenstemming met die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (WNEH). Hierdie samewerking poog om plaaslike kapasiteit te versterk en te verseker dat munisipaliteite toegerus is met die nodige bevoegdheid en hulpbronne om oor die beskerming en bewaring van erfenisterreine van plaaslike betekenis toesig te hou. Die Departement beoog om met die versterking van vennootskappe met plaaslike regerings erfenisbestuur te desentraliseer, wat doeltreffender en meer konteks-spesifieke besluitneming op munisipale vlak in staat sal stel. Hierdie poging maak deel uit van 'n breër strategie om die volhoubare bewaring van die Wes-Kaap se uiteenlopende kulturele landskappe te bewaar en aan die wetgewende raamwerk van die WNEH te voldoen.

## 3. Bywerkings tot tersaaklike hofuitsprake

| Hofsaak | Verwysing | Impak op DKES |
|---|---|---|
| *The Chairpersons' Association v Minister of Arts and Culture [2007] SCA 44 (RSA)* | Appèlhof, saaknommer 25/2006 | Hierdie uitspraak het betrekking op voldoende raadpleging met plaaslike gemeenskappe en ander belanghebbendes met betrekking tot voorgestelde veranderinge aan geografiese name. Die DKES en die Wes- Kaapse Komitee vir Provinsiale Geografiese Name wat deur die LUR ingestel is, is belangrike rolspelers in die implementering van die betrokke wetgewing, veral met betrekking tot die fasilitering van publieke oorlegpleging met belanghebbendes en gemeenskappe. Hierdie uitspraak moet in ag geneem word wanneer veranderinge aan geografiese name oorweeg word. |
| *Qualidental Laboratories v Heritage Western Cape [2007] SCA 170 (RSA)* | Appèlhof, saaknommer 647/06 | Hierdie uitspraak bevestig die magte wat aan die LUR en Erfenis Wes-Kaap verleen is om ingevolge artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, voorwaardes ten opsigte van 'n ontwikkeling te stel. |
| *Top Performers (Edms) Bpk v Minister van Kultuursake en Rekreasie* | Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 5591/05 | Hierdie uitspraak het 'n beduidende impak gehad op die appèlprosesse van die tribunale wat ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, saamgelees met regulasie 12 van PK 336 van 2003, deur die LUR aangestel is. Die DKES en die LUR het regstellende stappe gedoen om billike administratiewe prosesse te verseker en om voorsiening te maak vir die toelating van nuwe bewyse in die rekord van 'n tribunaalproses, asook beter voldoening aan die reëls van |

| Hofsaak | Verwysing | Impak op DKES |
|---|---|---|
| | | natuurlike geregtigheid ten opsigte van die *audi alteram partem*-grondbeginsel. |
| *Willows Properties (Edms) Bpk v Minister van Kultuursake en Sport* | Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 13521/08 | Die applikant het 'n dringende aansoek by die Hooggeregshof ingedien om die LUR te dwing om 'n besluit te neem, of andersins om die Rekord van Besluitneming uit te reik ten opsigte van 'n appèl wat by die LUR ingedien is ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, saamgelees met regulasie12(7) van PK 336 van 2003. Die impak van die besluit op die DKES is dat dit moet verseker dat tribunale die Rekords van Besluitneming betyds uitreik. Regstellende stappe is geïmplementeer. |
| *Waenhuiskrans Arniston Ratepayers Association and Another v Verreweide Eiendoms-ontwikkeling (Edms) Bpk and Others 1926/2008 [2009] ZAWCHC 181.* | Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 1926/2008 | Die hof het oorweeg of die Suid-Afrikaanse Erfenis-hulpbronagentskap of Erfenis Wes-Kaap jurisdiksie gehad het ten opsigte van terreine wat ingevolge artikel 35 en 36 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne deur SAEHA as Graad1-terreine gegradeer is. Die hof het bevind dat SAEHA in sulke gevalle jurisdiksie het. Die implikasie van hierdie hofuitspraak vir die DKES is dat die Departement regshulp aan Erfenis Wes-Kaap moet verleen om die wetgewing te interpreteer en dit moet verseker dat Erfenis Wes-Kaap binne sy wetgewende mandaat optree. |
| *The Louis Trichardt Chairperson's Association v the Minister of Arts and Culture and the Geographical Names Council of South Africa* | Gauteng-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika<br>2014 | Die hof het die naamsverandering van Louis Trichardt na Makhado tersyde gestel nadat die partye buite die hof geskik het. Dit het implikasies vir hoe die DKES en die Wes-Kaapse Komitee vir Provinsiale Geografiese Name verseker dat die nodige konsultasieprosesse insake voorgenome veranderinge, standaardisering of heroorweging van 'n geografiese naam gekommunikeer en gedokumenteer word. |
| *Peter Gees v die Provinsiale Minister van Kultuursake en Sport, Wes-Kaap, die Voorsitter, Onafhanklike Appèltribunaal, Erfenis Wes-Kaap, die Stad Kaapstad, Stadskom Belastingbetalers- en Inwonersvereniging* | Wes-Kaap Afdeling van die Hoë Hof van Suid-Afrika saaknommer 6205/2015 | Ingevolge artikel 34(1) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) kan voorwaardes opgelê word in 'n permit vir die sloop van 'n bestaande struktuur ouer as 60 jaar. |
| *Piketberg Plaaslike Erfeniskomitee en Ander v Liebco Vleishandelaars Edms Bpk en Ander (Erfenis Wes-Kaap 2de Verweerder)* | Wes-Kaap Afdeling van die Hoë Hof van Suid-Afrika saaknommer 1103/2016 | Aansoek om hersiening van 'n besluit van EWK se Komitee vir Beboude Omgewing en Landskappe (BELCom). BELCom het toestemming verleen vir die sloping van 'n gebou op erf 207 Piketberg. Die Piketberg Erfeniskomitee het by die Hooggeregshof aansoek gedoen om die besluit te hersien, aangesien die bepalings van WBAG nie nagekom is nie. Die hof het EWK se beleid wat aandui dat raadpleging slegs met geregistreerde bewaringsliggame moet geskied, oorweeg en beslis dat, aangesien die besluite wat geneem is die potensiaal het om lede van die publiek te raak, breër openbare raadpleging nodig was. |

# DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS

## 1. Visie

’n Maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en gekonnekteerde Wes-Kaap.

## 2. Missie

Ons skep ’n inklusiewe en billike omgewing wat toegang tot geleenthede in kuns, kultuur, erfenis, ontspanning en sport vir almal fasiliteer. Ons bevorder massadeelname as ’n pad na persoonlike welstand, gesondheid, lewenslange leer en voortreflikheid deur die volle lewensloop. Vennootskappe en volhoubare, innoverende lewering verseker dat ons die leser, kunstenaar en atleet binne almal ontsluit en dat ons samehangende, weetgierige en bemagtigde gemeenskappe bou wat tot ’n liggaamlik en sielkundig veilige samelewing bydra. Ons voorsien die boustene vir maatskaplike samehang, die voorkoming van konflik en die bevordering van hoop, vreugde en transformasie in alles wat ons doen.

## 3. Waardes




Die Departement se visie, missie en waardes dra saam by tot die welstand van die prioriteitsgroepe, naamlik die jeug, vroue en persone met gestremdhede, op grond van die fokus op maatskaplike insluiting en billike dienslewering.

## 4. Bygewerkte situasie-ontleding

### 4.1. Ontleding van die eksterne omgewing

POLITIEKE OMGEWING

Die Bestuurde Netwerkmodel verseker dat die Departement voortgaan om samewerkende intervensies met munisipaliteite te handhaaf, veral in die lewering van openbare-biblioteekdienste. Munisipaliteite was histories betrokke by, en verskaf en bestuur steeds, openbare biblioteke, met aansienlike samewerkende steun deur die Departement in die vorm van oordragbetalings om die bedryf van biblioteekdienspunte te steun. Die Departement befonds 15 munisipaliteite ten volle en steun die ander 10 munisipaliteite met die Voorwaardelike Toewysing, die Munisipale Vervangingsfonds en die Metrobiblioteektoewysing.

Die Departement het Implementeringsprotokolle ingevolge artikel 35 van die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005) en Memoranda van Ooreenkoms met individuele munisipaliteite op grond van die beginsel van uitvoerende

opdrag. Ingevolge artikel 156(1)(b) van die Grondwet het 'n munisipaliteit die reg om enige ander aangeleentheid te administreer wat deur provinsiale wetgewing aan hom opgedra word. Provinsiale wetgewing is dus nodig om 'n aangeleentheid wat buite Deel B van Bylae 4 en Deel B van Bylae 5 val, aan munisipaliteite toe te wys. Die DKES is op 'n gevorderde stadium met die ontwikkeling van provinsiale wetgewing.

Ontevredenheid met staatsdienste lei dikwels tot betogings wat soms 'n uitwerking op die dienste van biblioteke, museums en ander DKES-fasiliteite het. Wat rekordbestuur aanbetref, kan die plaaslikeregeringsverkiesing van 2026 'n invloed hê op die implementering van programme as gevolg van moontlike veranderinge in munisipale afbakening, samesmelting en naamsveranderinge van sommige munisipaliteite. Dit kan die rangskikking en beskrywing van lêerplanne beïnvloed. Die voortdurende verandering van Rekenpligtige Beamptes in die munisipale omgewing beïnvloed die implementering van en verslagdoening oor rekordbestuur.

EKONOMIESE OMGEWING

Die gemiddelde BBP- jaarlikse groeikoers was oor die afgelope dekade (2014-2023) maar net 0.8 persent, wat nie genoeg is om die toenemende bevolking en arbeidsmag te akkommodeer nie en onvoldoende is om die land se endemies hoë werkloosheidsyfer beduidend te verlaag. Die Wes-Kaapse ekonomie het oor dieselfde tydperk 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 0.9% gehad, waarvan die meerderheid deur die Finansiële Sektor (0.7%) bygedra is en waartoe die sektore van Gemeenskapsdienste, Regering, Vervoer en Landbou elk 0.1 persentasiepunte bygedra het. Die vooruitsigte van die Suid-Afrikaanse ekonomie kom voor sowel globale as binnelandse risiko's te staan, onder meer geopolitieke risiko's, klimaatsverandering en toenemend ernstiger weergebeure, die energiekrisis en moontlike terugkoms van beurtkrag, waterkrisisse wat aansienlike kapitaalbelegging vereis om infrastruktuur te herstel, die gehalte van plaaslike regering en dienslewering, en skuldvlakke wat staatsbelegging in infrastruktuur en dienste beperk, wat fiskale risiko's inhou (Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig, 2024).

Algehele indiensneming in die Wes-Kaap het oor die afgelope vyf jaar met 7.1% gestyg, en jeugindiensneming het met 3.6% gestyg (Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig, 2024). Werkloosheidskoerse bly nietemin hoog en dit plaas druk op verbruikersbesteding, verminder openbare hulpbronne en eskaleer probleme soos misdaad en kwessies rondom geestesgesondheid. Baie van die Provinsie se werklose jeug kom uit huise en gemeenskappe wat gekenmerk word deur sosio-ekonomiese ontbering (d.w.s. swak lewenstandaarde, lae onderwysuitkomste, hoë werkloosheidsyfers en swak gesondheidsuitkomste) en staar beperkte geleenthede ná skool in die gesig. Die Departement se Jeugdiensprogram, YearBeyond, poog om aandag aan hierdie kwessie te skenk deur geleenthede te skep vir die jeug om by betekenisvolle werkervaring betrokke te raak en toegang te kry tot steun om na werk of studies om te skakel. 'n Onlangse 5-jaar-impakstudie het bevind dat alumni van YearBeyond 10% minder geneig is om NEET te wees as hul eweknieë van dieselfde ouderdom.

Die ekonomiese konteks en voortdurende besuinigingsmaatreëls beperk die Departement se vermoë om kernfunksies wat grondwetlik aan die Departement opgedra is, ten volle uit te voer. Besnoeiings van die Vergoeding van Werknemers-begroting het gelei tot die onvermoë om kritieke poste te befonds in 'n omgewing waar die vraag na dienste gaan toeneem. Die feit dat lewering by die DKES deur menslike hulpbronne aangedryf word, vererger sake verder. Die ekonomiese impak word ook gevoel deur alle sektore wat deur die Departement gesteun word, met 'n paar sleutelvennote wat op die punt staan om hul deure te sluit. In reaksie op

beperkte finansiële hulpbronne sal die Departement fokus op strategiese herbelyning om samewerking met relevante maatskaplike en openbaresektorinstellings en -inisiatiewe te versterk om deur die Bestuurde Netwerkmodel hulpbronne vir groter impak aan te wend.

Die Departement sal in reaksie op die beperkte ekonomiese omgewing ook meer daarop fokus om strategiese vennootskappe te bou en entrepreneuriese ontwikkeling in die sektore van sport, kuns en ontspanning te bevorder. Die bevordering van nismarkte, soos die vervaardiging van gespesialiseerde toerusting en uitrustings vir inheemse speletjies, sal die DKES in staat stel om plaaslike bedrywe te stimuleer, werkskepping aan te dryf en tot die Provinsie se ekonomiese veerkragtigheid by te dra. Hierdie pogings sal deurslaggewend wees om die herstel en groei van die Wes-Kaap te steun, veral deur die informele en kreatiewe ekonomieë te bevorder om 'n meer volhoubare en inklusiewe ekonomiese toekoms te bou.

'n Ekonomiese afswaai of verskuiwing in regeringsprioriteite kan verdere begrotingsbeperkings tot gevolg hê, wat 'n invloed sal hê op die vermoë om die hulpbronne, personeel en dienste by openbare biblioteke te handhaaf, nieteenstaande die feit dat die hoë werkloosheidsyfer, veral onder die jeug, biblioteke noodsaaklik is as sentrums om werk te soek, vaardighede te ontwikkel en verdere onderwys na te streef. Biblioteke bedien uiteenlopende gemeenskappe met verskillende sosio-ekonomiese status. In armer gemeenskappe is openbare biblioteke noodsaaklik aangesien hulle gratis toegang bied tot boeke, opvoedkundige materiaal en die internet, wat mense andersins nie sou kon bekostig nie. In ryker gebiede kan privaat of skoolbiblioteke egter individue se afhanklikheid van openbare biblioteke verminder.

Erfenisbewaring en -bevordering deur Erfenis Wes-Kaap (EWK) en museums speel ook 'n belangrike rol in die opheffing van die ekonomiese omgewing van die Wes-Kaap. Hierdie instellings se bewaring en uitstalling van die streek se ryk kulturele en historiese bates lok sowel plaaslike as internasionale toeriste en bevorder groei in toerismeverwante sektore soos gasvryheid, kleinhandel en vervoer. Verder bied erfenisterreine en museums geleenthede vir werkskepping, vaardigheidsontwikkeling en entrepreneuriese ondernemings, veral in gemarginaliseerde gemeenskappe. Die bevordering van erfenis kan ook kulturele trots en maatskaplike samehang bevorder, gemeenskapsveerkragtigheid versterk en volhoubare ekonomiese praktyke aanmoedig wat met die beskerming van kulturele hulpbronne ooreenstem. Strategiese vennootskappe met onder meer plaaslike ambagsmanne en besighede verseker dat die EWK en museums bydra tot die diversifikasie van die plaaslike ekonomie en 'n dinamiese, erfenisryke landskap skep wat tot voordeel van sowel inwoners as besoekers is.

MAATSKAPLIKE OMGEWING

Sensus 2022 het daarop gedui dat die Wes-Kaapse bevolking van 2011 tot 2022 van 6 miljoen tot 7.4 miljoen mense gegroei het en is nou die land se derde mees bevolkte provinsie. Verdere groei in die Provinsie se bevolking sal na verwagting bykomende druk op die vraag na die Departement se dienste plaas. Die bevordering van maatskaplike inklusiwiteit in gemeenskappe bly 'n belangrike taak van die Departement. Namate verstedelikte gemeenskappe groei, speel kultuur- en erfenisinstellings deur middel van inklusiewe vertellings wat lewenservarings weerspieël 'n belangrike rol om bewustheid te skep en 'n gevoel van samehorigheid te ontwikkel.

Openbare belangstelling in die land se geskiedenis en erfenis het 'n gretige belangstelling onder die jeug ingesluit oor die kwessies van die interpretering van geskiedenis en die

relevansie daarvan. Dit hou baie potensiaal in vir geaffilieerde museums om hul maatskaplike belang in gemeenskappe te verseker deur gesprekke oor hierdie kwessies te voer, relevante programme aan te bied en 'n inklusiewe benadering tot dienslewering te volg. Die Museum-, Erfenis- en Kultuurkomponente sal 'n belangrike rol speel om te verseker dat platforms vir dialoog geskep word, wat 'n ruimte kan skep waar veelvuldige narratiewe saam kan bestaan – deur die herposisionering van erfenisterreine as dialogiese plekke waar mededingende narratiewe bemiddel kan word.

Die Departement sal sy bewusmakingsprogramme, uitstallings en virtuele toere oor argiewe voortsit om die begrip van die waarde van erfenishulpbronne en die rol van argiewe te versterk. Die Mondelinge Geskiedenis-inisiatief is met entoesiasme ontvang en hierdie program sal dus voortduur. Die oueres in gemeenskappe is oor die algemeen die primêre bewaarders van tradisie en erfenis wat gemeenskappe se kultuur verpersoonlik. Die mondelinge-geskiedenisprogram speel 'n belangrike rol om te verseker dat brose oorblyfsels uit die verlede bewaar en beskerm word.

Onrus in die gemeenskap kan lei tot die vernietiging van regeringsinfrastruktuur, onder meer brandstigting van die geboue waar rekords bewaar word, wat bewyse sal verminder en sodoende leemtes in rekordversamelings sal skep.

Namate gemeenskappe van die maatskaplike impak van COVID-19 herstel, sal geestelike en liggaamlike welstand die belangrikste instaatstellers wees. Die DKES se werksaamhede is stroomop van aard in soverre probleme voorkom word voordat dit ontstaan, of andersins word skade wat deur daardie probleme veroorsaak word, stelselmatig verminder. Om kinders te leer swem is byvoorbeeld 'n uitstekende manier om verdrinkings te voorkom, en liggaamlike gesondheid is 'n uitstekende manier om die aanvang van nie-oordraagbare siektes soos diabetes te verminder. Om die deurslag te gee en gemeenskappe te help om hul geestelike en liggaamlike welstand te verbeter, sal die Departement sy aandag verskuif om te verstaan hoe dit gemeenskappe gesonder en veiliger kan maak, eerder as om te vra hoe die Departement kan reageer op die probleme wat gemeenskappe ongesond en onveilig maak nadat dit voorgekom het.

Die Maatskaplike Profiel van die Jeug 2014-2020-verslag deur Statistiek Suid-Afrika het daarop gedui dat die jeug 'n hoë risiko loop om kwesbaar vir misdaad te wees. Verder toon jongmense 'n beduidende gebrek aan vertroue in die regering en openbare instellings. Die Departement het dus sy fokus op jeugontwikkelingsprogramme in dienste, kunste, kultuur en taal verskerp, asook op die gebiede van sport, ontspanning en naskoolse aktiwiteite. 'n Onlangse impakstudie van YearBeyond se alumni het bevind dat hulle 45% meer geneig is om aktiewe inwoners te wees wat tot die burgerlike lewe bydra. Die burgerlike samelewing het sportverwante strukture in alle geopolitieke distrikte in die Provinsie. Die Departement se bedrywighede is daarop gerig om geleenthede vir alle mense te bied om by opbouende maatskaplike aktiwiteite ingesluit te word ten einde 'n omgewing van respek en verdraagsaamheid in ons samelewing te skep.

Die Wes-Kaap is die tuiste van uiteenlopende taal-, etniese en kulturele groepe. Biblioteke moet hulpbronne in verskeie tale verskaf, insluitend Afrikaans, Engels en isiXhosa, om vir alle gemeenskappe voorsiening te maak. Dit vereis noukeurige beplanning van materiaal en personeelopleiding. Die Wes-Kaap het 'n groot studentebevolking, insluitend skoolkinders en universiteitstudente, wat baie op openbare biblioteke vir studiemateriaal en internettoegang staatmaak. Biblioteke speel ook 'n sleutelrol in volwasse-onderwys- en lewenslange

leerprogramme. Daar bestaan in talle gebiede ’n groot digitale kloof, aangesien individue in armer gemeenskappe moontlik nie toegang tot tegnologie by die huis het nie. Biblioteke vul hierdie leemte deur gratis internet- en rekenaartoegang te verskaf.

Die Wes-Kaap kom toenemend voor maatskaplike uitdagings te staan, onder meer kwessies oor geestesgesondheid onder die jeug, maatskaplike afsondering en ’n gebrek aan maatskaplike samehang. Die DKES sal oor die volgende vyf jaar daarop fokus om aandag aan hierdie kwessies te skenk deur sy sport- en ontspanningsprogramme wat as noodsaaklike platforms vir jeugbetrokkenheid, maatskaplike insluiting en geestelike welstand dien. ’n Sleutelprioriteit is om die ontwikkeling van veerkragtige gesinne en jongmense te steun, met die fokus daarop om positiewe verhoudings te bevorder en veilige, ondersteunende omgewings te skep.

Die DKES sal ook geslagsgebaseerde geweld (GGG) as ’n prioriteit hanteer deur sy programme aan te wend om bewustheid te versterk en veiliger, inklusiewer gemeenskappe te bevorder. Die uitbreiding van inisiatiewe na gemarginaliseerde gemeenskappe en die integrering van kultuur en sport sal verseker dat die DKES breër maatskaplike insluiting en samehang aandryf. Hierdie holistiese benadering versterk nie net individue se welstand nie, maar speel ook ’n sleutelrol om sterk, veerkragtige gesinne en gemeenskappe te bou. Voortdurende betrokkenheid by gesonde, maatskaplik-verrykende aktiwiteite sal die maatskaplike struktuur van die Provinsie versterk en tot voordeel van sowel gesinne as die jeug wees.

TEGNOLOGIESE OMGEWING

Die Departement het ná die COVID-19-pandemie, waartydens daar beperkings op sosiale byeenkomste was, sy verskaffing van aanlyn dienste bespoedig en sal voortgaan om toegang tot aanlyn dienste te bevorder.

Die groei van tegnologie bied nuwe platforms om met burgers te skakel, en maak voorsiening om inhoud in meer lae te skep sodat die interpretasies van artefakte en gebeure in geskiedenis voortdurend bygewerk kan word. Dit is ook ’n goedkoper manier om geskiedenisse sonder geografiese hindernisse te deel en stel die Departement in staat om dit in meer as een taal te doen.

Die digitale omgewing is die snelgroeiendste bedryf ter wêreld en dit is duidelik te sien in die vinnige groei van musiekstroming asook digitalisering van die literêre kunste. Die eise en behoeftes van die afgelope jaar het die Departement se gebruik van tegnologie versnel ten einde ons mandaat beter uit te voer en in hierdie ontwikkelende digitale wêreld relevant te bly. Die jaarlikse befondsingsiklus is na ’n aanlyn proses verander. Dit maak verslagdoening, datavaslegging en berging vir toekomstige gebruik meer vaartbelyn. Elektroniese en oudioboeke word nou gratis beskikbaar gestel aan geregistreerde openbarebiblioteeklede wat tuis of op enige plek virtuele toegang daartoe het. Die benutting van die digitale biblioteekplatform, naamlik OverDrive wat e-boeke en oudioboeke insluit, het sedert sy bekendstelling aansienlik toegeneem. Die Landelike Biblioteekkonnektiwiteitprojek (LBKP), Mzansi Libraries Online en die uitrol van breëband en Wi-Fi-inisiatiewe gee toenemend aan die publiek gratis toegang tot IKT.

Die argiefdigitaliseringsprogram sal beter internettoegang en die bewaring van sekere geïdentifiseerde argivalia verseker om in die toenemende vraag te voorsien. Digitalisering is die proses waarvolgens inligting van ’n fisiese (papiergebaseerde) formaat na ’n digitale een

omgeskakel word om beter aanlyn toegang na en bewaring van meer argiefrekords te verseker, asook om die slytasie van oorspronklike rekords vir toekomstige verwysing te verminder. Tendense in inligtingsbestuur, soos digitalisering en elektroniese rekordbestuur, verander voortdurend en die Departement poog om tred te hou met hierdie tendense. 'n Robuuste IT-netwerk sal voortdurende toeganklikheid van gedigitaliseerde beelde en elektroniese inhoud moontlik maak. Die volgehoue gebruik van webgebaseerde sagteware vir die beskrywing van argiefrekords, Access to Memory (AtoM), maak dit vir die Argiefdiens maklik om die argiefbesitting aanlyn vas te lê en te publiseer om toegang te verbeter. Die implementering van die Argief-webwerf sal toegang tot aanlyn argiefrekords vergemaklik en 'n geleentheid bied vir toegang tot versamelings van ander erfenisinstellings en universiteite. Aanlyn uitstallings, openbare bewusmakingsprogramme en virtuele toere sal help om 'n groter gehoor te bereik.

Die verskaffing van die Rekordbestuursdiens het nog altyd deur in-persoon-kontak plaasgevind, maar tegnologiese ontwikkeling verskaf nou alternatiewe diensleweringsmodelle. Dit behels onder meer die verskaffing van aanlyn opleiding en vergaderings. Geïmplementeerde aanlyn opleidingsplatforms verseker dat die reikwydte na kliënte verbreed word. Tegnologie speel 'n belangrike rol in die bestuur van digitale rekords, die versekering van datasekuriteit en die implementering van tegniese oplossings vir rekordbestuur. Die Argiefdiens sal dienste vir blinde en gesiggestremde kliënte bekendstel.

Tegnologie maak voorsiening vir die implementering van samewerkende aanlyn platforms om toegang tot inligting deur aanlyn uitstallings, die gebruik van QR-kodes, breër metadatavelde vir navorsing, en virtuele toere wat op verskeie departementele webwerwe/werkruimtes gepubliseer word, te bevorder. Gemeenskappe, en veral die jeug, neem toenemend deel aan aanlyn aktiwiteite deur internetgebaseerde inligting en bronne vir vermaak te gebruik. Museums moet sorg dat hul uitstallings en openbare programme deur aanlyn netwerke toeganklik is om relevant te bly.

Soos beskryf in die Strategiese Raamwerk vir die Provinsiale Strategiese Plan 2019-2024, is daar 'n ongelykheid in leerderontwikkeling en akademiese uitkomste. Leerders in armer gemeenskappe is histories minder geneig om toegang tot naskoolse programme van gehalte te kry (soos sport- en kultuuraktiwiteite) te kry. Hulle ervaar ook oorvol klaskamers, het beperkte blootstelling aan e-leer-geleenthede, het min toegang tot gehalte-onderrig buite skooltyd en kry minder geleenthede om aan uitstappies deel te neem. Hierdie faktore word met swak akademiese prestasie geassosieer. Die holistiese (d.w.s. akademie, sport, kuns en kultuur) fokus van naskoolse programme bied aan leerders 'n geleentheid vir ervaringsleer wat as deurslaggewend vir die 4de Industriële Revolusie (4IR) geïdentifiseer is. Die Departement sal dus voortgaan om toegang tot sport, kuns en kultuur asook ander naskoolse aktiwiteite te bied, en om leesondersteuning en bevorderingsinisiatiewe ter ondersteuning van onderwysuitkomste te verskaf. Ná COVID-19 het virtuele en hibriede kuns, kultuur, sport en ontspanning en naskoolse aktiwiteite deel van die aanbod geword.

Die Naskoolse sektor het tegnologie doeltreffend gebruik om opleiding vir praktisyns te verskaf, aanlyn geleenthede aan te bied en die bywoning van die jeug en leerders in YearBeyond na te spoor.

'n Digitale registrasiestelsel vir gebruiklike inisiasie word tans ontwikkel om vir ouers en kulturele praktisyns meer toegang te gee tot inligting oor hoe om sterftesyfers in inisiasieskole te verminder.

Die pandemie het die instelling van e-sport in gemeenskappe moontlik gemaak en die Departement werk nou saam met e-sportklubs en tree in gesprekvoering met die federasies oor die ontwikkeling en uitbreiding van e-sport in gemeenskappe regoor die Wes-Kaap.

Die vinnige toename in die vraag na digitale vaardighede en toenemende afhanklikheid van digitale platforms bied sowel geleenthede as uitdagings vir die DKES. Die DKES sal oor die volgende vyf jaar digitale platforms benut om die reikwydte en doeltreffendheid van sy programme uit te brei om te verseker dat deelnemers toegang tot moderne hulpmiddels en tegnologieë het. Die integrasie van kunsmatige intelligensie vir die verbetering van bedryfsdoeltreffendheid, asook die groeiende gewildheid van e-sport, sal nuwe geleenthede vir jeugbetrokkenheid bied deur tegnologie met liggaamlike aktiwiteit en ontspanning saam te smelt.

OMGEWINGSFAKTORE

Die tweeledige bedreigings van klimaatsverandering en energieskaarste sal van die grootste uitdagings wees wat die volgende generasies in die gesig sal staar. Of ons nou dink aan noodreaksie en paraatheid, ons ekonomieë, ons bestuursoorsig of veral ons beboude omgewings en infrastruktuur, kom ons voor die vooruitsig van 'n nuwe 'normaal' – waaroor ons min sekerheid het, maar waarvoor ons nietemin moet voorberei – op regerings-, institusionele, besigheid- en huishoudelike vlak te staan.

In Suid-Afrika ervaar ons reeds 'n vernietigende energiekrisis en het duidelike verskuiwings in klimaat gesien met die onlangse en ernstige oorstromings in KwaZulu-Natal en die onlangse droogtes in die Wes-Kaap.

'n Aansienlike deel van infrastruktuurbelegging deur die DKES was in Biblioteekdienste met die oprigting van nuwe biblioteke en die instandhouding en opgradering van ouer openbare biblioteke. Nes met baie bedrywe en instellings binne munisipale gebiede, is die stelsels van openbare biblioteke uiters ingewikkelde en energie-intensiewe bedrywighede wat op die vloei van sowel interne as eksterne materiaal afhang. Hulle lewensbloed – boeke – word wêreldwyd geproduseer en hul papier is afkomstig van woude waar dieselaangedrewe vragmotors gebruik word, of van herwinningsaanlegte. Ons "Boeke aan die beweeg"-vragmotors vervoer gereeld materiaal tussen ons takke, en biblioteke genereer aansienlike kweekhuisgasse deur gebruikers wat in motors opdaag, gegewe die minder-as-optimale openbarevervoerstelsel. Die kragtoevoer van die meeste biblioteke is afhanklik van hoogs gesentraliseerde munisipale en Eskom-streekskragnetwerke. Die droogte en gebrek aan waterhulpbronne kan 'n uitwerking op die bedrywighede van die Departement hê. Sporttoerisme sal geraak word waar federasies as gevolg van omgewingsfaktore nie geleenthede kan aanbied nie. Voortdurende droogte sal 'n impak hê op sportfasiliteite aangesien instandhouding 'n uitdaging sal word. Daarbenewens is waterbesparingsmaatreëls regdeur die Departement ingestel, soos by die kultuur-, museum- en sportfasiliteite. Die Departement sal alternatiewe sportoppervlakke wat nie van water afhanklik is nie, asook alternatiewe bronne ondersoek.

Die risiko van natuurrampe of uiterste weerstoestande kan meebring dat argiefversamelings beskadig word en dus is rampgereedheid en gereelde instandhouding van die argiefgebou uiters noodsaaklik. 'n Behoorlike omgewing vir behoud en bewaring is in die Argief geïmplementeer, ingevolge die regulasies insake verhitting, ventilasie, lugversorging en beheer (HVAC). Die impak van veldbrande bly 'n bedreiging vir ons fasiliteite.

Die DKES moet as gevolg van klimaatsverandering sorg dat omgewingsvolhoubaarheid toenemend in sy programme en bedrywighede geïntegreer word. Die ernstige impak van klimaatsverandering op dienste en infrastruktuur, gekoppel aan die skaarste van groen ruimtes vir ontspanning in stadsgebiede, noodsaak die DKES om klimaatsveerkragtige infrastruktuur oor die volgende vyf jaar by sy beplanning in te sluit.

Deur sport en ontspanning as platforms vir gesprekke oor die omgewing te benut, kan die DKES oor klimaatskwessies bewustheid skep en aksies inspireer, en terselfdertyd die gesondheid en welstand van gemeenskappe verbeter. Die Wes-Kaap se unieke geografiese landskappe bied meer as genoeg geleenthede vir buitemuurse sport, maar dit moet verantwoordelik bestuur word om omgewingsbewaring vir toekomstige generasies te verseker.

Volhoubaarheid sal 'n belangrike oorweging tydens programbegroting wees, met die koste van omgewingsbydraes wat in alle DKES-inisiatiewe geïntegreer word. Deur volhoubaarheid by al sy programme in te sluit, verseker die DKES dat sy inisiatiewe nie net huidige deelnemers bevoordeel nie, maar ook tot omgewingsbewaring oor die lang termyn in die Provinsie bydra.

REGS- EN REGULATORIESE OMGEWING

Die omgewing van voorsieningskettingbestuur is nou hoogs gereguleer om steun vir klein, medium en mikro-ondernemings te verseker. Die onbedoelde gevolg van hierdie hoogs gereguleerde omgewing is dat dit hewige druk plaas op personeelkapasiteit om te verseker dat die Departement by die veranderende omgewing kan aanpas.

Die hersiening van die Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, Wet 43 van 1996 wat in die 2023/24-boekjaar in werking getree het, sal 'n beduidende impak hê op die rol en omvang van die Provinsiale Argief- en Rekorddiens.

Die huidige wetgewing wat die verskaffing van 'n openbarebiblioteekdiens in die Wes-Kaap reguleer, is verouderd. Die Departement is besig om 'n nuwe Wes-Kaapse Wetsontwerp oor Openbarebiblioteek- en Inligtingsdienste te formuleer. Die nuwe wetgewing sal die Departement in staat stel om uitvoerende-opdragooreenkomste met munisipaliteite aan te gaan om die samewerkende verskaffing van Openbarebiblioteekdienste in die huidige wetlike landskap amptelike te formaliseer.

Die nakoming van wetlike regulasies, voldoening aan arbeidswette en belyning met KVBA-vereistes sal oor die volgende vyf jaar van kritieke belang vir die DKES bly. Namate die kompleksiteit van vennootskappe en kontrakte toeneem – veral dié wat veelvuldige belanghebbendes behels – moet die Departement sy grondwetlike mandate herbelyn om wetlike beskerming vir sowel deelnemers as programlewering te verseker.

Die DKES se regsdienste sal fokus op die bestuur van vennootskappe en die deeglike keuring van alle kontrakte en dokumentasie om deursigtigheid, verantwoordbaarheid en voldoening te verseker. Dit sal noodsaaklik wees om beveiligingspraktyke af te dwing om die jeug en ander kwesbare deelnemers in alle programme te beskerm.

Verder sal die instelling van nuwe memorandums van verstandhouding (MvV's) met sleutelbelanghebbendes, insluitend die Departement van Onderwys en die Departement van

Sport, Kuns en Kultuur, volgehoue belyning en steun vir die DKES se inisiatiewe verseker en 'n sterk wetlike grondslag vir volhoubare programlewering en vennootskappe skep.

VEILIGHEID- EN SEKURITEITSOMGEWING

Soos beskryf in die Strategiese Raamwerk vir die Provinsiale Strategiese Plan 2025-2030, word Wes-Kaapse gemeenskappe steeds direk en indirek deur misdaadgeweld geraak. Die Departement se sport-, kuns- en kultuurprogramme wat die uitkomste van opvoedkunde en werkgeleenthede steun, asook programme wat positiewe portuurgroepaktiwiteite aanbied om maatskaplike beskerming aan jongmense te voorsien, is alles daarop gemik om die veiligheidsomgewing te versterk.

Die Departement sal sy mense, instellings en fasiliteite gebruik om veilige ruimtes te skep, asook om kultuur en erfenis en 'n gevoel van samehorigheid te bevorder.

Die hoë risiko van kuberaanvalle hou 'n bedreiging in vir die sekuriteit van dokumente, rekords en inligting. Die risiko neem toe deur die gebruik van selfone, persoonlike rekenaars en privaat e-posse vir werkverwante handelinge. MyContent is die WKR se goedgekeurde elektroniese rekordbestuurstelsel.

Die Departement het 'n goedgekeurde Sakekontinuïteitsplan (SKP) in plek. Die algehele doelwit van die SKP is om werknemers en regeringshulpbronne te beskerm en om seker te maak dat die Departement in die geval van 'n groot ontwrigting doeltreffend kan funksioneer .

Dit sal oor die volgende vyf jaar 'n topprioriteit van DKES-programme wees om die veiligheid van alle deelnemers te verseker. Stygende misdaadsyfers, insluitend geslagsgebaseerde geweld (GGG), en die ontluikende dreigemente van die konstruksie- en vervoermafia in sekere gebiede noodsaak die ontwikkeling van 'n robuuste en omvattende veiligheidstrategie. Hierdie strategie sal fokus op die beveiliging van deelnemers tydens vervoer, en die implementering van gemeenskapsgebaseerde veiligheidsmaatreëls vir alle geleenthede.

Samewerking met wetstoepassing, gemeenskapsorganisasies en belanghebbendes in die sekuriteitsektor sal noodsaaklik wees om hierdie risiko's doeltreffend te versag. Daarbenewens sal streng veiligheidsprotokolle ingestel word om jeugdeelnemers te beskerm om te sorg dat hulle sonder vrees vir geweld, uitbuiting of leed aan DKES-programme kan deelneem. Sowel die liggaamlike as emosionele veiligheid van deelnemers is ononderhandelbaar en sal 'n kernfokus van alle toekomstige beplanning wees ten einde 'n veilige en ondersteunende omgewing vir positiewe betrokkenheid te skep.

Erfenisbewaring en -bevordering deur Erfenis Wes-Kaap (EWK) en museums kan aansienlik tot die veiligheid- en sekuriteitsomgewing in die Wes-Kaap bydra. Die herstel en instandhouding van erfenisterreine moedig gemeenskapsbetrokkenheid aan en skep 'n gevoel van trots en verantwoordelikheid vir plaaslike geskiedenis en kulturele bakens. Dié gevoel van eienaarskap kan sterker gemeenskaplike samehang bevorder, en die waarskynlikheid van vandalisme, diefstal en ander misdade by hierdie terreine verlaag. Erfenisruimtes wat goed in stand gehou en gevier word, lok ook besoekers wat beteken dat daar beter toesig, meer voetverkeer en formele veiligheidsmaatreëls is wat misdaadaktiwiteite ontmoedig. Verder help inisiatiewe oor erfenisopvoeding om waardes van respek en rentmeesterskap by jongmense te kweek en bevorder 'n kultuur van verantwoordelikheid wat tot breër gemeenskapsveiligheid bydra. Die belegging in die bewaring en aktiewe bevordering van erfenis bied aan gemeenskappe die


geleentheid om veiliger openbare ruimtes te skep, positiewe sosiale interaksie aan te moedig en anti-sosiale gedrag te ontmoedig.

## 4.2. Ontleding van die interne omgewing

Die Departement se makrostruktuur is soos volg:

Wes-Kaapse Regering

# Organisatoriese organogram



***Werkmagplan***

Die vorige 2018 – 2023 Werkmagplan van die Departement is saamgestel om die tydperk 1 April 2018 tot 31 Maart 2023 te dek en staan aan die einde van die derde jaar van implementering. Die strategiese herbelyning op provinsiale vlak as gevolg van ontwikkelings rondom die COVID-19-pandemie het egter die samestelling van 'n nuwe Werkmagplan vir alle WKR-departemente vir die tydperk 1 April 2021 tot 31 Maart 2026 genoodsaak. Die Werkmagplan was saamgestel met die doel om die Departement te help om sy strategiese doelwitte te bereik. Dit was belyn met die visie en missie van die Departement asook die strategiese fokus van die destydse provinsiale Mensebestuurstrategie.

Die volgende prioriteite is vir die tydperk 2021 – 2026 geïdentifiseer en goedgekeur:

| PRIORITEIT | UITKOMS |
|---|---|
| Identifiseer en ontwikkel die vereiste organisatoriese kapasiteit. | Gekapasiteerde departement wat optimaal funksioneer en met onderskeie mandate en diensbehoeftes belyn is. |
| Waarde- en bevoegdheidsgebaseerde werwingspraktyke (insluitend die moontlikheid van 'n aanlyn aansoek- en keuringstelsel om die werwingspraktyke te verbeter en die regte kandidate te lok wat toekoms- en kultuurgepas is). | Produktiewe, bevoegde en betrokke werkmag (maatstaf: beter belyning tussen diensleweringsvereistes en werknemers/mense wat gewerf word). |
| Diversifiseer die talentpoel. | Talentpoel word ontwikkel en benut. Verbeterde werknemerwaardeproposisie. |
| Leerintervensies om die volgende te behandel:<br>a) Talent- en vaardigheidsontwikkeling vir werknemers in nuwe opkomende vaardighede (bv. 4IR-metabevoegdhede/funksionele en tegniese vaardighede asook gedragsvaardighede) wat krities nodig is om die toekomsgepaste organisasie te steun.<br>b) Prioritiseer opleidingsintervensies ingevolge die departementele kritiese bevoegdhede en LOP-vereistes (departementeel-spesifiek belyn met PDP, WSP en generiese/transversale bevoegdhede per salarisband). | Die regte hoeveelheid bekwame werkers op die regte plek op die regte tyd met die regte bevoegdhede. |
| Ontwikkel en implementeer die Strategie vir Toekomsgepaste Vaardighede (STV). | Professionalisering en kapasitering van die staatsdiens. |
| Jeugontwikkelingsprogramme om met die samestelling van talentpyplyne (internskappe) te help. | Talentpyplyne word vir die jeug geskep deur seker te maak dat hulle gereed vir die werkmark is. |
| Herstruktureer die Provinsiale Opleidingsinstituut in 'n provinsiale leer- en innoveringsentrum. | Verbeterde dienslewering deur 'n bevoegde, bekwame en etiese werkmag. |
| Skenk aandag aan die prioriteite van diensbillikheid, soos aangedui in die departementele Diensbillikheidsplan om die werwing- en keuringsbesluite van die Departement te rig. | Volgehoue vordering met die bereiking van EE-doelwitte ten opsigte van die aangewese groepe. |
| Voorsien intervensies/dienste oor gesondheid en welsyn ter ondersteuning van werknemerwelstand. | 'n Gesonde en betrokke werkmag. |
| Ontwikkel en implementeer die projek vir die oorgang na 'n nuwe werkwyse/WKG- burgergesentreerde kultuur. | 'n Kultuur van burgergesentreerde prestasie. |

***IKT-plan***

Digitale transformasieprojek 1: Gratis toegang tot die internet en elektroniese hulpbronne

Die Departement se strategiese prioriteit is om maatskaplike insluiting en lewenslange ontwikkeling te bevorder deur platforms wat toegang tot kennis en betrokkenheid verbreed en meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe tot gevolg het. Een van die sleuteluitkomste is om die getal veilige ruimtes vir die jeug en gemeenskappe te verhoog.

Hierdie inisiatief steun die DGS-doelwitte om digitaal bemagtigde burgers te ontwikkel deur die jeug en gemeenskappe toe te rus met digitale hulpmiddels, die bevordering van geoptimeerde en geïntegreerde burgergesentreerde dienste deur die doeltreffende gebruik van huidige tegnologieë, versekering van datagedrewe dienslewering deur die monitering van bestaande ingebedde stelsels, en die bevordering van 'n gekonnekteerde regering en goeie IKT-bestuurstoesig met gratis breëbandtoegang tot die internet.

Die Departement kan kapitaliseer op SE-I se sleutelinisiatiewe, wat insluit:

- **Digitale ervaring:** Verbeter interaksies tussen burgers, besighede en regeringsdienste met behulp van die Foundational Digital Experience Platform (FDXP) wat toeganklikheid, doeltreffendheid, deursigtigheid en burgerdeelname beklemtoon.
- **Verreikende konnektiwiteit:** Verskaf alomteenwoordige en naatlose toegang tot kommunikasienetwerke en IT-hulpbronne, versterk netwerktoegangspunte met hoëkapasiteit-, hoëspoeddata-oordrag, en ondersteun veeleisende toepassings soos videostroming en virtuele samewerking.
- **Stelselontwikkeling: Sentrum van Voortreflikheid:** Fokus op bedrywighede, ontwikkeling, argitektuur en besigheidsintelligensie om voortdurende verbetering en innovering in IT-dienste aan te dryf.
- **Kubersekuriteit:** Implementeer strategieë en beleide om stelsels, netwerke en programme teen digitale aanvalle te beskerm, insluitend bewusmakingsveldtogte oor sekuriteit, KI-instrumente vir die identifisering van voorvalle en voldoening aan standaarde soos ISO27001.
- **Generatiewe KI:** Benut KI om take te outomatiseer, prosesse vaartbelyn te maak, besluitneming te versterk en burgerbetrokkenheid en dienslewering te verbeter deur middel van kletsbotte en intydse data-ontleding tydens noodgevalle.

| | |
|---|---|
| **Strategiese prioriteit** | Platforms |
| **Uitkoms/ strategiese doelwit** | Maatskaplike insluiting en lewenslange ontwikkeling word bevorder deur platforms wat toegang tot kennis en betrokkenheid versterk en tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe aanleiding gee. (PLATFORMS) |
| **Uitkomsaanwyser** | 2. Toename in die getal veilige ruimtes vir die jeug en gemeenskappe |
| **Beplande jaarlikse teikens oor die vyf jaar** | **2025-26 Junie 2025**<br>Projekinisiëring Beskrywing van mylpaal<br>**2026-27 Junie 2026**<br>Stelsel voltooi en toeganklik vir die publiek<br>**2027-28 Junie 2027**<br>Monitering van stelselfunksionaliteit/ evaluering en versterking<br>**2028-29 Junie 2028** |

| | |
|---|---|
| | Monitering van stelselfunksionaliteit<br>**2029-30 Junie 2029**<br>Monitering van stelselfunksionaliteit |
| **Verwagte uitkoms/ besigheidswaarde/ teiken** | Voordele sluit toegang tot inligting oor die Wes-Kaap in.<br>Help organiseerders van geleenthede om geleentheidsvoorstelle, insluitend geleentheidsbestemmings en teikenmarkte, beter te beplan op grond op inligting oor toeganklike geleentheidsinfrastruktuur. |
| **Verantwoordelike departement** | Program 3: **Biblioteekdienste** |
| **DGS** | **Digitaal bemagtigde burgers** – Bemagtig die jeug en gemeenskappe met digitale oplossings<br>**Geoptimeerde en geïntegreerde burgergesentreerde dienste** – Optimeer bestaande tegnologieë<br>**Datagedrewe dienslewering** – Monitor gebruik; bestaande stelsels wat reeds ingebed is<br>**Gekoppelde regering en goeie IKT-bestuurstoesig**– Breëband, gratis toegang tot internet |
| **Se-I se sleutelinisiatiewe** | **Digitale ervaring** – Dit moet gebruikervriendelik wees<br>**Kubersekuriteit** – Implementeer 'n bewusmakingsveldtog, veilige netwerk<br>**Verreikende konnektiwiteit** – Verskaf toegang tot gratis internet<br>**Stelselontwikkeling: SvV** – Verbeter bestaande stelsels asook as verslagdoening |
| **Beplande jaarlikse teikens oor die vyf jaar** | **2025-26 Junie 2025**<br>1) Instandhouding en uitbreiding van die Landelike Biblioteek-konnektiwiteitprojek<br>2) Nuwe Biblioteekinligtingbestuurstelsel – Projekinisiëring<br>**2026-27 Junie 2026**<br>1) Instandhouding en uitbreiding van die Landelike Biblioteek-konnektiwiteitprojek<br>2) Nuwe Biblioteekinligtingbestuurstelsel – Verkryging van nuwe stelsel<br>**2027-28 Junie 2027**<br>1) Instandhouding en uitbreiding van die Landelike Biblioteek-konnektiwiteitprojek<br>2) Nuwe Biblioteekinligtingbestuurstelsel – Implementering<br>**2028-29 Junie 2028**<br>1) Instandhouding en uitbreiding van die Landelike Biblioteek-konnektiwiteitprojek<br>2) Nuwe Biblioteekinligtingbestuurstelsel – Implementering<br>**2029-30 Junie 2029**<br>1) Instandhouding en uitbreiding van die Landelike Biblioteek-konnektiwiteitprojek<br>2) Nuwe Biblioteekinligtingbestuurstelsel – Monitering van stelselfunksionaliteit / evaluering en versterking |

Digitale transformasieprojek 2: Implementeer en bevorder die Gimnasiumbestuurstelsel om toegang tot die Wes-Kaapse Regering se gimnasium beter te bestuur op grond van globale tendense.

Die Departement se strategiese prioriteit is om deelname deur middel van Biblioteekdienste te bevorder, met die fokus op aktiewe betrokkenheid by lees, ontspanning, sport, kultuur, kuns en erfenis. Dit dra by tot sterker persoonlike welstand en lewenskragtigheid. Die belangrikste uitkomsaanwyser is toenemende deelname en kulturele betrokkenheid, in ooreenstemming met die "IChooseToBeActiveAndCurious"-veldtog.

Hierdie inisiatief stem ooreen met die DGS-doelwit van "Digitaal bemagtigde werknemers" en het ten doel om toegang en geleenthede te skep vir die personeel van die Wes-Kaapse Regering om 'n aktiewe en gesonde leefstyl na te streef. 'n Belangrike inisiatief vir die bereiking van hierdie doelwit is die Stelselontwikkeling: Sentrum van Voortreflikheid (SvV) wat bestaande stelsels sal versterk om 'n vaartbelynde benadering tot fiksheid en ontspanning te bied, insluitend toegang tot gimnasiumfasiliteite.

Die **Stelselontwikkeling: SvV** sal op verskeie areas fokus om hierdie doel te steun:

- **Werksaamhede:** Institusionaliseer DevSecOps, verbeter Wolkplatformprosesse en optimeer koste oor verskeie platforms.
- **Ontwikkeling:** Versterk van spanvolwassenheid deur gestandaardiseerde werkvloeie, die bevordering van departementele vennootskappe vir kode-ontwikkeling en die beklemtoning van lae-kode-oplossings.
- **Argitektuur:** Onderneem platformhersienings, integreer generatiewe KI en fokus op wolkoptimering- en -moderniseringspogings.
- **Besigheidsintelligensie en -data:** Konsolideer databronne, optimeer meesterdatabestuur en implementeer omvattende hulpmiddels om data-aktivering en ontledingsvermoëns te verbeter.

Hierdie pogings sal toesien dat die Departement aan die voorpunt van digitale dienslewering bly wat alle personeel bevoordeel en 'n kultuur van gesondheid en welstand bevorder.

| | |
|---|---|
| **Strategiese prioriteit** | Deelname |
| **Uitkoms/strategiese doelwit** | Toenemende deelname en aktiewe betrokkenheid by lees, ontspanning, sport, kultuur, kuns en erfenis dra by tot beter persoonlike welstand en algehele gemeenskapsgesondheid. |
| **Uitkomsaanwyser** | 1. Toenemende deelname en kulturele betrokkenheid deur kultuur, sport en ontspanning |
| **Beplande jaarlikse teikens oor die vyf jaar** | **2025-26**<br>Stelsel sal funksioneel wees<br>**2026-27**<br>Monitering van stelselfunksionaliteit<br>**2027-28**<br>Monitering van stelselfunksionaliteit/ evaluering en versterking<br>**2028-29**<br>Monitering van stelselfunksionaliteit<br>**2029-30** |

| | |
|---|---|
| | Monitering van stelselfunksionaliteit |
| **Verwagte uitkoms/ besigheids-waarde/ teiken** | Dit is gekoppel aan die veldtog "Ichoosetobeactiveandcurious". Dit skep toegang en geleenthede vir die personeel van die Wes-Kaapse Regering om 'n aktiewe en gesonde leefstyl na te streef en sal verder bydra tot die strategiese doelwitte wat in die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan uiteengesit word.<br>Verwagte voordele:<br>1. Makliker toegang om by die provinsiale Gimnasium te registreer<br>2. Geleenthede om beste praktyke van die gimnasium te benut<br>3. Maak inligting vaartbelyn en bring in pas met globale tendense |
| **Verantwoordelike departement** | Program 4 **Sportbevordering** |
| **DGS** | **Digitaal bemagtigde werknemers** – dit skep toegang en geleenthede vir die personeel van die Wes-Kaapse Regering om 'n aktiewe en gesonde leefstyl na te streef. |
| **Se-I se sleutelinisiatiewe** | **Stelselontwikkeling: SvV**– Verbeter bestaande stelsels asook as verslagdoening |

## Digitale transformasieprojek 3: Wes-Kaapse Geleenthede-portaal

Die Departement se strategiese prioriteit is om maatskaplike insluiting en lewenslange ontwikkeling te bevorder deur digitale platforms wat toegang tot kennis en betrokkenheid verbreed en meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe tot gevolg het. Sleuteluitkomste behels onder meer die ondersteuning van intervensies wat die ekonomiese en/of maatskaplike impak van geleenthede en aktiwiteite in kuns, kultuur, sport en ontspanning versterk.

Dit stem ooreen met die DGS-doelwitte om digitaal bemagtigde burgers te skep deur gemeenskappe met digitale oplossings te bemagtig, 'n gekoppelde regering en goeie IKT-bestuurstoesig vir doeltreffende en veilige stelsels te verseker, en geoptimeerde en geïntegreerde burgergesentreerde dienste te verskaf om toegang deur tegnologie-optimering te verbeter.

Die Departement kan Se-I se sleutelinisiatiewe benut, insluitend:

- **Digitale ervaring:** Die doelwit van die Foundational Digital Experience Platform (FDXP) is om deur middel van digitale instrumente interaksie tussen burgers, besighede en regeringsdienste te verbeter. Die klem is op toeganklikheid, doeltreffendheid, deursigtigheid en burgerdeelname om aandag te skenk aan verouderde stelsels en datasekuriteit om digitale interaksies te verbeter en die digitale kloof te oorbrug.
- **Verreikende konnektiwiteit:** Hierdie inisiatief fokus op die verskaffing van alomteenwoordige en naatlose toegang tot kommunikasienetwerke en IT-hulpbronne. Strategieë behels onder meer om netwerktoegangspunte met hoëkapasiteit-, hoëspoeddata-oordrag te verbeter, om multiprotokol-etiketwisseling (MPLS) na takliggings uit te brei en om die Internet van Dinge (IoT) vir slim, gekoppelde ervarings te benut.

- **Kubersekuriteit:** Dis uiters belangrik om die beskerming van stelsels, netwerke en programme teen digitale aanvalle te verseker. Strategieë behels onder meer om verkryging vir kostedoeltreffendheid op te knap, sekuriteitsorganisasies te herstruktureer, streng bestuursoorsigraamwerke vir sekuriteit te aanvaar, sekuriteitsbewustheid te bevorder en KI-instrumente vir die identifisering en regstelling van voorvalle te implementeer.

Met die belyning van hierdie inisiatiewe kan die Departement seker maak dat sy pogings vir digitale transformasie omvattend, veilig en inklusief is om uiteindelik alle burgers te bevoordeel.

| | |
|---|---|
| **Strategiese prioriteit** | Platforms |
| **Uitkoms/strategiese doelwit** | Maatskaplike insluiting en lewenslange ontwikkeling word bevorder deur platforms wat toegang tot kennis en betrokkenheid versterk en tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe aanleiding gee. (PLATFORMS) |
| **Uitkomsaanwyser** | 3. Getal steunintervensies vir versterking van die ekonomiese en/of maatskaplike impak van geleenthede en aktiwiteite in kuns, kultuur, sport en ontspanning. |
| **Beplande jaarlikse teikens oor die vyf jaar** | **2025-26:** Voltooide en aktiewe platform<br>**2026-27:** Monitering van stelselfunksionaliteit<br>**2027-28:** Monitering van stelselfunksionaliteit/ evaluering en versterking<br>**2028-29:** Monitering van stelselfunksionaliteit<br>**2029-30:** Monitering van stelselfunksionaliteit/ evaluering en versterking |
| **Verwagte uitkoms/ besigheids-waarde/ teiken** | **Wes-Kaapse Geleenthede-portaal**<br>**Verwagte uitkoms:**<br>Die beoogde uitkoms van hierdie projek is om 'n vaartbelynde digitale platform te skep wat toeganklik is vir die publiek en inligting, dokumentasie en toegang tot die Wes-Kaapse Regering se geleenthedesektor bied.<br>**Voordele en waardes:**<br>Die beoogde uitkoms van hierdie projek is om 'n vaartbelynde digitale platform te skep wat toeganklik is vir die publiek en inligting, dokumentasie en toegang tot die Wes-Kaapse Regering se geleenthedesektor bied. |
| **Verantwoordelike departement** | HD Sport en Ontspanning<br>Sportbevordering<br>Sportgeleenthede sal die projek lei |
| **DGS** | **Digitaal bemagtigde burgers** – Bemagtig gemeenskappe deur digitale oplossings<br>**Gekoppelde regering en goeie IKT-bestuurstoesig** – Stelsels word doeltreffend bestuur en is beveilig |

| | |
|---|---|
| | **Geoptimeerde en geïntegreerde burgergesentreerde dienste** – Toegang tot dienste deur die optimering van tegnologieë |
| **Se-I se sleutelinisiatiewe** | **Digitale ervaring** – Gebruikersvriendelike stelsels<br>**Kubersekuriteit** – Bewusmaking en veilige netwerke<br>**Verreikende konnektiwiteit** – Verskaf toegang tot gratis internet |

## Digitale transformasieprojek 4: Digitalisering van Argiefrekords

Digitalisering is die proses waarvolgens inligting van 'n fisiese (papiergebaseerde) formaat na 'n digitale een omgeskakel word om beter aanlyn toegang na en bewaring van meer argiefrekords te verseker, asook om die slytasie van oorspronklike rekords vir toekomstige verwysing te verminder. Digitalisering behels die sistematiese omskakeling van uitgesoekte en geprioritiseerde versamelings in digitale formaat om toegang, bewaring en sekuriteit te verbeter, en as deel van die breër sakekontinuïteitstrategie vir die Argief- en Rekorddiens.

Rekords word vir sosiale inklusiwiteit gedigitaliseer om moontlike toegang vir die publiek te verseker, ongeag ligging en geografiese grense, om beelde aanlyn toeganklik te maak.

Wat sakekontinuïteit en rampherstel aanbetref, sal die digitalisering van versamelings die rugsteunkopieë bied wat gebruik kan word wanneer die oorspronklike weergawes ontoeganklik is.

Dienslewering sal deur die gebruik van digitale kopieë verbeter word. Rekords wat te broos is om veilig hanteer te word, sal gedigitaliseer word om sodoende billike toegang tot inligting vir die publiek te verseker.

| **Strategiese prioriteit** | Platforms |
|---|---|
| **Uitkoms/strategiese doelwit** | Maatskaplike insluiting en lewenslange ontwikkeling word bevorder deur platforms wat toegang tot kennis en betrokkenheid versterk en tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe aanleiding gee. (PLATFORMS) |
| **Uitkomsaanwyser** | 4. Getal kennisplatforms en platforms vir interaksie oor maatskaplike samehang |
| **Beplande jaarlikse teikens oor die vyf jaar** | **2025-26:** 120 000<br>**2026-27:** 120 000<br>**2027-28:** 110 000<br>**2028-29:** 110 000<br>**2029-30:** 110 000 |
| **Verwagte uitkoms/ besigheids-waarde/ teiken** | Die digitalisering van argiefrekords verhoog toegang tot relevante rekords wat gewoonlik weens ligging of geografiese grense ontoeganklik is. Gedigitaliseerde argiefrekords kan wêreldwyd verkry word en stel navorsers, historici en die publiek dus in staat om toegang tot waardevolle inligting te verkry. Die bewaring en toeganklikheid tot argiefrekords word deur digitalisering verbeter. Die program is belyn met die WKR se strategiese prioriteite: OGSS en Innovering, Kultuur en Oorsigbestuur, asook die WKR se Strategie vir Digitale Transformasie.<br>**Verwagte uitkoms:**<br>Die bedoelde uitkoms van hierdie projek is om die langtermynbewaring van argiefrekords te verseker en te sorg dat hierdie rekords aanlyn aan die publiek beskikbaar gestel word. |

| | |
|---|---|
| | **Voordele en waardes:**<br>Toenemende toegang tot argiefrekords.<br>Bewaring van die oorspronklike rekords vir die nageslag.<br>Beskikbaarheid van rekords, ongeag ligging en tydsone.<br>Geldigheid en egtheid van die digitale hulpbronne. |
| **Verantwoordelike departement** | DKES: Provinsiale Argiefdiens |
| **DGS** | **Digitaal bemagtigde burgers** – Bemagtiging van die publiek deur inligting vir navorsingsdoeleindes te verskaf.<br>Bevorder die gebruik van argiefrekords deur navorsers wêreldwyd.<br>Bevorder kennis en toeganklikheid.<br>**Geoptimeerde en geïntegreerde burgergesentreerde dienste** – Optimeer bestaande tegnologieë om toegang tot erfenis en geskiedenis te verleen.<br>**Datagedrewe dienslewering** – Monitor die getal gedigitaliseerde beelde wat verwerk en gebruik word; gebruik bestaande stelsels wat reeds ingebed is.<br>**Gekoppelde regering en goeie IKT-bestuurstoesig** – Breëband, gratis toegang tot die internet. |
| **Se-I se sleutelinisiatiewe** | **Digitale ervaring** – Dit moet gebruikervriendelik wees<br>**Kubersekuriteit** – Implementeer 'n bewusmakingsveldtog, veilige netwerk, veilige ruimte vir die berging van digitale prente<br>**Verreikende konnektiwiteit** – Verskaf toegang tot gratis internet |

## Digitale transformasieprojek 5: Aanlyn opleiding

Die Departement bied aanlyn rekordbestuurkursusse aan regeringsliggame om maatskaplike insluiting te verseker en beter geleenthede, innovering en deelname te bevorder. Die Rekordbestuur-kursus, Registerklerk-kursus en Elektroniese Rekordbestuur-kursus word aangebied om individue toe te rus met 'n begrip van rekordbestuurspraktyke en om hulle op hierdie gebied te ontwikkel. Aanlyn kursusse maak dit moontlik dat meer mense deur die aanlyn platform bereik word. Dit dra by tot die verbetering van dienslewering.

| **Strategiese prioriteit** | Platforms |
|---|---|
| **Uitkoms/strategiese doelwit** | Maatskaplike insluiting en lewenslange ontwikkeling word bevorder deur platforms wat toegang tot kennis en betrokkenheid versterk en tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe aanleiding gee. (PLATFORMS) |
| **Uitkomsaanwyser** | 4. Getal kennisplatforms en platforms vir interaksie oor maatskaplike samehang |
| **Beplande jaarlikse teikens oor die vyf jaar** | **2025-26:** 160<br>**2026-27:** 160<br>**2027-28:** 160<br>**2028-29:** 160<br>**2029-30:** 160 |
| **Verwagte uitkoms/ besigheidswaarde/ teiken** | Dit is gekoppel aan die aanlyn opleiding wat deur die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens aangebied word.<br>**Verwagte uitkoms:**<br>Die beoogde uitkoms is om sterker rekordbestuurspraktyke en voldoening aan argiefwetgewing in die Wes-Kaapse Regering te verseker.<br>Die program is belyn met die WKR se strategiese prioriteite: OGSS en Innovering, Kultuur en Oorsigbestuur, asook die WKR se Strategie vir Digitale Transformasie<br>**Voordele en waardes:** |

| | |
|---|---|
| | Die beoogde uitkoms van hierdie projek is om die rekords met argivale waarde te beveilig terwyl dit nog by die kantoor van oorsprong is.<br>Om die tydige beskikbaarheid van rekords te verseker, wanneer nodig.<br>Om kennis op te doen en 'n beter begrip van rekordbestuur te hê.<br>Om voldoening aan wetgewing te bepaal. |
| **Verantwoordelike departement** | DKES: Provinsiale Argiefdiens |
| **DGS** | Digitaal bemagtigde burgers – Bemagtiging van die regeringsliggame deur inligting oor doeltreffende rekordbestuurspraktyke te verskaf.<br>Bevorder kennis en toeganklikheid van inligting. Versterk deursigtigheid en goeie bestuursoorsig.<br>**Geoptimeerde en geïntegreerde burgergesentreerde dienste** – Optimeer bestaande tegnologieë om toegang tot huidige en gestaakte rekordstelsels te gee.<br>**Datagedrewe dienslewering** – Monitor gebruik; bestaande stelsels wat reeds ingebed is.<br>**Gekoppelde regering en goeie IKT-bestuurstoesig** – Toegang tot inligting via digitale platforms. |
| **Se-I se sleutelinisiatiewe** | **Digitale ervaring** – Dit moet gebruikervriendelik wees.<br>**Kubersekuriteit** – Implementeer 'n bewusmakingsveldtog, veilige netwerk, veilige rugsteun<br>**Verreikende konnektiwiteit** – Verskaf toegang tot gratis internet |

Digitale transformasieprojek 6: Webportaal van die Argiefdiens

'n Toegewyde webwerf sal die publiek in staat stel om aanlyn navorsing vanaf enige plek in die wêreld te doen en sodoende die behoefte aan toegang tot die oorspronklike meesterrekord te verminder of in sommige gevalle uit te skakel.

Dit het internasionale beste praktyk geword om toegang tot erfenisversamelings, insluitend argiefversamelings, via die internet te verskaf.

Die WKARD is besig om 'n webwerf te ontwikkel wat aanlyn toegang tot gedigitaliseerde argiefrekords sal toelaat.

Die verskaffing van toegang verseker inklusiewe argiewe met inligting wat vir alle navorsers wêreldwyd oop en toeganklik is.

| **Strategiese prioriteit** | Digitale transformasie; innovering en kultuur |
|---|---|
| **Uitkoms/strategiese doelwit** | Maatskaplike insluiting en lewenslange ontwikkeling word bevorder deur platforms wat toegang tot kennis en betrokkenheid versterk en tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe aanleiding gee. (PLATFORMS) |
| **Uitkomsaanwyser** | 4. Getal kennisplatforms en platforms vir interaksie oor maatskaplike samehang |
| **Beplande jaarlikse teikens oor die vyf jaar** | **2025-26:** Bewusmakingsveldtogte om die gebruik van die Argiefportaal te bevorder.<br>**2026-27:** Monitor die gebruik van die Argiefwebportaal.<br>**2027-28:** Monitor die getal navrae.<br>**2028-29:** Monitor die getal navrae.<br>**2029-30:** Monitor die getal navrae. |

| | |
|---|---|
| **Verwagte uitkoms/ besigheidswaarde/ teiken** | Die Argiefwebportaal is gekoppel aan uitkomsaanwyser 2: Navrae verwerk. Die projek is belyn met die WKR se strategiese prioriteite: OGSS en Innovering, Kultuur en Oorsigbestuur, asook die WKR se Strategie vir Digitale Transformasie<br><br>**Verwagte uitkoms:**<br>Die bedoelde uitkoms van hierdie projek is om die langtermynbewaring van argiefrekords te verseker en te sorg dat hierdie rekords aanlyn aan die publiek beskikbaar gestel word.<br>**Voordele en waardes:**<br>Die beoogde uitkoms van hierdie projek is om toenemende toegang tot argiefrekords te verseker.<br>Beskikbaarheid van rekords, ongeag ligging en tydsone.<br>Makliker toegang om op die Argiefportaal te registreer. |
| **Verantwoordelike departement** | DKES: Argiefdiens |
| **DGS** | **Digitaal bemagtigde burgers** – Bemagtiging van die publiek deur inligting vir navorsingsdoeleindes te verskaf.<br>Bevorder die gebruik van argiefrekords deur navorsers wêreldwyd.<br>Bevorder kennis en toeganklikheid.<br>**Geoptimeerde en geïntegreerde burgergesentreerde dienste** – Optimeer bestaande tegnologieë om toegang tot hul erfenis en geskiedenis te verleen.<br>**Datagedrewe dienslewering** – Monitor gebruik; bestaande stelsels wat reeds ingebed is<br>**Gekoppelde regering en goeie IKT-bestuurstoesig** – Breëband, gratis toegang tot die internet. |
| **Se-I se sleutelinisiatiewe** | **Digitale ervaring** – Dit moet gebruikervriendelik wees<br>**Kubersekuriteit** – Implementeer 'n bewusmakingsveldtog, veilige netwerk, veilige ruimte vir die berging van digitale prente<br>**Verreikende konnektiwiteit** – Verskaf toegang tot gratis internet |

### Digitale transformasieprojek 7: Versterking van Toegang tot Geheue (AtoM)

'AtoM' is 'n akroniem vir "access to memory". Dit is webgebaseerde sagteware vir argiefbeskrywing wat gegrond is op die standaarde van die International Council on Archives (ICA), naamlik geënkodeerde argiefbeskrywing, om dit vir argiefinstellings wêreldwyd maklik te maak om hul argivale besittings aanlyn te plaas. Die vaslegging en publisering van rekordbeskrywings op die Nasionale Argief se webwerf bied die geleentheid vir openbare rekords om aanlyn toeganklik te wees.

| **Strategiese prioriteit** | Digitale transformasie en Innovering |
|---|---|
| **Uitkoms/strategiese doelwit** | Maatskaplike insluiting en lewenslange ontwikkeling word bevorder deur platforms wat toegang tot kennis en betrokkenheid versterk en tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe aanleiding gee. (PLATFORMS) |
| **Uitkomsaanwyser** | 4. Getal kennisplatforms en platforms vir interaksie oor maatskaplike samehang |
| **Beplande jaarlikse teikens oor die vyf jaar** | **2025-26:** 21 600<br>**2026-27:** 21 600<br>**2027-28:** 21 600<br>**2028-29:** 21 600<br>**2029-30:** 21 600 |

| | |
|---|---|
| **Verwagte uitkoms/ besigheidswaarde/ teiken** | AtoM is belyn met die reëling en beskrywing van argiewe. Die program is belyn met die WKR se strategiese prioriteite: OGSS en Innovering, Kultuur en Oorsigbestuur, asook die WKR se Strategie vir Digitale Transformasie<br>**Verwagte uitkoms:**<br>Die beoogde uitkoms is om rekordbeskrywings vas te lê en op die Nasionale Geoutomatiseerde Argiefherwinningstelsel ('n nasionale databasis) se Argiefwebportaal te publiseer om maklike herwinning van inligting moontlik te maak.<br>**Voordele en waardes:**<br>Toenemende getal rekords waartoe die publiek wêreldwyd toegang het.<br>Bewaring van die oorspronklike rekords vir die toekoms.<br>Beskikbaarheid van rekords, ongeag ligging en tydsone. |
| **Verantwoordelike departement** | DKES: Argiefdiens |
| **DGS** | **Digitaal bemagtigde burgers** – Bemagtiging van die publiek deur inligting vir navorsingsdoeleindes te verskaf.<br>Bevorder die gebruik van argiefrekords deur navorsers wêreldwyd.<br>Bevorder kennis en toeganklikheid.<br>**Geoptimeerde en geïntegreerde burgergesentreerde dienste** – Optimeer bestaande tegnologieë om toegang tot inligting te verleen<br>**Datagedrewe dienslewering** – Monitor gebruik; bestaande stelsels wat reeds ingebed is.<br>**Gekoppelde regering en goeie IKT-bestuurstoesig** – Toegang tot inligting |
| **Se-I se sleutelinisiatiewe** | **Digitale ervaring** – Dit moet gebruikervriendelik wees.<br>**Kubersekuriteit** – Veilige netwerk, veilige rugsteun |

**Akkommodasie**

Die Departement is tans in 10 gehuurde kantore en 44 fasiliteite op 17 stukke grond in die Wes-Kaap gehuisves en die geboue is in staatsbesit. Hierdie geboue stel die Departement in staat om sy strategiese voorneme na te kom.

Ingevolge die Departement se Gebruiker- Onroerendebatebestuursplan 2024/25 poog die Departement om oor die langer termyn die volgende te bewerkstellig:

- Rig 'n fasiliteit op vir bewaringsinstandhouding en -herstel om nuwe versamelings te huisves en waardevolle argeologiese materiaal te berg, en om waardevolle museumartefakte en argeologiese materiaal wat tydens argeologiese opgrawings in die Wes-Kaap opgegrawe is, te huisves, te bewaar en te beveilig. Sodoende sal die ontwikkeling, bewaring en bevordering van erfenis in die Wes-Kaap in vennootskap met geaffilieerde museums en Erfenis Wes-Kaap deur die doeltreffende en effektiewe bestuur van artefakte en argeologiese oorblyfsels gefasiliteer word.
- Bevorder en bewaar erfenis deur middel van museumdienste en -organisasies; maak voorsiening vir die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kultuur en erfenis; en staan geaffilieerde museums verder by met die implementering van die Ordonnansie op Museums, 1975.

- Ontwikkel toerisme-infrastruktuur by die argeologiese terrein van die Diepkloof-rotsskuiling om te verseker dat die Wêrelderfenisterrein vir toeriste beskikbaar is en om die doelwitte van die Wieg van Menslike Kultuur te implementeer.
- Verkry bykomende ruimte by die hoofkantoor vir die uitbreiding van die eenheid Finansiële Bestuur.
- Verkry bykomende ruimte in die SBD om bates en goedere te stoor en te ontvang.
- Die akkommodasievereistes van die Departement moet die doeltreffende fasilitering van verskillende verhoudings en die doeltreffende administrasie van die sport- en kultuurfederasies en gemeenskapsentrums verseker. Die hoë profiel van die Departement op die provinsiale front impliseer dat die akkommodasie hoogs toeganklik asook funksioneel moet wees.
- Verkry akkommodasie in die Wes-Kaap vir ses Sporthuise om die verskillende federasies te help om hul onderskeie mandate in die volgende dorpe uit te voer: Beaufort-Wes, Oudtshoorn, Caledon, Paarl, Kaapstad en Vredenburg.
- Gaan voort met en prioritiseer die uitbreiding van die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens prioritiseer wat vir alle Wes-Kaapse en nasionale departemente, insluitend hul belanghebbendes, voordelig sal wees.
- Verkry bykomende stoorplek in die Protea Assurance-gebou om as 'n bergingsfasiliteit vir die bewaring van elektroniese toerusting en persoonlike beskermende toerusting gebruik te word.
- Herkonfigureer of wysig huidige werkruimtes om die verspreiding van lugverspreide siektes soos COVID-19 te voorkom.
- Verkry alternatiewe of nuwe akkommodasie vir die Beaufort-Wes-streeksbiblioteek wat op 1 November 2022 in 'n brand vernietig is.
- Gradeer Kunstekaap se verhitting, ventilasie en lugversorging (HVAC), brandsproeier-stelsel en die lugversorgingbeheer- en -moniteringstelsels op.
- Bou, huur of verskaf 'n groter ruimte vir die Provinsiale Gimnasium met inagneming van die lesse wat geleer is tydens die COVID-19-pandemie toe die gebrek aan ruimte 'n impak op die werksaamhede van die gimnasium gehad het.
- Moderniseer die 5de verdieping waar die Subdirektoraat Sportbevordering gehuisves word.
- Verkry alternatiewe (in eie besit) kantoorakkommodasie vir DKES-personeel wat in die Protea Assurance-gebou gebaseer is.

Die akkommodasievereistes van die Departement moet die doeltreffende fasilitering van verskillende verhoudings en die doeltreffende administrasie van die sport- en kultuurfederasies en gemeenskapsentrums verseker. Die hoë profiel van die Departement op provinsiale vlak impliseer dat die akkommodasie hoogs toeganklik asook funksioneel moet wees.

# DEEL C: METING VAN ONS PRESTASIE

## 5. Institusionele prestasie-inligting

### 5.1. Meting van die impak

| | |
|---|---|
| **Impakverklaring** | 'n Maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en gekonnekteerde Wes-Kaap. |

### 5.2. Meting van uitkomste

| Uitkoms | Uitkomsaanwyser | Basislyn | Vyfjaar-teiken |
|---|---|---|---|
| Toenemende deelname en aktiewe betrokkenheid by lees, ontspanning, sport, kultuur, kuns en erfenis dra by tot beter persoonlike welstand en algehele gemeenskapsgesondheid. (DEELNAME) | 1. Toenemende deelname en betrokkenheid deur sport, ontspanning en kultuur | 10 516 | 12 067 |
| Maatskaplike insluiting en lewenslange ontwikkeling word bevorder deur platforms wat toegang tot kennis en betrokkenheid versterk en tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe aanleiding gee. (PLATFORMS) | 2. Toename in die getal veilige ruimtes vir kinders, die jeug en gemeenskappe | 582 | 794 |
| | 3. Getal steunintervensies vir versterking van die ekonomiese en/of maatskaplike impak van geleenthede en aktiwiteite in kuns, kultuur, sport en ontspanning | 229 | 231 |
| | 4. Getal kennisplatforms en platforms vir interaksie oor maatskaplike samehang | 43 | 52 |
| Gemeenskappe is veilig, veerkragtig, gesond en samehangend, met toenemende toegang tot paaie en geleenthede in kuns en sport. (PAAIE) | 5. Toenemende opleiding en steun vir atlete en praktisyns | 1 086 | 1 300 |
| | 6. Werkskepping en ekonomiese bemagtiging in die sport-, ontspanning-, kuns- en kultuursektor | 4 885 | 6 020 |

## 5.3. Uiteensetting van beplande prestasie oor die vyfjaarbeplanningstydperk

Toegang en geleenthede vir deelname aan die Kuns-, Kultuur- en Erfenissektor ter ondersteuning van ekonomiese groei, en veilige en samehangende gemeenskappe sal bereik word deur:

- Die deurlopende bevordering en monitering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid.
- Die bevordering van Suid-Afrikaanse Gebaretaal deur samewerking met belanghebbende-agentskappe om gereelde bewustheid oor gehoorgestremdes te skep.
- Vennootskappe met akademiese instellings deur inheemse taal deur middel van onderrig te bevorder.
- Vennootskappe met taalentiteite om konferensies aan te bied oor die belangrikheid van inheemse tale vir die ontwikkeling van die Afrika-kontinent.
- Samewerking met belanghebbendes om veeltaligheid en geletterdheid te bevorder.
- Taalsteundienste wat verskaf word in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap en Suid-Afrikaanse Gebaretaal.
- Oordragbetaling en administratiewe steun aan die Wes-Kaapse Taalkomitee.
- Oordragbetaling en administratiewe steun aan die provinsiale erfenishulpbron-owerheid, Erfenis Wes-Kaap.
- Steun aan die Bestuursowerheid vir Wêrelderfenisterreine met die bestuur van die Ontstaan van Moderne Menslike Gedrag: Pleistoseen-okkupasieterreine van Suid-Afrika in die Wes-Kaap. Bewusmakingsprogramme sal voortdurend aan gemeenskappe voorgelê word vir maatskaplike insluiting, die bou van 'n nasionale identiteit en die steun van demokrasie in die Provinsie van die Wes-Kaap.
- Die digitalisering van argiefrekords en die implementering van Access to Memory (AtoM) in die argiewe sal die toeganklikheid van argiefbesittings verbeter om in die behoeftes van gebruikers wêreldwyd te voorsien.
- Die deurlopende verskaffing van opleidingskursusse in rekordbestuur aan regeringsliggame.
- Samewerking met museums, biblioteke en argiewe oor die Sportlegendes-, Mondelinge Geskiedenis- en Storievertelling-program.
- Verseker toeganklikheid van die Provinsiale Gimnasium vir nasionale atlete
- Belyning van die Sportfederasie-prioriteite met dié van die Provinsiale Regering.
- Die lewering van openbarebiblioteekdienste in die Wes-Kaap met 'n fokus op:
  - toegang tot gratis inligting vir almal;
  - die bevordering van geletterdheid, opvoeding en intellektuele ontspanning;
  - die steun van digitale dienste;
  - die herverbeelding van openbare biblioteke as gemeenskapsentrums en veeldoelige sentrums; en
  - die bevordering van openbare biblioteke as veilige ruimtes.

**a. Bydrae van uitkomste tot die PSP, NOP, mandaat, klimaatsverandering, vroue, die jeug, kinders, persone met gestremdhede**

Al drie die Departement se uitkomste dra by tot al die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) se portefeuljes van OGSS, Veiligheid, G4J en IKO, veral OGSS. Die Departement se uitkomste dra ook by tot al drie Nasionale Prioriteite, maar die Departement se uitkomste hou grotendeels verband met Nasionale Prioriteit 2: Verminder armoede en pak die hoë lewenskoste aan.

Alhoewel die Departement nie direk verantwoordelik is vir handelinge wat in die Wes-Kaapse Strategie vir Klimaatsveranderingreaksie, 2014 uiteengesit word nie, sal die Departement verskeie aanpassingsinisiatiewe vir waterbesparing inisieer en/of met die implementering daarvan voortgaan. Dit sluit waterbesparing in by al die Departement se personeelkantore en by die Departement se verskeie fasiliteite soos museums, argiewe en sport- en kultuurfasiliteite. Die Departement sal ook verdere moontlike waterbesparingsmaatreëls ondersoek, soos alternatiewe sportoppervlaktes wat nie van water afhanklik is nie. 'n Waterberaad is met Wes-Kaapse Sportfederasies gehou om toekomstige benutting van sportfasiliteite in die Wes-Kaap te bepaal. Die Departement het aan verskeie munisipaliteite steun gebied met die koste van boor- en pompwerk, asook met watertenke/opgaardamme sodat sport kan voortgaan. Hierdie inisiatiewe stem ooreen met al drie uitkomste van die Departement.

Verder is die dienste wat met die Departement se drie uitkomste verband hou, ten minste gedeeltelik gerig op vroue, die jeug, kinders en persone met gestremdhede. Die Departement se strategiese uitkomste is veral gerig op jeugontwikkeling as deel van die Departement se bydraes tot die provinsiale uitkomste.

Deel van die Departement se pogings om veeltaligheid te bevorder, fokus op die bevordering van tolkdienste in Suid-Afrikaanse Gebaretaal vir gehoorgestremdes. Die Departement sal daarom voortgaan om gebaretaaltolkdienste vir die aktiwiteite van provinsiale regerings-departemente uit te kontrakteer, asook om die taal deur sy projekte te bevorder om mense bewus te maak van die behoeftes van gehoorgestremdes.

**b. Rasionaal vir uitkomsaanwysers**

Elkeen van die Departement se drie uitkomste hou met al sy dienste en programme verband. Dit stel 'n meer sistematiese en sinergistiese benadering voor om die bedoelde impak te bereik, aangesien die Departement gevorder het met die integrering van sy dienste gedurende die vorige Strategiese Plan se vyfjaartydperk toe elk van die drie diensleweringsprogramme sy eie strategiese uitkoms gehad het. Die verskuiwing na beter integrasie en sinergie word voorgestel deur die drie nuwe strategiese uitkomste vir die tydperk 2025-2030 wat vereis dat al die Departement se programme moet saamwerk om elke kruissnydende uitkoms te bereik.

Deelname aan verskeie aktiwiteite in die kuns-, kultuur-, sport- en ontspanningsektor is noodsaaklik vir maatskaplike samehang, gemeenskapswelstand en individuele liggaamlike gesondheid (uitkoms 1) (provinsiale portefeuljes van OGSS en Veiligheid). Verskeie departementele platforms sal individuele massadeelname, sterker maatskaplike samehang in gemeenskappe en die optimale funksionering van die sektor steun (uitkoms 2) (provinsiale portefeuljes van OGSS en Veiligheid). Die Departement bied verskeie paaie na geleenthede vir werkgeleenthede en volgende-vlak-deelname in die sektor (uitkoms 3) (OGSS- en G4J-portefeulje).

Verder het al die Departement se dienste 'n programmatiese grondslag in die Grondwet.

**c. Instaatstellers om vyfjaarteikens te bereik**

Die groei van die ekonomie en werkgeleenthede om die opname van dienste waarvoor fooie gehef word, te bevorder en om verdere afname in fondse vir dienslewering te voorkom.

Sekerheid van Voorwaardelike Toewysing-befondsing.

Samewerking en vennootskappe met ander regeringsvlakke, die burgerlike samelewing en die privaat sektor om diensleweringskapasiteit aan te vul.

**d. Bydrae van uitkomste tot impak**

Die Departement se drie uitkomste dra almal by tot die daarstelling van 'n maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en gekonnekteerde Wes-Kaap.

As 'n Departement wat by direkte dienslewering betrokke is, word dienste gerig op die bevordering van toegang en die aanbieding van geleenthede vir deelname aan sy uiteenlopende diensaanbod wat in uitkoms 1 vervat word.

Die Departement se veelsydige interaksie met en steun aan individue, gemeenskappe en die sektor sal verseker dat hierdie platforms bydra tot die Departement se bedoelde impak wat in uitkoms 2 vervat word.

Die Departement verskaf ook verskeie paaie na ontwikkelingsgerigte en ekonomiese geleenthede in die sektor wat sal bydra tot die Departement se bedoelde impak wat in uitkoms 3 vervat word.

## 6. Sleutelrisiko's

| UITKOMS | SLEUTELRISIKO | VERSAGTING VAN RISIKO |
|---|---|---|
| Toenemende deelname en aktiewe betrokkenheid by lees, ontspanning, sport, kultuur, kuns en erfenis dra by tot beter persoonlike welstand en algehele gemeenskaps-gesondheid. (DEELNAME) | Vernietiging en beskadiging van eiendom | Konsultasie met gemeenskappe wanneer die oprigting/opgradering van nuwe infrastruktuur beplan word.<br>Voortdurende kommunikasie met munisipaliteite om op hoogte te bly van alle protesaansoeke/-optrede.<br>Ten einde gebruiksdemografie te verbreed, is sekere biblioteeksale/sportsale vir verlengde ure vir gemeenskapsaktiwiteite beskikbaar (moet bespreek word). Dit dra by tot maatskaplike samehang en versterk die gevoel van eienaarskap onder die gemeenskap.<br>Akkommodasievergaderings wat deur die DKES gefasiliteer en deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid en Departement van Infrastruktuur bygewoon word vir deurlopende monitering, sekuriteitsontledings en assesserings. |
| Maatskaplike insluiting en lewenslange ontwikkeling word bevorder deur | Die vermoë om rekords by regeringsliggame en die Provinsiale | Rekordbestuursbeamptes voer inspeksies uit op rekords wat by staatsinstellings se persele gehou word, asook by eksterne |

| UITKOMS | SLEUTELRISIKO | VERSAGTING VAN RISIKO |
|---|---|---|
| platforms wat toegang tot kennis en betrokkenheid versterk en tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe aanleiding gee. (PLATFORMS) | Argief te beveilig (beskerm), te bestuur en om toegang daartoe te verkry, word in die gedrang gebring. | bergingsfasiliteite, en maak aanbevelings oor nievoldoening.<br><br>Die DKES se Provinsiale Argiefdiens verskaf opleiding aan rekordbestuurders en rekordklerke.<br><br>Rekordbestuursbeamptes voer inspeksies uit op rekords wat by die kliënt se perseel gehou word, asook by eksterne bergingsfasiliteite, en maak aanbevelings.<br><br>Skakel met PT (Provinsiale Tesourie) en die Departement van Infrastruktuur vir befondsing om die argiefruimte (ekstra vleuel) uit te brei. Dit is 'n voortdurende intervensie.<br><br>Befondsing vir die uitbreiding van die Argiefgebou word by elke MTEC-interaksie/proses ingesluit.<br><br>Tekorte aan/kwessies met fisiese ruimte word tydens kwartaallikse infrastruktuurvergaderings met die Departement van Vervoer en Openbare Werke bespreek.<br><br>Departementshoof moet die bestuur van rekords op PT-vergaderings beïnvloed.<br><br>Skrywes oor nievoldoening moet deur die DG uitgereik word aan rekenpligtige beamptes en/of rekenpligtige owerhede om hul rekords te beveilig.<br><br>Die opgradering van die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens-gebou word op die departementele U-AMP geplaas vir oorweging deur die Departement van Infrastruktuur. Dit sal ook deurlopend bespreek word by die kwartaallikse vergaderings oor akkommodasie wat tussen die Departement en Departement van Infrastruktuur gehou word |
| Gemeenskappe is veilig, veerkragtig, gesond en samehangend, met toenemende toegang tot paaie en geleenthede in kuns en sport. (PAAIE) | Beperkte finansiële en menslike kapasiteit om voldoende en geskikte steun ten opsigte van jeugontwikkeling aan die jeug in die Wes-Kaap te verskaf. | 'n Netwerk vennote om bykomende hulpbronne en kapasiteit te bekom om in die behoefte te voorsien en ook pogings vir groter impak te koördineer. |

## 7. Openbare entiteite

| Naam van openbare entiteit | Mandaat | Uitkomste |
|---|---|---|
| Wes-Kaapse Kultuurkommissie | Wet op Wes-Kaapse Kultuurkommissies en Kultuurrade,1998 (Wet 14 van 1998) | Bewaring, bevordering en ontwikkeling van kuns en kultuur deur die registrasie of deregistrasie van kultuurrade, die bestuur van kultuurfasiliteite, asook navorsing en ontleding. |
| Wes-Kaapse Taalkomitee | Grondwet van die Wes-Kaap, 1997<br>Die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Tale, 1998 (Wet 13 van 1998)<br>Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995 (Wet 118 van 1998) | Om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te monitor, om departemente en instellings van die Wes-Kaapse Regering oor taalaangeleenthede te adviseer (deur die Minister van Kultuursake en Sport) en om die ontwikkeling van gemarginaliseerde inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal te bevorder. |
| Erfenis Wes-Kaap | Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) | Vestiging en instandhouding van 'n geïntegreerde erfenishulpbronbestuurstelsel in die Wes-Kaap. |

## DEEL D: BESKRYWING VAN TEGNIESE AANWYSERS

| Aanwysernommer | Uitkomsaanwyser 1 |
|---|---|
| Aanwysertitel | **Toenemende deelname en betrokkenheid deur sport, ontspanning en kultuur** |
| Omskrywing | Hierdie aanwyser meet die mate waartoe deelname aan sport- en ontspanningsaktiwiteite tot breër gemeenskapsbetrokkenheid en -interaksie bydra. Die uitsetaanwysers koppel aan paaie en platforms deur deelname aan sport en ontspanning te verhoog. |
| Doel | Om toenemende deelname aan sport en ontspanning te meet ten einde 'n groter impak op persoonlike welstand en algehele gemeenskapsgesondheid te maak. |
| Hoofbegunstigdes | Kinders, die jeug, gemeenskapslede en benadeelde groepe. |
| Databron | Bywoningsregisters, monitering- en evalueringsverslae oor sport- en ontspanningsgeleenthede en skool-/programdeelnamerekords. |
| Databeperkings | Konnektiwiteit wat nodig is om bywoning op te laai en uitdagings met konnektiwiteit wat soms voorkom. |
| Aannames | Dat deelname aan sport en ontspanning met toenemende kulturele betrokkenheid en maatskaplike samehang ooreenstem. |
| Manier van verifikasie (PVB) | Geleentheidsverslae en/of bywoningsregisters vir elke distriksgeleentheid en/of rekords van bywoning wat op Teampact en databasis bygehou word. |
| Metode van berekening/ assessering | <u>Telling van die volgende prestasie-aanwysers:</u><br><br>4.2.11 Getal vroue wat bekwaam/bemagtig is om sport en ontspanning te lewer.<br>4.3.2 Getal deelnemers wat gesteun word vir deelname aan die Inheemse Speletjies-toernooie<br>4.6.4 Getal kinders wat gereeld en konsekwent aan NSP'e deelneem<br><br>(Nommering van aanwysers volgens die JPP 2025/26) |
| MTOP-skakel | Inklusiewe groei en werkskepping, verminder armoede en pak die hoë lewenskoste aan. |
| Disaggregasie van begunstigdes | Volgens ouderdomsgroep (kinders, die jeug, volwassenes), geslag en geografiese ligging (stedelik, landelik). |
| Ruimtelike transformasie | Verseker billike toegang tot sport- en ontspanningsgeleenthede, bevorder breër gemeenskapsbetrokkenheid en deelname oor alle ruimtelike skeidings. |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks, met 'n jaarlikse hersiening. |
| Gewenste prestasie | Toenemende deelname aan sport en ontspanning wat tot meer betrokkenheid by gemeenskapsaktiwiteite lei. |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Programbestuurder |

| | |
|---|---|
| **Aanwysernommer** | **Uitkomsaanwyser 2** |
| **Aanwysertitel** | **Toename in die getal veilige ruimtes vir kinders, die jeug en gemeenskappe** |
| **Omskrywing** | Hierdie aanwyser hou rekord van veilige ruimtes, soos openbare biblioteke, ontspanningsfasiliteite en skoolgebaseerde sportfasiliteite. Hierdie ruimtes bied gestruktureerde omgewings aan kinders, skoolleerders en die jeug om betrokke te raak by sport, ontspanning en kulturele aktiwiteite wat tot holistiese ontwikkeling bydra. Uitsetaanwysers koppel aan toenemende deelname in hierdie ruimtes wat ook dien as paaie om onderwys, liggaamlike en geestesgesondheid en maatskaplike samehang te verbeter. |
| **Doel** | Om die toenemende getal veilige ruimtes te meet wat toegang tot kennis en betrokkenheid versterk en tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe lei. |
| **Hoofbegunstigdes** | Kinders, skoolgaande leerders, die jeug en gemeenskapslede. |
| **Databron** | Diensvlakooreenkoms en/of departementele databasis (affiliasie-/registrasievorms) en/of afleweringsnotas van toerusting- en/of uitrusting. |
| **Databeperkings** | Geen |
| **Aannames** | Beskikbaarheid van menslike en finansiële hulpbronne. Sentrum/skool se funksionaliteit en samewerking. Die aanname is dat die kampe voldoende befonds en voorsien is van hulpbronne soos personeel, materiaal, lokale, ens. Alle ondertekende diensvlakooreenkomste sal deur skole gehandhaaf word om konsekwente werksaamhede, tydige instandhouding en gedeelde aanspreeklikheid vir fasiliteitsbestuur te verseker. |
| **Manier van verifikasie (PVB)** | Lys van sentrums wat toerusting en/of uitrusting ontvang en/of affiliasie-/registrasievorms vir opening en/of goedgekeurde voorlegging vir sluitings en/of diensvlakooreenkomste. |
| **Metode van berekening/ assessering** | <u>Telling van die volgende prestasie-aanwysers:</u><br><br>3.2.6 Getal biblioteekdienspunte<br>4.3.4 Getal ontspanningsentrums wat gesteun word<br>4.4.2 Getal gedeelde fasiliteite wat gesteun word<br>4.5.1 Getal MGO-sentrums wat gesteun word<br><br>(Nommering van aanwysers volgens die JPP 2025/26) |
| **MTOP-skakel** | Inklusiewe groei en werkskepping, verminder armoede en pak die hoë lewenskoste aan. |
| **Disaggregasie van begunstigdes** | Volgens ouderdom (kinders, die jeug, volwassenes), geslag en geografiese ligging (stedelik, landelik). |
| **Ruimtelike transformasie** | Fokus op die verbetering van veilige ruimtes in gemeenskappe ten einde billike toegang te bevorder. |
| **Verslagdoeningsiklus** | Jaarlikse verslagdoening oor die veilige ruimtes, met kwartaallikse bywerkings oor deelnamevlakke. |
| **Gewenste prestasie** | Toenemende getal veilige ruimtes en beter benutting van hierdie ruimtes vir gemeenskapsaktiwiteite, met 'n meetbare impak op deelname en gemeenskapsveiligheid. |
| **Verantwoordelikheid vir aanwyser** | Programbestuurder |

| Aanwysernommer | Uitkomsaanwyser 3 |
|---|---|
| Aanwysertitel | **Getal steunintervensies vir versterking van die ekonomiese en/of maatskaplike impak van geleenthede en aktiwiteite in kuns, kultuur, sport en ontspanning** |
| Omskrywing | Hierdie aanwyser hou tred met die getal ondersteuningsintervensies wat daarop gemik is om die ekonomiese en maatskaplike impak van geleenthede en aktiwiteite in die kuns-, kultuur-, sport- en ontspanningsektor te versterk. Hierdie ondersteuningsintervensies is bedoel om groter deelname, groeiende gehore en breër gemeenskapsbetrokkenheid aan te dryf om sowel ekonomiese ontwikkeling as maatskaplike samehang te bevorder. |
| Doel | Om te meet hoe strategiese, ondersteuningsintervensies die reikwydte, deelname en impak van kuns-, kultuur-, sport- en ontspanningsgeleenthede en -aktiwiteite verbeter – wat tot plaaslike ekonomiese groei en sterker maatskaplike samehang bydra. |
| Hoofbegunstigdes | Organiseerders van geleenthede, federasies, kuns- en kultuurorganisasies en -maatskappye, instellings sonder winsoogmerk (ISW's), kunstenaars, kultuurpraktisyns, atlete, plaaslike gemeenskappe, besighede en jeug wat aan kuns-, kultuur-, sport- en ontspanningsgeleenthede deelneem of daardeur geraak word. |
| Databron | Goedgekeurde indiening en/of oordragbetalingsooreenkoms en/of betaalstrokie en/of geleentheidsverslag en/of BRS-betaling en/of MVO en/of ondertekende indiening en/of befondsingsaansoek en/of faktuur vir geleentheid se steundienste. |
| Databeperkings | Probleme met die vaslegging van die langtermyn-impakte van intervensies op gemeenskappe. |
| Aannames | Ondersteuningsintervensies sal lei tot toenemende deelname aan kuns-, kultuur-, sport- en ontspanningsgeleenthede en sal sodoende sowel ekonomiese as maatskaplike voordele versterk. Die aanname is dat daar volgehoue belangstelling en belegging deur belanghebbendes in hierdie sektore sal wees. |
| Manier van verifikasie (PVB) | Goedgekeurde indiening en/of oordragbetalingsooreenkoms en/of betaalstrokie en/of geleentheidsverslag en/of BRS-betaling en/of MVO en/of ondertekende indiening en/of befondsingsaansoek en/of faktuur vir geleentheid se steundienste. |
| Metode van berekening/ assessering | Telling van die volgende prestasie-aanwysers:<br><br>2.2.4 Getal ondersteuningsintervensies vir geleenthede en aktiwiteite in kuns en kultuur<br>4.2.3 Getal sportgeleenthede wat gesteun word<br><br>(Nommering van aanwysers volgens die JPP 2025/26) |
| MTOP-skakel | Inklusiewe groei en werkskepping, verminder armoede en pak die hoë lewenskoste aan. |
| Disaggregasie van begunstigdes | Volgens die soort geleentheid/aktiwiteit (kuns, kultuur, sport, ontspanning), geografiese ligging (stedelik, landelik) en demografiese groepe (kinders, die jeug, vroue, gemeenskapsgroepe). |
| Ruimtelike transformasie | Verseker billike toegang tot kuns-, kultuur-, sport- en ontspanningsgeleenthede tot om breër gemeenskapsbetrokkenheid en -deelname oor alle ruimtelike skeidings te bevorder. |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaallikse verslagdoening oor die getal en aard van ondersteuningsintervensies, met jaarlikse hersienings. |
| Gewenste prestasie | 'n Toename in die getal ondersteuningsintervensies, wat meetbare groei in sowel deelname as die ekonomiese/maatskaplike impak van kuns-, kultuur-, sport- en ontspanningsgeleenthede en -aktiwiteite meebring. |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Programbestuurder |

| Aanwysernommer | Uitkomsaanwyser 4 |
|---|---|
| **Aanwysertitel** | **Getal kennisplatforms en platforms vir interaksie oor maatskaplike samehang** |
| **Omskrywing** | 'n Kennisplatform en platform vir interaksie oor maatskaplike samehang fasiliteer betekenisvolle dialoog, kennisuitruiling en samewerkende leer onder diverse individue en gemeenskappe. Dit dien as 'n brug om verdelings in die samelewing te behandel deur inklusiwiteit, wedersydse begrip en gedeelde leerervarings te bevorder. Hierdie platforms verbeter maatskaplike samehang, bevorder innovering en versterk gemeenskappe deur hulpbrondeling en deelnemende aktiwiteite. |
| **Doel** | Kennisplatforms en platforms vir maatskaplike samehang bevorder inklusiwiteit met die doel om nasiebou te versterk. Kennisdelingsintervensies en -platforms is waardevol vir die bevordering van leer, samewerking en innovering. |
| **Hoofbegunstigdes** | Gemeenskappe, geaffilieerde museums.<br>Terreinbestuurders, WKR-departemente, donateurs en NRO-lede |
| **Databron** | Registers, programme/agenda, verslag<br>Program- en/of bywoningsregister (aanlyn of handmatig)<br>Verslae en/of bewys van publikasies |
| **Databeperkings** | Geen |
| **Aannames** | Dat gemeenskappe sal deelneem.<br>Vennootskappe sal impak versterk. |
| **Manier van verifikasie (PVB)** | Registers, programme/agenda, verslag<br>Program- en/of bywoningsregister (aanlyn of handmatig)<br>Verslae en/of bewys van publikasies |
| **Metode van berekening/ assessering** | <u>Telling van die volgende prestasie-aanwysers:</u><br><br>2.2.2 Getal gemeenskapsgesprekke/-dialoë wat geïmplementeer word om maatskaplike interaksie te bevorder<br>2.3.3 Getal platforms vir kennisdeling oor museums wat aangebied word<br>3.2.3 Getal openbare programme vir bewusmaking oor biblioteekdienste en die bevordering van geletterdheid wat uitgevoer is<br>3.3. 1 Getal openbare programme vir bewusmaking oor argiefdienste<br>4.6.3 Getal interaksies met eksterne belanghebbendes<br><br>(Nommering van aanwysers volgens die JPP 2025/26) |
| **MTOP-skakel** | Inklusiewe groei en werkskepping, verminder armoede en pak die hoë lewenskoste aan. 'n Bevoegde, etiese en ontwikkelingsgerigte staat. |
| **Disaggregasie van begunstigdes** | Volgens soort geleentheid/aktiwiteit (kuns, kultuur, sport, ontspanning), geografiese ligging (stedelik, landelik) |
| **Ruimtelike transformasie** | Verseker billike toegang tot betrokkenheid by kuns-, kultuur-, sport- en ontspanningsgeleenthede om breër gemeenskapsbetrokkenheid en -deelname oor alle ruimtelike skeidings te bevorder. |
| **Verslagdoeningsiklus** | Kwartaallikse verslagdoening oor die getal intervensies, met jaarlikse hersienings. |
| **Gewenste prestasie** | 'n Toename in die getal platforms vir interaksie. |
| **Verantwoordelikheid vir aanwyser** | Programbestuurder |

| Aanwysernommer | Uitkomsaanwyser 5 |
|---|---|
| Aanwysertitel | **Toenemende opleiding en steun vir atlete en praktisyns** |
| Omskrywing | Hierdie aanwyser hou tred met die getal opleidingsprogramme, mentorskappe en ondersteuningsintervensies wat aan atlete en praktisyns in kuns en sport verskaf word. Hierdie inisiatiewe is ontwerp om vaardigheidsontwikkeling, deelname en toegang tot professionele geleenthede te verbeter en sodoende te verseker dat atlete en kunstenaars toegang tot gestruktureerde paaie vir groei en erkenning op hulle gebied ontvang. Die uitsetaanwysers koppel opleiding en ondersteuningsintervensies aan verhoogde deelname en vordering na georganiseerde sport- en kunsplatforms. |
| Doel | Om die omvang te meet van opleiding- en ondersteuningsinisiatiewe wat moontlike toegang tot gestruktureerde ontwikkelingspaaie vir atlete en kunspraktisyns skep om hul vaardighede, prestasie en deelname aan professionele en mededingende geleenthede te versterk. Hierdie aanwyser fokus op die toename van toegang tot hulpbronne wat begunstigdes in staat stel om hul volle potensiaal op hul onderskeie gebiede te bereik. |
| Hoofbegunstigdes | Atlete, kunstenaars, kultuurpraktisyns, afrigters kinders, die jeug en gemeenskapslede wat betrokke is by kuns- en sportaktiwiteite, veral diegene in minderbevoorregte of benadeelde gebiede. |
| Databron | Bywoningsrekords van opleidingsprogramme, rekords oor mentorskap, vorderingsverslae van atlete en praktisyns, evalueringsverslae van opleidingsinstellings, terugvoer van deelnemers en rekords van sport- en kunsorganisasies. |
| Databeperkings | Uitdagings met die nasporing van langtermynuitkomste van opleiding- en ondersteuningsintervensies. |
| Aannames | Die aanname is dat beter toegang tot opleiding en steun tot beter vaardighede, deelname en prestasie in sowel kuns as sport sal lei. Verder is die aanname ook dat voldoende hulpbronne en volgehoue belegging in ontwikkelingsprogramme beskikbaar is. |
| Manier van verifikasie (PVB) | Bywoningsregisters en/of geleentheidsverslag en/of BRS-betaalstrokies. |
| Metode van berekening/ assessering | Telling van die volgende prestasie-aanwysers:<br><br>2.2.1 Getal praktisyns wat aan kapasiteitsbougeleenthede deelneem<br>4.2.6 Getal sportpersone wat aan opleiding deelneem.<br>4.2.7 Getal hoogspresterende sportlui wat gesteun word om op internasionale vlak deel te neem<br>4.6.1 Getal praktisyns wat aan opleiding deelneem<br><br>(Nommering van aanwysers volgens die JPP 2025/26) |
| MTOP-skakel | Inklusiewe groei en werkskepping, verminder armoede en pak die hoë lewenskoste aan. |
| Disaggregasie van begunstigdes | Volgens ouderdom (kinders, die jeug en volwassenes), geslag, geografiese ligging (stedelik, landelik) en soort praktyk (kuns, sport). |
| Ruimtelike transformasie | Prioritiseer opleiding- en steunprogramme in onderbediende of benadeelde gebiede om tot billike toegang tot ontwikkelingsgeleenthede in kuns en sport vir individue in landelike en voorheen benadeelde gemeenskappe by te dra. |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaallikse verslae oor opleiding en ondersteuningsintervensies wat gelewer word, met jaarlikse oorsigte oor die vordering van atlete en praktisyns en die algehele impak van programme op hul ontwikkeling. |
| Gewenste prestasie | 'n Toename in die getal atlete en kunspraktisyns wat opleiding en -ondersteuning ontvang. |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Programbestuurder |

| Aanwysernommer | Uitkomsaanwyser 6 |
|---|---|
| Aanwysertitel | **Werkskepping en ekonomiese bemagtiging in die sport-, ontspanning-, kuns- en kultuursektor** |
| Omskrywing | Hierdie aanwyser hou rekord van die getal werkgeleenthede wat geskep is en ekonomiese bemagtigingsgeleenthede in die sport-, ontspanning-, kuns- en kultuursektor. Hierdie uitsette dra daartoe by om loopbaanpaaie te skep en ekonomiese ontwikkeling te bevorder, en koppel deelname aan sport, ontspanning, kuns en kultuur aan ekonomiese aktiwiteit. |
| Doel | Om die impak van die sport-, ontspanning-, kuns- en kultuursektor op werkskepping en ekonomiese bemagtiging te meet. |
| Hoofbegunstigdes | Werklose jeug en gemeenskapslede. |
| Databron | Sakeplanne van munisipaliteite<br>Departement van Openbare Werke se databasis (Better Data); departementele rekords van dienskontrakte<br>Munisipaliteite dien hul sakeplanne en verslae in<br>Lys van werkgeleenthede<br>Stipendiumrekords (betalings) |
| Databeperkings | Toegang tot nasionale UOWP-databasis. Die nasionale databasis word na die verslagtydperk bygewerk. |
| Aannames | Fondse is beskikbaar<br>Begunstigdes sal in die arbeidsmark opgeneem word.<br>Kapasiteit sal deur die vennootorganisasies verskaf word<br>Terreine ondersteun voortdurend die implementering van die program |
| Manier van verifikasie (PVB) | Sakeplanne en/of maandelikse uitgaweverslae deur munisipaliteite<br>Maandelikse en kwartaallikse verslae en afskrifte van dienskontrakte<br>Lys van name wat deur vennootorganisasies verskaf word<br>Stipendiumrekords (betalings) |
| Metode van berekening/ assessering | <u>Telling van die volgende prestasie-aanwysers:</u><br><br>1.1 (Biblioteek-VT) Getal biblioteekposte deur voorwaardelike toekenning befonds<br>2.1.1 Getal UOWP-werkgeleenthede wat geskep word<br>3.2.9 Getal biblioteekposte met munisipale vervangingsbefondsing gesteun<br>4.3.5 Getal werkgeleenthede in die Ontspanning-program moontlik gemaak<br>4.4.1 Getal werkgeleenthede in die skoolsportsektor (fasiliteitsbestuur) moontlik gemaak<br>4.5.2 Getal werkgeleenthede wat by MOD-sentrums geskep word<br>4.6.2 Getal jeug-in-diens-geleenthede wat geskep word<br><br>(Nommering van aanwysers volgens die JPP 2025/26) |
| MTOP-skakel | Inklusiewe groei en werkskepping, verminder armoede en pak die hoë lewenskoste aan. 'n Bevoegde, etiese en ontwikkelingsgerigte staat |
| Disaggregasie van begunstigdes | Volgens ouderdom (jeug, volwassenes), geslag, tipe werk (voltyds, deeltyds), geografiese ligging (landelik, stedelik) en tipe sektoraktiwiteite (afrigting, administrasie, geleenthede, fasiliteitsbestuur). |
| Ruimtelike transformasie | Prioritisering van werkskepping en geleenthede vir ekonomiese bemagtiging in benadeelde of onderbediende gemeenskappe om te verseker dat die ekonomiese voordele van sport en ontspanning billik versprei word en tot ruimtelike transformasie bydra. |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaallikse verslagdoening oor werkskepping en ekonomiese aktiwiteite in die sport-, ontspanning, kuns- en kultuursektor, met jaarlikse assesserings oor die volhoubaarheid van poste en langtermynuitkomste van ekonomiese bemagtiging. |
| Gewenste prestasie | Toenemende getal volhoubare werkgeleenthede wat in die sport-, ontspanning-, kuns- en kultuursektor geskep is, met meetbare ekonomiese bemagtiging vir gemeenskappe, veral in landelike en benadeelde gebiede. |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Programbestuurders vir Program 2, 3 en 4 |

# BYLAE A: DISTRIKONTWIKKELINGSMODEL

| Gebiede van intervensie | Medium termyn (3 jaar – MTUR) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Projekbeskrywing** | **Begrotings-toekenning** | **Distriks-munisipaliteit** | **Ligging: GPS-koördinate** | **Projek-leier** | **Maatskaplike vennote** |
| Kaapse Wynland-distrik | Versoek om opgradering van sport- en ontspannings-fasiliteite – opgradering van kleedkamers by Van Zyl-sportterrein. | R619,272.37 | Kaapse Wynland Distriks-munisipaliteit | Van Zyl-sportterrein Breedteligging: -33° 47' 59.99" S Lengteligging: 19° 52' 59.99" E | Direkteur Sport-bevordering | Kaapse Wynland Distriksportraad |
| Kaapse Wynland-distrik | Bladvernuwing van netbalbane en installering van plaveisel. | R 300,000.00 | Kaapse Wynland Distriks-munisipaliteit | Klapmuts-sportfasiliteit | Direkteur Sport-bevordering | Kaapse Wynland Distriksportraad |
| Kaapse Wynland-distrik | Installering van spreiligte en veeldoelige bane | R 957,227.63 | Kaapse Wynland Distriks-munisipaliteit | Bella Vista-sportterrein Breedteligging: -33° 22' 8.00" S Lengteligging: 19° 18' 39.42" E | Direkteur Sport-bevordering | Kaapse Wynland Distriksportraad |
| Tuinroete-distriks-munisipaliteit | Buitemuurse gimnasiumtoerusting | R 323,500.00 | Tuinroete-distriks-munisipaliteit | Uniondale-sportterrein Ligging: Wes-Kaap Breedteligging: 33°39'19.1" S Lengteligging: 23°07'22.88" E | Direkteur Sport-bevordering | Eden Sportraad |
| Tuinroete-distriks-munisipaliteit | Provinsiale Tesourie en die DKES sal verdere samesprekings hou oor die aangeleentheid rakende 15% BTW wat betaalbaar is aan die SAID op munisipale oordragte vir biblioteek-funksies of alternatiewelik die afskaal van biblioteekdienste. | Geen begroting is deur munisipaliteite vir BTW-betalings toegewys nie. Die Departement is in gesprek met Tuinroete-munisipaliteite oor die verskaffing van openbarebiblioteekdienste in die gebied. | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. |

## BYLAE B: IKT

| Strategiese uitkoms | Beskrywing van die digitaliseringsintervensie | Verantwoordelike leidende departement of tak | Teiken 2029/30 |
|---|---|---|---|
| **Toenemende deelname en aktiewe betrokkenheid by lees, ontspanning, sport, kultuur, kuns en erfenis dra by tot beter persoonlike welstand en algehele gemeenskaps-gesondheid. (Deelname)** | Implementeer en bevorder die Gimnasiumbestuurstelsel om toegang tot die Wes-Kaapse Regering se gimnasium beter te bestuur op grond van globale tendense. | Program 4: Sportbevordering | 2025-26: Stelsel sal funksioneel wees<br>2026-27: Monitering van stelselfunksionaliteit<br>2027-28: Monitering van stelselfunksionaliteit/ evaluering en versterking<br>2028-29: Monitering van stelselfunksionaliteit<br>2029-30: Monitering van stelselfunksionaliteit |
| **Maatskaplike insluiting en lewenslange ontwikkeling word bevorder deur platforms wat toegang tot kennis en betrokkenheid versterk en tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe aanleiding gee. (Platforms)** | Gratis toegang tot die internet en elektroniese hulpbronne deur openbare biblioteke wat toegang tot kennis en betrokkenheid verbeter. | Program 3: Biblioteekdienste | 2025-26 Junie 2025<br>Projekinisiëring Beskrywing van mylpaal<br>2026-27 Junie 2026<br>Stelsel voltooi en toeganklik vir die publiek<br>2027-28 Junie 2027<br>Monitering van stelselfunksionaliteit/ evaluering en versterking<br>2028-29 Junie 2028<br>Monitering van stelselfunksionaliteit<br>2029-30 Junie 2029<br>Monitering van stelselfunksionaliteit |
| | Wes-Kaapse Geleenthede-portaal om digitale toegang tot inligting, dokumentasie en geleenthede in die kuns-, kultuur-, sport- en ontspanningsektor te vereenvoudig. | HD: Sport en Ontspanning, Sportbevordering, Groot Geleenthede | 2025-26: Voltooide en aktiewe platform<br>2026-27: Monitering van stelselfunksionaliteit<br>2027-28: Monitering van stelselfunksionaliteit/ evaluering en versterking<br>2028-29: Monitering van stelselfunksionaliteit<br>2029-30: Monitering van stelselfunksionaliteit/ evaluering en versterking |
| | Digitalisering van argiefrekords om die langtermynbewaring van argiefrekords te verseker en te sorg dat hierdie rekords aanlyn aan die publiek beskikbaar gestel word. | DKES: Provinsiale Argiefdiens | Getal argiefrekords wat aanlyn vir die publiek toeganklik gemaak word.<br>2025-26: 120 000<br>2026-27: 120 000<br>2027-28: 110 000<br>2028-29: 110 000<br>2029-30: 110 000 |

| Strategiese uitkoms | Beskrywing van die digitaliseringsintervensie | Verantwoordelike leidende departement of tak | Teiken 2029/30 |
|---|---|---|---|
| | 'n Aanlyn opleidingsplatform wat geïmplementeer is om opleiding vir rekordbestuur en registerklerke te verskaf. | DKES: Provinsiale Argiefdiens | Aanlyn kursusse maak dit moontlik dat meer mense deur die aanlyn platform bereik word. Getal opleidings-intervensies wat geïmplementeer is.<br>2025-26: 160<br>2026-27: 160<br>2027-28: 160<br>2028-29: 160<br>2029-30: 160 |
| | Die implementering van 'n webportaal vir die Argiefdiens om toenemende toegang tot argiefrekords te verseker deur hierdie rekords aanlyn aan die publiek beskikbaar te stel. | DKES: Argiefdiens | 2025-26: Bewusmakingsveldtogte om die gebruik van die Argiefportaal te bevorder.<br>2026-27: Monitor die gebruik van die Argiefwebportaal.<br>2027-28: Monitor die getal navrae.<br>2028-29: Monitor die getal navrae.<br>2029-30: Monitor die getal navrae. |
| | Digitalisering van argiefrekords om die langtermynbewaring van argiefrekords te verseker en te sorg dat hierdie rekords aanlyn aan die publiek beskikbaar gestel word. | DKES: Argiefdiens | Verbeterde toegang tot geargiveerde erfenis. |

Kommunikasiehoof
Departement van Kultuursake en Sport
Privaat Sak X9067, Kaapstad, 8000
**Tel:** +27 21 483 9877
**www.westerncape.gov.za/cas**

Engelse en isiXhosa-weergawes van hierdie publikasie is beskikbaar op aanvraag.
**e-pos: Dcas.com@westerncape.gov.za**

Wes-Kaapse
Regering

PR 321/2024
ISBN: 978-1-77997-399-3